

APRIL 2017

Volume 19 | No 4

GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons aanlyn

Visit us online



*Kry jou NAMPO-gids
saam met die uitgawe*

Install 120m of 4m high wall in under 8 hours!

YFEL - A free standing flexible option for dry bulk material separation, such as grain, fertiliser & minerals (pictured below).
A South African designed product for local conditions.



ReMaCon
PRODUCTS CC

ReMaCon Products
Contacts: Christopher Cosgrove
Cell: 082 880 0184
Tel: 011 393 5504
Email: Christopher@remacon.co.za
Website: www.yfel.co.za

Lategan's Sementwerke (Edms) Bpk
Tel: 021 873 1154
Email: sales@lategans.co.za
Website: www.lategans.co.za

The YFEL is movable and fast to erect with a carrier attachment for forklift.
YFEL's can be easily moved around to create or change bunker shape and lengths,
or loaded onto trucks and relocated to other premises.



Ontmoet ons medewerkers...

aSHLEY ERASMUS (grafiese ontwerper by Infoworks) is die afgelope tien jaar verantwoordelik vir die bladuitleg van SA *Graan/Grain*. (Die Maart 2007-uitgawe was die eerste een waaraan hy gewerk het.)

Hy is gebore op Rustenburg, was op Stilfontein in die laerskool en het aan die Hoërskool Tegnies Klerksdorp gematrikuleer waarna hy twee jaar in Londen los werkies (of *cheap labour* soos hy dit noem) gedoen het. Na sy terugkeer na sonige Suid-Afrika studeer hy grafiese ontwerp by die Sentrale Universiteit van Tegnologie in Bloemfontein.

Dié grafiese ontwerper het Maart 2006 by Infoworks se span aangesluit en is sedert 2010 hoof van dié onderneming se grafiese ontwerpafdeling. Dit is vir hom 'n uitdaging om iets nuuts te ontwerp, sy ontwerp en uitlegvaardighede te verbeter en om sy kennis met mede-ontwerpers te deel.

Hy is 'n kranige buitelewe-entoesias en hou van braai, visvang en gholf.

NAMPO Park was op 8 en 9 Maart vanjaar weer die middelpunt van gebeure met Graan SA se jaarlikse Kongres. Graan SA-lede, produsente, regeringsamptenare, landbourolspelers, akademici, vennote en belanghebbendes het saamgetrek om dié jaar se tema "Graanroete vir die toekoms" te bespreek. Op **bladsy 12** gee **ALZENA GOMES** (skakelbeampte: Graan SA) terugvoer oor die gebeurtenis.



Die groot oes wat verwag word, plaas pryse onder druk en die verwagting is dat Suid-Afrika weer vanjaar na 'n netto uitvoerder van mielies sal beweeg. In baie gevalle bly die winsgewendheid van produsente steeds in die weegskaal – ten spyte van die verwagte goeie opbrengste. **LUAN VAN DER WALT** (ekonoom: Graan SA) kyk op **bladsy 44** na bemarkingsmoontlikhede vir die seisoen.



RUTH SCHULTZ (SA *Graan/Grain* medewerker) het op 14 Februarie die eerste fase van die Grain Academy-program wat vir die jaar afgeskop het, bygewoon. In vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat se Besigheidskool en Graan SA is dié sakeleierskapsontwikkelingsprogram in 2013 bekend gestel as 'n platform vir onderrig en interaksie, waar daar gefokus word op die uitdagings wat plaaslike voedselproduksie in die gesig staar. Meer op **bladsy 57**.



Die nasionale koringkultivar-evaluasievergadering is op 8 Februarie vanjaar op Bethlehem gehou waar die komitee bymeekaregekrom het om die resultate te bespreek en aanbevelings vir die 2017-seisoen op te dateer. **DR ANNELIE BARNARD** (LNR-Kleingraan, Bethlehem) skryf op **bladsy 65** oor dié program en die produksiehandleidings wat beskikbaar is.



VOORPUNT



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

as ligte slaper word ek maklik wakker van 'n uil se roep buite of as die kinders in die middel van die nag in die gang afgehardloop kom na die veiligheid van Pa en Ma se bed.

Partykeer is dit vir my lekker om net te lê en luister na die doodse stilte daar buite en die bekende, gerusstellende geluide in die huis: My man wat rustig langs my lê en slaap; 'n bed wat kraak as 'n kind omdraai; die horlosie teen die muur wat stadig die minute verbytik; die fontein wat in die binnehof kabbel; en die hond wat in die gang lê en snork. Jy ken mos die naggeluide van jou huis. Jy is tuis – nie soos op 'n vreemde plek waar elke geluidjie in die donker nag 'n mens jou ore laat spits en laat wakker lê nie.

Op NAMPO Park voel ek ook so "tuis". Toe ek Maartmaand met Graan SA se Kongres daar was, het dit gevoel soos verlede week wat ek daar rondgestap het en foto's by die NAMPO Oesdag vir die tydskrif geneem het. Dié is hoeka om die draai! (*Kyk uit vir ons spesiale uitgawe wat saam met die April-uitgawe uitgepos word!*)

By die Oesdag weet 'n mens mos al presies waar watter uitstaller is wat jy soek; wie die lekkerste sosaties verkoop en onder watter koelteboom jy jou bene 'n bietjie kan laat rus. En as jy iemand met 'n hekprogram sien staan en kopkrap en die terreinkaart al om-en-om draai, beduie jy hulle sommer in 'n japtrap waar die uitstalling is waarna hul soek. As jy boonop 'n Graan SA-lid is, kan jy heerlik gaan ontspan in die ledelokaal – daar sal jy nou éérs tuis voel!

Graan SA Kongres

Maar om terug te keer na Kongres: As jy dit nie vanjaar kon bywoon nie, kan jy in dié uitgawe alles daarvoor lees – van bladsy 12 tot bladsy 42. Die Kongres is in drie hoofsessies aangebied en het afgeskop met 'n aanbieding van mnr Mike Mlengana (Direkteurgeneraal van die Departement Landbou, Bosbou en Visserye) (sien bladsy 22). Verder was die onderwerpe *Graanekononomie en die beleidsomgewing*, *maatstawwe en die Graan SA-toepassing* (App) (bladsy 24) sowel as die *Graanbeleidsomgewing en die impak daarvan op die bedryf* (bladsy 27). Gaan loer gerus ook na die foto-blaaie om te sien wie daar was wat jy dalk ken of lanklaas gesien het (bladsy 12 tot 19).

Verder kan jy ook in die uitgawe 'n oorsig kry van die afgelope vyf jaar se direkte plant-proewe wat by Nigel gedoen is. Die proef met sy behandelings is op 'n perseel wat meer as 10 ha beslaan, aangeplant. Pietman Botha (SA *Graan/Grain* medewerker) verduidelik op bladsy 48 dat dit bestaan het uit 'n konvensionele gedeelte asook die direkte plant-gedeelte waar die gewasse in 0,5 m-rye geplant is. Wisselbougewasse is ook ingesluit en het bestaan uit sojabone en permanente aangeplante weiding.


Poets so lank jou stapskoene – sien jou eersdaags by NAMPO!

Groetnis tot dan.

Estie

MEDEWERKERS vir hierdie uitgawe

Dr Annelie Barnard, Pietman Botha, Jannie de Villiers, dr Eben du Preez, Magda du Toit, Alzena Gomes, dr Pierre Jansen van Vuren, Koos Kirsten, Ben Krog, Corné Louw, Jenny Mathews, Chris Milne, dr Shaun Morris, Learnmore Mwadzingeni, Hestia Nienaber, Cobus Olivier, Ruth Schultz, Hussein Shimelis, Gerrie Smit, Isak Staats, dr Toi T Jsilu, Luan van der Walt, Peet van der Walt en Toit Wessels



INHOUD | CONTENTS

APRIL 2017

GRAAN SA | GRAIN SA

10 Extra mile awarded

TERUGBLIK OP KONGRES | FEEDBACK ON CONGRESS

- 12 Graanroete vir die toekoms...
Kongres 2017 en die pad ná die droogte
- 20 Roete vir die toekoms vasgestel
- 22 The way forward – through the eyes of Mike Mlangana
- 24 Grain mapping: The future for grain production
- 27 The grain policy environment
- 28 Fokus steeds om tot diens van graanprodusente te wees
- 30 Wegbreekessies sit koppe bymekaar oor aktuele sake
in bedryf
- 37 Graan SA se leierskorps soos op 9 Maart 2017
- 40 Erkenning aan bedryfsrolspelers gegee
- 40 Vennote bedank vir hul aandeel in ontwikkelende landbou

- 41 Trofeëweners aangewys
- 42 Borge van Graan SA Kongres

OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 43 Can adjuvants enhance glyphosate efficacy?
- 44 **Graanmark-oorsig:** Bemarkingsmoontlikhede vir die seisoen
- 47 **Inset-oorsig:** Hersiening van die dieselrabat – Tesourie en SAID se voorstelle onder die loep
- 48 Direkte plant-proewe in Suid-Afrika – 'n oorsig oor vyf jaar
- 52 Die produksie van 'n goeie gehalte kalf bekyk
- 54 Screening bread wheat lines for drought tolerance
- 55 Versteekte waarheid

AKTUEEL | RELEVANT

- 57 Jong produsente moet voortou neem
- 58 Seisoenale voorspelling vir die herfs en winter in Suid-Afrika



SPESIALE UITGAWE 2017

- 62 Fokus op opbrengs om koringbedryf te laat herleef
- 62 Tribute to seed company's co-founder
- 65 Nasionale kultivarevaluasievergadering weer gehou
- 66 Grain SA/Sasol photo competition: Learn more about composition
- 68 Goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge in die kollig: Mense as strategiese hulpbron op die plaas

RUBRIEKE | FEATURES

- 4 Graan SA Standpunt: Die graanroete
- 5 Grain SA Point of View: The grain route
- 7 Uit die Woord
- 7 Op die kantlyn
- 70 Wiele vir die plaas: Nuwe Mitsubishi Triton nou 'n klasleier
- 72 E-posse: Die groot sit



Voorblad | Cover

Challenger-spanwerk. Met tegnologie ontwerp vir kapasiteit en produktiwiteit, bied Challenger-rusperbandtrekkers en -stropers winsgewende werkverrigting soos min tydens grondvoorbereiding sowel as plant- en oestyd.

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040
Tel: 086 004 7246
www.grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING (ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans
SA GRAAN/GRAIN, POB 88, BOTHAVILLE, 9660
Tel: 086 004 7246
E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

Dr Dirk Strydom
BESTUURDER: GRAANEKONOMIE EN BEMARKING
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810
E-pos: dirks@grainsa.co.za

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806
E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKTEUR: Estie de Villiers
Tel: 081 236 0534 • Sel: 083 490 9449
E-pos: estiedv@mweb.co.za

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmien Bosch
Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmien@infoworks.biz

GRAFIESE ONTWERP: Ashley Erasmus
Infoworks Media Publishing
Tel: 018 468 2716 • E-pos: ashley@infoworks.biz

DRUKWERK: Typo Print
Tel: 011 402 3468/9

MASSAVERSPREIDING: Prosource
Tel: 011 791 0410

SPOTPRENTTEKENAAR: Frans Esterhuysen

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad
Jurgen van Onselen – Advertensiekoördineerder
Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
E-pos: jurgen@kolbemediaco.za

INFOWORKS MEDIA PUBLISHING – Johannesburg
Ruth Schultz – Advertensie-konsultant
Tel: 081 480 6413 • Sel: 072 855 2450
E-pos: ruth@infoworks.biz

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
Witheritestraat 457
Die Wilgers
Pretoria
0041

Tel: 086 004 7246
Faks: 012 807 3166

Besoek Graan SA by www.grainsa.co.za of skandeer dié QR-kode:



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- *The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produktinligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- *'Advertorials' are paid articles; while 'product information' articles may contain facts on commercial products.*

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepaling van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

STANDPUNT POINT OF VIEW



JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

Die graanroete

Die Graan SA-leierskap het tydens verlede maand se Kongres vir produsente probeer aandui dat 'n hele paar gebeure en omstandighede daarop wys dat die tydperk van die vryemark, soos ons dit leer ken het na die sluiting van al die Rade wat graan gereguleer het, verby is.

Dit hou dalk verband met die droogte, dalk met Brexit of dalk die nuwe rigting wat die Amerikaanse president inslaan. Hoe dit ook al sy, graanproduksie is in 'n tydvak waar daar nie veel bekende paaie is nie. Dit is wat ons as organisasie nou moet soek en vind.

Wanneer 'n mens in die bos stap en daar is nie 'n pad nie, is daar 'n paar belangrike sake wat bepalend gaan wees van hoe die reis gaan verloop. Eerstens moet jy 'n vaste wete hê van waarheen jy wil gaan. Dit het ons as organisasie vasgemaak met ons visie van volhoubare graanproduksie.

Die volgende saak waaraan ek gedink het, is die gevare of plekke waar ons nie wil of kan gaan nie: Dit is die sake waaraan ons as produsente min of niks kan doen nie. Dit is die steil kranse of groot riviere – ek sien dit as die huidige politieke omgewing.

Ons het daarop gelet dat daar tydens die afgelope twaalf maande heelwat verrassings met verkiesingsuitslae was, maar dit is uiters moeilik beheerbaar. Selfs die internasionale ekonomiese omstandighede en die wisselkoers is dinge waaraan Graan SA en sy lede weinig kan doen.

Dan is daar dié plekke wat wel begaanbaar is en waaraan 'n mens iets kan doen: Oor 'n koppie of deur 'n sloot of sommer net 'n paar haak-en-steektakke wegkeer sodat 'n mens daarlangs kan stap. Daarvoor het ons leiers met onderskeidingsvermoë nodig wat weet wat ons moet aandurf en wat ons nie moet aandurf nie.

Die roete deur 'n bos met geen paaie nie, gaan ook nie sonder skrape en seerplekke wees nie, maar as 'n mens vasbyt en verduur, sal ons eendag by die nuwe bestemming aankom.

Dit was presies dieselfde in 1997 toe ons die Rade gesluit het en die wilde tog van die vryemark aangepak het. Leiers het nie presies geweet hoe die pad gaan loop nie, maar daar het uiteindelik 'n pad gekom waarlangs ons gemakliker kon stap.

As ek nou na dít kyk waaraan ons as organisasie saam met ons produsente iets kan doen, kom sake soos beter navorsing en markinligting by my op. Opleiding en ontwikkeling van ons kundigheid is ook belangrike boustone. Al is dit hóé moeilik, moet ons voortbeur – bult op – om die beleidsomgewing te verbeter om volhoubaar te kan produseer.

Dit was uiters bemoedigend dat soveel van die sprekers by Kongres aangedui het wie hul Kompas vir dié nuwe roete is. Ons sal nooit deur hierdie “woestyn” kan loop sonder die wolkkolom bedags en vuurkolom snags nie.

Ons vennote vir die tog waarmee ons besig is, het ook hul ware kleure tydens die 2016-droogte gewys. Dit is hulle wat by ons gestaan het toe die kranse verskriklik steil was. Ek het al in die verlede genoem dat 'n mens nie juis besondere sterk leiers nodig het wanneer dit maklik gaan nie, maar wanneer dit moeilik gaan, salueer ons die ouens en vroue wat hand opsteek om voor te vat.

Dankie ook vir julle wat die rol opgeneem het om ons te bemoedig wanneer dit regtig 'n uiters moeilike dag op kantoor was – al het jy ook 'n taai dag op die plaas gehad. As ons eers weer 'n slag tussen ons eie mense waardeur word en ons wonde versorg is, sien ons weer kans om die steiltes aan te pak om dié roete te vind waardeur ons by volhoubaarheid kan uitkom.

Laastens het die lewe my geleer dat daar maar min plekke is waar dit afdraande of gelyk is – dit is meestal opdraande. Daarom soek ons nie na kort paaie of net afdraandes nie. Dit is óf in die dieptes van die laagtes (die pyn hiervan kan nie so aangaan nie) óf die bergtoppe wat vir ons die inspirasie gee om vorentoe te beur.

Sterkte vir die pad saam met ons. ■

“...graanproduksie is in 'n tydvak waar daar nie veel bekende paaie is nie. Dit is wat ons as organisasie nou moet soek en vind.”



raak ontslae van al die gewone verdagtes

Kompetisie deur gras onkruid verhoed dat kleingraan se volle opbrengspotensiaal kan bereik. Verhoed dat dit gebeur met AXIAL®

1. Beheer 3 van die belangrikste grasonkruid: wilde hawer, kanariegras en raaigras
2. Is ten volle sistemies wat verhoogde effektiwiteit en betroubaarheid verseker
3. Help om onkruidweerstand in jou lande te bestuur

AXIAL®. Die slim manier om grasonkruid te beheer en verhoogde effektiwiteit en betroubaarheid te verseker.



syngenta

LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.

AXIAL® bevat pinoxaden 45g/l (Reg. nr. L8517, Wet nr. 36 van 1947). VERSIGTIG
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685, Tel: (011) 541 4000, www.syngenta.co.za
©Syngenta Ag, 2000.

Uit die WOORD



DS KOOS KIRSTEN

Daar het die afgelope tyd so baie dinge in die wêreld verander. Die veranderings wat die meeste onsekerhede veroorsaak, is die politiek. Nie net hier in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal. Politieke leiers kom en gaan, ander klou weer vir lewe en dood aan hul posisies – baie keer tot nadeel van hul lande en hul mense. Die nuwes wat inkom, belowe groot dinge en hou hulself voor as diegene wat nuwe lig en hoop vir hul volgelinge bring. Tog sien ons op die ou einde so min van hierdie nuwe lig. Soms is hulle maar net soos 'n verskietende ster.

Daarenteen leer die Bybel ons dat daar maar net Een ware lig is. In 1 Johannes 1:5 lees ons dat God lig is en dat daar geen duisternis in Hom is nie. Selfs die son se lig sal eendag uitgedoof word, maar die lig van God sal nooit ophou skyn nie. Hy het sy Seun na hierdie wêreld gestuur as die lig vir die wêreld (Johannes 1: 1 - 14). Christus het die lig van God in die wêreld ingebring om vir ons wat in die duisternis van die sonde leef, nuwe lig en hoop te bring. Waar daar lig is, is daar hoop.

Wanneer 'n mens siek is, kan die nagte baie lank word. Dit is asof die donkerste jou boonop neerslagtig maak; jou beklem en vasdruk. Wanneer die eerste lig begin deurbreek, is dit asof 'n mens weer nuwe moed skep; asof daar 'n verligting oor jou kom. Jy kry weer hoop!

Die môrester kondig die dag aan. Wanneer hy opkom, is die dag nie meer ver nie. Jesus sê dat Hy die blink môrester is (Openbaring 22:16b). Hy het met sy eerste koms die lig van God in die donker wêreld ingebring. Hy sal weer kom, want Hy skyn alreeds as die blink môrester. Wanneer Hy kom, sal die volle lig van die heerlijkheid van die Here in die wêreld skyn.


Hy skyn as die blink môrester. Hy kondig die dag van die Here aan. Daarom kan ons nou reeds met nuwe moed en nuwe hoop die toekoms tegemoet gaan. Geen mens, wie en wat hy ook al is, kan werklik nuwe moed en hoop gee nie. Alleen Christus kan dit doen en elkeen wat in Hom glo, leef in Sy lig. Wie in Sy lig leef, kan nuwe moed skep en kan hoopvol die toekoms tegemoet gaan, want Sy lig verlig ook jou toekoms pad. ■

Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na ostledv@web.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

bybelgenootskap van suid-afrika



Baie geluk aan AT van Niekerk van Steynsrus wat vir die Maart-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.

Op die KANTLYN



Mense

Beste Redakteur

My foon het laat een aand begin lui. Ek het wakker geskrik en gemerk dit is 'n oproep uit Kanada – dr Eugene Brock. Hy woon al 'n geruime tyd daar – agter die kinders aan getrek. Ten spyte van ons gereelde kontak, kon ek hoor hy het oud geword.

Hy het my nommer met dié van een van sy oud-kollegas verwar. Ek het spaarkamer toe gegaan en ons het begin gesels. Hy het begin uitva oor die landbouthoestande, oor die mense in die bedryf – sy Afrikaans is ook besonder goed vir 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner wat al lank uit die land is. Ons het gepraat oor die reën na die droogte, koring, mielies en die hoenders. Eugene was vir jare lank 'n uitvoerende amptenaar in die Premier Groep (hoenders, katoen en koring) en later ook lid van die Nasionale Landboubeoordelingsraad (NLBR), voorsitter van die Koringforum en 'n Wintergraan trustee.

Hy is 'n kompeterende sporttoesias en so het ons oor die swak rugby gekla en ons saam oor die krieket verheug. Hy ondersteun die WP en ek die Vrystaat. Dit is eers toe ek oor die Bosveld begin praat en die Wildtuin se voëls

en diere dat ek die heimwee in sy stem kon hoor: "Jannie, ek verlang na Suid-Afrika. 'n Groot boom se wortels word nie maklik uitgetrek nie," het hy voortgegaan.

Ek kon hoor hoe hy die onderwerp verander om die pyn te ontduik. Ja, hy het laas vertel sy vrou is oorlede en dat sy kind geskei is en die kleinkinders nie meer daar naby bly nie – dit is net nie moontlik om nou op 82 weer terug te kom Suid-Afrika toe nie. Hy is goed versorg en gesond, maar hy verlang.

Hy het verneem na die welstand van die "ou manne" – ek het geluister en geantwoord soos ek kon. Ek moes die volgende oggend om 05:00 lughawe toe ry vir 'n streeksvergadering, maar Eugene het bly praat. Hy is nog besig met sy beeldhouwerk en maak veral Xhosa-vroue – hy het in die Oos-Kaap grootgeword, onthou ek. Elke vraag wat ek gevra het, is beantwoord, maar elke keer het hy die gesprek teruggeswaai na Suid-Afrika toe. Sy hart is hier; sy lyf is daar.

Toe ons na 28 minute afgelui het, het ek weer oor oom Fanie van Zyl se gesegde, "n Stille aanvaarding en berusting van die onvermydelike" gedink.

Eugene verlang na die voëls, diere en mense van sy land, Suid-Afrika. Die geduld en aanvaarding van sy omstandighede is 'n navolgenswaardige voorbeeld en my bydrae om hierdie pyn te dra, is brokkies nuus oor dit wat nog elke dag in sy hart leef. Watter voorreg is dit nie om in jou vaderland te mag woon en dit te geniet nie – alles ten spyt.

Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA



Goeiedag, Kleinneef!

Ek hoop dit gaan sommer voor die wind met jou.

My pa, Evert van Eeden van Wolvepan naby Gerdau (Lichtenburg-streek), het hierdie storie oor 'n operasie geskryf en ek het dit 'n bietjie aangepas.

Met vriendelike groete

Ilze Ludick

Die operasie

"Nee kyk," sê oom Groot Koos terwyl hy sy koffie behaaglik slurp. "Ek het al baie kere met boerdery my dinges gesien, maar nog nooit soos daardie dag in die hospitaal se badkamerspieël nie."

"Nou hoe so, Oom?" vra ek toe gemaak belangstellend. Oom Groot Koos sit sy koffiebeker tydszaam neer en ek besef te laat: Hier's moeilikheid. Ek sal dalk my volgende afspraak moet kanselleer. Vandag gaan ek nie maklik gif verkoop kry nie, want oom Groot Koos is lus vir gesels. En hy het tyd...

"Vrou, maak ons bekere vol en bring vir die mannetjie beskuit. Ek gaan hom my storie vertel," beveel hy.

Tant San sit die bak anysbeskuit voor my neer. Sy skink koffie uit die koffiemasjien. Die moderne apparaat lyk so ontuis in hierdie ou plaaskombuis soos 'n vis in die woestyn. Miskien 'n geskenk van die kinders of kleinkinders, dink ek.

Tant San trek die suikerpot nader en ek keer vinnig: "Geen suiker nie, dankie Tannie. Ek *bant*." Netnou se soet koffie laat nou nog my keel brand.

Ek kan sien die tannie het nie 'n idee wat die *Banting*-dieet is nie. "Reg," antwoord sy en roer vir my drie lepels suiker in. Haar dik boarms bewe terwyl sy melk in ons bekere gooi. Op hierdie plaas is daar nie 'n ding soos etiket nie, dink ek en glimlag.

Ek staal myself en vat 'n sluk van die stroopsoet koffie. "Lekker koffie, dankie Tannie." Ek hét darem maniere. Ek hoop oom Groot Koos het intussen vergeet van die storie wat hy wil vertel, want ek moet oor 'n uur by die volgende boer wees. Maar hy skuif homself reg op die harde kombuisstoel.

"Ja, dit was daar in 1984. Die jaar toe dit so droog was. Ek kry mos 'n effense pyntjie net daar bokant 'n mens se *exhaust system*, jy weet? En die vrou boender my in die kar in en vat my dokter toe. Terwyl hy my so ondersoek, vra die dokter my uit na die boerdery. Dit is mos maar 'n ongemaklike besigheid, jong!

"Maar voor ek nog kan antwoord hoe dit met die stukkie grondjie gaan, sê hy toe ek het 'n gewas. Die ou vrou *pass* amper uit toe sy dit hoor. En daar *pass* hy my toe aan na die spesialis toe.

"Sommer die volgende dag al is ek in die hospitaal opgeneem. Na ek natuurlik my *deposit* betaal het. Hulle gee my toe 'n bed in die saal waar die langtermyn-sieklikes aangehou word.

"Jong, ek sak nog so lekker in die wit lakens weg, toe kom die spesialis en sê: 'Maak jou tuis, ons *check* net gou die messe en die lemmetjies.' Sê my, hoe sou jy gevoel het as dit jý was wat daar moes lê – uitgelewer aan so 'n ou se genade?"

"Sjoe, nee, ek weet nie, Oom. Maar hulle weet mos darem wat hulle doen..." probeer ek halfhartig troos. Die oom kan darem aandik!

"Almaskie," val hy my in die rede. "Het jy al gehoor hoeveel mense gaan dood onder operasie?"

Ek besluit om maar liewer stil te bly. Hoe meer ek saampraat, hoe langer gaan hierdie storie vat. En 'n halfuur is klaar verby.

"Elk geval," hervat oom Groot Koos, "die *nurse* bring toe vir my so 'n halfklaar toga om aan te trek – so 'n witte. Jy kan met hom gaan preek, solank jy net nie hoef om te draai nie. En hulle sit vir my so 'n mussie op – dit lyk of ek met mening gaan deeg uitrol en koek bak.

"Een *nursie* kom met 'n klein *tot*-glasie en 'n wit pilletjie en sê ek moet sluk. En 'n rukkie later begin ek so l-e-e-e-kker voel. Twee sulke geheimsinnige anties wat nie heeltemal soos *nursies* lyk nie, kom in met 'n trollie en sê ek moet spring, hulle dryf die kar slagpale toe. Maar hoe spring jy met 'n lekker lyf, Boetman?"

"Haai Pappa, hoe kan jy nou só vir die kind vra?" protesteer tant San.

My gedagtes dwaal na my jong dae en ek weet ek kan vir die oom 'n hele paar voorbeelde noem, maar ek hou my ernstig. Hier wil ek nog vanmôre 'n bestelling skryf, ek kan nie die oom kwaad maak nie.

"Nee sowaar, Oom, dit kan nie maklik wees nie," sê ek maar.

"Presies," beaam oom Koos. "Ewenwel, toe ek daar op die trollie wegy, lyk dit vir my so al asof my ou wederhelf solank sit en dink wat sy met die polisdink gaan doen, as ek dalk nie terugkom nie..."

"Hoor nou," lag die tante verleë, "na alles wat ek al opgeoffer het!"

Ek kan hoor sy praat van meer as die hospitaal toe-ganery: Droogtes, veevrektes, haelskade, stofstorms...die swaarkry lê in diep lyne op haar gesig. Ek kyk na haar hande – groot, growwe hande wat ken van beskuit bak, hanskalkers grootmaak en hoenders slag. Die vrou in hierdie kontrei moet hârd wees en senuwees van staal hê.

"Die plek waar ek toe na die slagting wakker word, het my baie aan die uitgangkamer by 'n slagpale laat dink," hervat oom Koos sy storie. "Dis nou waar jy die bees of varkie ophang na jy hom klaar geslag het. Dan staan jy so terug en bekyk hom so krities op 'n afstand. Nou ja, die susters het ook so gemaak."

Ek kan nie help om te glimlag oor die oom se vergelyking nie. Dis nou tipies boer, dink ek.

"Toe ek my ooglid oplig, word ek in 'n ander saal gestoot om te sien wat van my gaan word: Watter een gaan die eerste die oorhand oor my kry – die siekte of die bankrotskap!"

"Ai, Oom, dis rof!" Ek kyk ongemerk op my horlosie: tien oor elf. Ek is klaar laat vir my volgende afspraak.

"Maar wat ek nou eintlik wil vertel, is van die episode met die spieël," sê oom Koos.

Nou kan ek nie langer wag nie: "Askies Oom, kan ek net gou 'n oproep maak? Ek wil net my volgende afspraak 'n bietjie aanskuif."

"Jong, julle agentjies wil ook net geld maak. Ja man, bel. Vrou, bring daar nog koffie!"

Toe ek terug is in die kombuis, staan daar alweer 'n stomende beker vars koffie. Sweerlik net so soet soos die vorige twee. Van môre af sal ek nóg minder moet eet.

Oom Koos gaan aan asof niks gebeur het nie. "Hulle het vir my en die ou langs my op dieselle plek geopereer. Al verskil was die grootte van die gat. Toe die vleis-*mechanic* later die dag omkom en ons hom uitvra, toe sê hy die ander ou se gat is so groot soos 'n ghwarriegat en myne so groot soos Kimberley se gat. Toe verstaan ons!

"Maar ek wou self sien hoe lyk die wond, want die susters het geswyg soos die graf en wou nie vir my 'n spieël vashou sodat ek kon kyk nie. Ek was ook nog nie bankrot genoeg om my dinges sonder 'n spieël te sien nie!

"In die badkamer was net so 'n hogere spieël vir skeer en tandeborsel. Ek sien toe 'n wit *commode* op wieletjies. Versigtig bekruip ek die *commode*. Ek sou moes mooi klim sodat ek nie val en die gat nog groter maak nie!

"Toe ek uiteindelik bo is, sien ek, ek staan met my voorkant na die spieël toe! Toe moet ek weer omdraai. En die stoel ry met my rond...na 'n hengse gespook staan ek toe uiteindelik stertkant spieël toe.

"Boeta, dit was 'n gesig wat ek nooit sal vergeet nie! 'n Groot, gapende gat, met 'n wit ding wat daar uithang. Ek dag eers dit is 'n dermatoloog. Ek het só groot geskrik dat ek beginne bewe en net swart voor my sien. En ek besef, nou sal ek die suster moet bestel, want hier gaan ek vandag dubbel en dwars my alie sien."

Ek probeer die patetiese figuur in my gedagtes sien: Bleek en verskrik, met 'n boepmagie en die "derm" wat so agter uithang.

"Ek het so benoud en ellendig gevoel, dat ek skoon van die res van my anatomie vergeet het!" sê die oom asof hy my gedagtes kan lees.

"Toe ek uiteindelik na die gespook weer veilig in my bed is, kom die fris suster nader met 'n paar meter tou en 'n braaitang – om die wond mee te stop.

"Maar hoekom is die wond dan nie toegewerk nie?" vra ek. "En ek voel weer die duiseligheid wat soos 'n groot golf op Durban se strand oor my gespoel het netnou daar voor die spieël.

"Sy mompel iets van 'infeksie' en 'self toegroei'. Toe die gat vol tou is, giet sy so 'n paar liter 'battersuur' in die wond uit. Ek sê vir jou dit brand HEL in hoofletters uit jou uit. Dit maak glo die kieme dood. Elke oggend en aand moes ek deur hierdie trauma gaan. Ek voel later soos 'n vlakhaas in 'n wip – jy weet wat kom, maar jy kan nêrens heen gaan nie.

"Terwyl my konstitusie so brand, vra ek haar een oggend hoe lyk die wond nou. Sy sê: 'Baie geluk, jou gat lyk mooi!' Eers na 'n ruk snap ek wat sy bedoel. Sy meen die lelike gat lyk mooi omdat hy al so mooi herstel het.

"Wys jou, Boetman, dit hang net af vanuit watter hoek jy na 'n situasie kyk! Nou weet ek niks is erger as om jou alie in 'n hospitaal se spieël te sien nie. Nee, nie eers die kwaaieste droogte sal my ooit weer só moedeloos hê nie!"



Beste Kleinneef

Ek het jou brief oor Vonkpos in die SA Grain/Graan gelees en dit baie geniet. Ek het Vrutjie gevra om dit ook te lees en sy het dit net so geniet. Ek weet ons gaan jou brief 'n paar keer oorlees.

Die skets van Frans Esterhuysen is baie mooi – 'n mens kan sien hy is 'n kunstenaar.

Baie dankie vir jou brief – wat baie herinneringe oproep het – en vir die positiewe boodskap. Ons waardeer dit!

Groete uit die Wes-Transvaal

David en Joyce Labuschagne



Pestilensies

Beste Kleinneef

Muskiete, muskiete, muskiete...Daar is na al die lekker reën meer as genoeg van hierdie klein pestilensies om 'n mens te irriteer. Daar is al selfs 'n gedig oor hulle geskryf: "...Pardoef, dis mis. Daar gaan hy weer, maar dood sal hy sowaar ek sweer..."

Maar weet jy dat dié goedjies nogal interessant kan wees? Gaan lê maar op jou bed en maak of jy slaap. Ja, hulle weet of jy slaap of nie. As jy so lê, dan kom vlieg hy aspris by jou oor verby om te kyk of jy nog reageer. As jy na hom sou klap, gaan sit hy êrens en wag dat jy moet slaap. Dan kom doen hy weer sy slaaptoets en as jy nie reageer nie, kry hy bietjie hoogte en dan gly hy geluidloos deur die lug en kom land op jou.

As jy nou slim is en sy weë beter wil leer ken, moet jy 'n stywe dop wegslaan voor jy gaan lê. Maak dit sommer 'n dubbel.

Nou hou jy hom dop. As hy klaar sy toetse gedoen het en op jou kom land het, sal jy sien hy trap vir 'n wyle so 'n bietjie rond tot hy die regte plek na sy sin kry en dan steek hy sy tong diep in jou vleis in en jy sal sien hoe sy lyfie rooi word van die kosbare boerebloed wat sommer so uitgesuip word.

Wat hy natuurlik nie weet nie, is dat daar nou 'n persentasie alkohol is wat hy saam met die boerebloed inkry. Let nou mooi op: As hy sy tong uit jou vleis uittrek, sal jy sien hy is klaar onvas op sy voete en as jy mooi kyk, sal jy sien sy oë is ook rooi – net soos sy lyf. Dan weet jy sommer hy is goed gekoring.

Let nou op: Sy optrede raak nou byna menslik. Party slaat neer en skop met die pote in die lug. As jy superonies ore het, sal jy hoor hoe hy tjank. Hulle noem dit dronkverdriet.

'n Ander een sal sy tong uit jou vleis uitpluk. Sy vuis vir jou wys en dan nog op jou vel spoeg ook, want hy is nou baie sterk. As jy nou superonies ore gehad het, sou jy skaam gekry het vir die taal wat hy gebruik. Dan trek hy weg met só 'n spoed dat dit lyk of hy 'n gat deur die muur wil vlieg.

Jy sou hoor hoe hy die muur met 'n slag tref en terwyl hy na die vloer stort, sou jy duidelik kan hoor hy skreeu: "Mayday, Mayday, Mayday!"

As jy nou die moeite doen om te gaan kyk, sal jy sy wrak daar op die vloer sien lê. Ongelukkig is daar na al die drama net één minder...

Groetnis!

*Leon von Caues
Hertzogville*

Gee gerus jōu mening van die kantlyn af:



estiedv@mweb.co.za



083 490 9449



Goeiedag

Ek het vanoggend 'n opgewondenheid in my hart wat ek net moet deel! Na die verskriklike droogte van die vorige seisoen is hierdie foto van ons plaas soos dit vanoggend lyk, vir my so mooi.

Ons plaas se naam is Kanaän...land van melk en heuning. Vandag het die Here weer eens vir ons bevestig dat Hy steeds in beheer is van Sy skepping.

Ek is bevoorreg om hier te bly.

Groete

Leentjie Thomson (Senekal)

Ns. Ek geniet altyd die SA Grain/Graan-tydskrif van my man.

Leentjie het die e-pos einde verlede jaar ingestuur – nog voor die groot reën van Januarie en Februarie geval het. – Red.

Extra mile awarded

MAGDA DU TOIT, corporate engagement and communication manager: Monsanto SA

At a gala event held in Johannesburg on Friday 10 March, Monsanto SA acknowledged the contributions made by individuals and teams towards the business during the past year. These awards are made annually and focus on the above and beyond efforts towards reaching company goals and success by teams as well as individual team members.

'It is an honour to work with teams like these who go the extra mile, often in difficult circumstances,' said Mr Kobus Steenekamp

(managing director: Monsanto SA). During the award evening Monsanto SA also gave special recognition to Grain SA for their actions and contributions towards the agricultural industry. ■

- ▲ **1: Gyanendra Shukla (Monsanto Africa lead), Jannie de Villiers (CEO: Grain SA), his wife Retha and Pieter Smit (marketing lead: Monsanto SA).** Photo: Helenus Kruger
- ▼ **2: Gyanendra Shukla, Jane McPherson (manager: Farmer Development, Grain SA) and Pieter Smit.** Photo: Helenus Kruger



Geelmielies

Nuwe kultivars

DKC71-44B
DKC71-42
DKC74-74BR
DKC74-26R
DKC68-56R
DKC68-58BR
DKC64-54BR
DKC65-52BR

Bestaande kultivars

DKC80-40BR GEN
DKC80-12B GEN
DKC80-30R
DKC62-80BR GEN
DKC64-78BR GEN
DKC73-76R
DKC62-84R
DKC73-74BR GEN
DKC73-70B GEN
DKC73-72
DKC80-10
DKC61-90
DKC61-94BR

DEKALB® EN JY ...

... saam vorm jul 'n vennootskap van kennis wat sal sorg vir die regte kultivarkeuse wat aan jou behoeftes sal voldoen. Met **DEKALB®** as deel van jou boerdery is dit maklik om trots te voel op dit wat jy doen. Boonop weet jy dat Monsanto deurentyd dáár is vir jou. Ons doen voortdurend navorsing om ons reeds uitstekende **DEKALB®**-kultivars te verbeter sodat ons mielibasters ooreenkomstig jou behoeftes kan lewer. Ons tegnologie en navorsing, gerugsteun deur professionele diens en advies, dra by tot jou volgehoue sukses. Só oortref ons jou verwagtinge keer op keer.



Kontak ons gerus by: **011 790-8200** of customer care.sa@monsanto.com

- www.monsanto.com
- www.facebook.com/MonsantoCo
- www.twitter.com/MonsantoCo

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



Dow AgroSciences is proud to be associated with world class farmers

IDENTIFY THE FOLLOWING 4 WEEDS CORRECTLY AND SHOW US THAT YOU ARE A WEED MASTER



YOU COULD WIN A R10 000 CASH PRIZE!

TO SUBMIT YOUR ANSWERS

visit www.ARYLEXWEEDMASTER.com

or scan the **QR Code** with your smartphone



ARYLEXTM ACTIVE

Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd. Reg. No. 1967/007147/07

Paarl (021) 860 3620 • Pretoria (012) 361 8112 • Emergency No. (032) 533 0716 | 082 887 8079 • Private Bag X 160, Bryanston, 2021 • www.dowagro.co.za

Follow us on Facebook at www.facebook.com/DowAgroSciencesZA



Dow AgroSciences

Solutions for the Growing World

© TMTrademark of The Dow Chemical Company ("Dow") or an affiliated company of Dow



▲ 1: Graan SA se leierskapkorps wat Kongres 2017 voorgegaan het: Preline Swart (visevoorsitter), Nico Vermaak (bestuurder: Korporatiewe Dienste), Jaco Minnaar (voorsitter: Graan SA), Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder) en Andries Theron (visevoorsitter).

Graanroete vir die toekoms...

Kongres 2017 en die pad ná die droogte

ALZENA GOMES, skakelbeampte, Graan SA en foto's: **ESTIE DE VILLIERS**, redakteur: SA Graan/Grain en **CHRIS MILNE**, Infoworks

NAMPO Park was op 8 en 9 Maart vanjaar weer die middelpunt van gebeure met Graan SA se jaarlikse Kongres. Graan SA-lede, produsente, regeringsamptenare, landbourolspelers, akademici, vennote en belanghebbendes het saamgetrek om dié jaar se tema *Graanroete vir die toekoms/Grain mapping the future* te bespreek. Dié graanroete vir die toekoms het dit ten doel om weg te beweeg van onsekerheid en met seker tree die pad vorentoe aan te durf...na volhoubaarheid en sukses.

Die Kongres is in drie hoofsessies aangebied en het afgeskop met 'n aanbieding van mnr Mike Mlengana (Direkteur-generaal van die Departement Landbou, Bosbou en Visserye [DAFF]) wat op *Beleidsriglyne na afloop van die Phakisa-bepanning* gefokus het. Verder is die temas *Graanekonomie en die beleidsomgewing, maatstawwe* en die *Graan SA-toepassing (App)* sowel as die *Graan-beleidsomgewing en die impak daarvan op die bedryf*, bespreek.

Graan SA se voorsitter, mnr Jaco Minnaar, is onbestrede herkies en word deur nuutverkose visevoorsitters mnre Derek Mathews en Ramodisa Monaisa ondersteun. Die bestuurspan is gereed vir die taak wat voorlê en sal fokus om ten alle tye die belange van Graan SA-lede te bevorder en te beskerm.

In die oudiovisuele voorsittersverslag het Minnaar en mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) die uitdagings van 2016 aangespreek, tesame met die wete dat verandering onafwendbaar is. Hulle het klem daarop gelê dat produsente, sowel as die organisasie, aanpasbaar moet wees om met die veranderende omgewing tred te hou.

Verder het hul die voorafgaande jaar se hoogtepunte uitgelig en die strategiese fokus van die organisasie vir die komende jaar beklemtoon. Die verslag het klem gelê op die impak van klimaatsverandering en die nuwe fokus van navorsing waar die droogte gebruik word om verstellings aan strukture en bestedingspatrone te maak.

Die impak van die droogte op die waardeketting het sy eie uitdagings gebied en tussen die droogte en die politieke omgewing moes 'n nuwe pad vorentoe gevind word. Met hierdie uitdagings het die privaat sektor en landboubesighede na die tafel gekom en produsente bygestaan met terugbetalingstermyne, sowel as fondse vir dié landbou-ontwikkelingskantore waar dit die nodigste was.

Die verslag het afgesluit met die essensie van eenheid in landbou en alhoewel bedrywe die voortou neem, moet georganiseerde landbou die produsent op grondvlak vestig. Die groter behoefte van kommersiële en opkomende nuwe era-boere is dieselfde en Graan SA sal steeds fokus om meer geïntegreerd te word met die oog op die toekomstige uitdagings.

DAFF verbind tot samewerking

Kongres se openingstoespraak deur Mlengana het drie areas van kommer in Suid-Afrikaanse landbou uitgelig, naamlik eenheid, transformasie en die bydrae van die landbousektor tot ekonomiese groei.

Mlengana het bevestig dat die DAFF-leierskap één is met betrekking tot die inklusiwiteit van landbou en dat die sektor nie vorentoe kan beweeg ten koste van ander nie.

Die departement het 'n gebrek aan 'n oorhoofse kommersiële strategie vir landbou blameer vir die ongeveer R9 miljoen se besteding waarvoor daar nie rekenskap gegee kan word nie, sowel as die mislukking van 'n omvattende ondersteuningsprogram vir produsente oor die afgelope vyf jaar en homself verbind tot die regstelling van dié beleid van onsekerheid.

Hy het produsente verseker dat alle Suid-Afrikaanse produsente moet bydra tot die ontwikkeling en evolusie van die landboustrategie en dat beplanning vir produsente nie meer sonder hulle sal plaasvind nie. Die DG het sy toespraak afgesluit met die bevestiging dat sy departement daarop sal fokus om strukture te skep wat vennootskappe moontlik maak en om geld te belê waar berekende resultate verkry kan word.

Die DG het 'n beroep op produsente gedoen om vennootskappe tussen produktiewe plase en hul buurplase te sluit – 'n móét vir transformasie in die landbousektor. Mlengana het produsente aangemoedig om kleinskaalse boere in hul besighede te integreer, aangesien hul mekaar nodig het. Geen regeringsbeleid sal slaag indien kommersiële en kleinskaalse boere nie saamstem nie.

Alhoewel opleiding 'n uiters goeie begin vir die transformasieproses is, het die DG bevestig dat plase aan diegene met 'n passie vir landbou verkoop moet word en dat die doelwit om kleinskaalse boere te bemagtig om volwaardige kommersiële produsente te word, steeds van krag is.

Graanekononomie die toekoms in

Prof Ferdi Meyer (direkteur: Buro vir Voedsel- en Landboubeleid [BFAP]) het tydens sy voorlegging die toekoms van graan- en oliesadeproduksie in Suid- en Suider-Afrika voorgelê. Hy het onder meer die langtermyn-tendense vir areas wat in Suid-Afrika geplant word, bespreek en volhoubaarheid oor die lang termyn beklemtoon.

Megatendense wat lei tot onderliggende veranderinge in die landbou-omgewing is behandel en daar is benadruk dat 'n omvattende landbousensus en grondoudit wat die algehele sektor sal bevoordeel, benodig word om beleidmakers in staat te stel om behoorlike strategiese beplanning te doen.

Die Graan SA Landbou-ontwikkelingspan, wat in staat was om 3 000 lande van kleinskaalse produsente te karteer, is deur Meyer geprys. Dié data en inligting kan nou aangewend word om vorderingverslae van onkruid- en plaagbestuur te genereer, sowel as om die algehele omstandighede van oeste op die spesifieke plase waar te neem en die essensie van waarvoor en hoe hierdie lande gebruik word, te bepaal.

Die inligting bekom deur hierdie inisiatief het die verskillende waardekettings wat in die Suid-Afrikaanse landbousektor bestaan, beklemtoon. Verder beklemtoon die langtermyn-tendens vir kommersiële boerdery in Suid-Afrika dat pryse daal en om in die speelvlak te bly, produktiwiteit verhoog moet word, wat maatstawe, navorsing en inligting absoluut krities maak.



- 2 en 3: Graan SA Kongres 2017 in sitting.
- 4: Ds Quintes Scholtz van die NG Kerk Doringkruin het Kongres op 'n gepaste wyse geopen.
- 5: In die oudiovisuele voorsittersverslag het Jannie de Villiers en Jaco Minnaar 2016 se uitdagings aangespreek, die voorafgaande jaar se hoogtepunte uitgelig en die strategiese fokus van die organisasie vir die komende jaar beklemtoon.
- ▲ 6 tot 8: Moeite word tydens Kongres gedoen om die media NAMPO Park toe te nooi en joernaliste het tydens spesiale perskonferensies geleentheid om vrae aan die bestuurslede en sprekers te vra en opnames te doen.

PLANT met 'n PLAN

Pioneer se Groeipunt® Agronomie-proewe omskep data in sleutelinsigte wat jou help om jou produksie beter te beplan en opbrengste te verhoog.



DIE SAAD VAN SUKSES

Saam met jou van
DIE WOORD
"GO"

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com

© 2016 PHII.

Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.

®, SM, TM Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.

Graanroete vir die toekoms

Prof Meyer het afgesluit dat die sleutelemente om volhoubaarheid te dryf, in konsekwente en gefokusde navorsing- en ontwikkelingsaksies opgesluit is, dat die toekoms van Suid-Afrika in vennootskappe lê, opvoeding en opleiding sleutelemente bly en openbare en privaat sektor-beleggings die toekoms van landbou verder sal ontsluit.

In haar toespraak het dr Marinda Visser (bestuurder: Grain Research and Policy Centre, Graan SA) een van die grootste lesse van die seisoen benadruk in terme van oorgrenssiektes en -peste. Dr Visser het die hantering van die herfskommandowurm bespreek en bevestig dat daar, as gevolg van verskeie faktore, waaronder klimaatsverandering, moontlik meer peste en siektes sal voorkom.

Sy het die noodsaaklikheid van die opskerpings van biosekuriteit bespreek en 'n beroep op graanprodusente sowel as die graan- en saadindustrië gedoen vir beter bewustheid in terme van biosekuriteitsrisiko's, sowel as dat toekomstige addisionele beperkings en biosekuriteitsmaatreëls op die plaas in plek gestel moet word om peste en siektes te stop, of die verspreiding daarvan te verhoed.

Dr Visser het verder bevestig dat ander peste en siektes, soos die dodelike Mielienekrose-siekte (MLND) 'n meer vernietigende impak kan hê – wat dié biosekuriteitsmaatreëls absoluut krities maak.

Graan SA se navorsingfokus is steeds op die verhoging van opbrengste – in die besonder op stapelvoedselgrane – gewasbeskerming, klimaatsverandering, beleids- en regulerende aspekte en bewaringslandbou.

Graan SA-toep

Einde 2016 is Graan SA se eie toepassing (*App*) bekend gestel. Dié toep is deur dr Dirk Strydom (Graan SA se bestuurder: Graan-ekonomie en Bemaking) aan kongresgangers voorgelê.

Die doel van die toep is om vir lede 'n groter voordeel te gee en om 'n uiters belangrike en onmisbare hulpmiddel vir ons lede te wees. Die belangrikheid van *benchmarking* kan nie onderskat word nie – en die gesegde "Om te meet is om te weet" is nou meer van toepassing as ooit.

Die toep bied Graan SA-lede 'n stukkie gereedskap wat die meet-aksie uitvoer en dan inligting weergee wat beter bemerkingsbesluite, sowel as inset-besluite, tot gevolg sal hê. Produsente kan vergelykings per streek en nasionaal tref in terme van plantvoeding, oesomstandighede en oesvoeding.

In die nabye toekoms sal lede ook produksiekostevergelykings kan doen, maar inligting is van kardinale belang en hoe meer produsente deelneem, hoe beter sal die beskikbare inligting wees.



- ▲ 9: Dr Dirk Strydom het kongresgangers ingelig oor die nuwe Graan SA-toep wat beskikbaar is. Die toep bied lede 'n stukkie gereedskap om hul te ondersteun om hulself in die mark te *benchmark* sodat hulle beter bemerkingsbesluite, sowel as insetbesluite, kan neem.
- ▼ 10: 'n Span navorsers het Kongres die Donderdagoggend toegesprek oor die herfskommandowurmploeg wat die afgelope seisoen amok in Suid-Afrika gemaak het en het die kongresgangers meer oor die beheermaatreëls daarvoor ingelig. Voor: Dr Marinda Visser en prof Johnnie van der Berg (Noordwes-Universiteit). Agter: Dr Julian Jaffha (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye), Jan-Hendrik Venter (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) en Annemie Erasmus (LNR-Graangewasse).

- ▼ 11: Christa Herbst (bestuurder: Finansiële Dienste, Graan SA), Fanie van Zyl (voorsitter: Ouditkomitee, Graan SA) en Deon Pretorius (PricewaterhouseCoopers) het verslag gedoen oor die organisasie se finansiële state en ouditeursverslag.
- ▲ 12: Nico Vermaak (bestuurder: Korporatiewe Dienste, Graan SA) verduidelik aan kongresgangers watter stembrieffies vir die verkiesing van Graan SA se nuwe visevoorsitters en hoofbestuurslede ingevul moet word.
- ▼ 13: Jaco Minnaar wens vir Ramodisa Monaisa, wat saam met Derek Mathews as visevoorsitters van die organisasie verkies is, geluk met sy verkiesing.

Graanroete vir die toekoms

Handelsgewing en sy impak op die graanbedryf

Dr Erhard Briedenhann van MIDS het aan kongresgangers die handelsgewing en die impak daarvan op die graanbedryf voorgehou en bevestig dat politieke onsekerheid nie net Suid-Afrikaners beïnvloed nie, maar die res van die wêreld ook.

Dr Briedenhann het verder beklemtoon dat burokrasie en die gemak waarmee besigheidstransaksies beklink kan word, uiters belangrik is vir die suksesvolle beweging van produk wêreldwyd – veral in in- en uitvoermarkte. Invoerbelaasting as sodanig, sowel as die onsekerheid wat gepaard gaan met 'n moontlike verandering in belasting, kan 'n grootskaalse impak op 'n produsent en/of maatskappy wat produkte verskans en verhandel, hê.

Hy het afgesluit met 'n oorsig van die verbruik van kommoditeite wat in Suid-Afrika geproduseer word en bevestig dat indien produsente globaal kompetender wil wees, Suid-Afrika sy uitdagings met betrekking tot logistiek en die koste en doeltreffendheid ten opsigte van die verskuiwing van produkte, onder beheer moet kry.

In aansluiting hierby, het me Gerda van Dijk (Direkteur van die Internasionale Handelsdirektoraat) aan kongresgangers 'n huidige handelsoorsig verskaf. Die uit- en invoere van primêre produkte en die verwerkingsoorsig was ingesluit, met 'n oorsig oor die globale

dinamika wat handel tans beïnvloed – 'n teenreaksie op bilaterale handelsooreenkomste.

Van Dijk het bevestig dat beide Donald Trump se fokus op die beskerming van die Verenigde State, sowel as Brexit 'n invloed op Suid-Afrikaanse handelsooreenkomste sal hê. Verder is die verlangsaming van wêrelddeklarasie bevestig, tesame met die afname van die belangrikheid van tariewe.

Sy het ter afsluiting die belangrikheid van plaaslike handelsooreenkomste bespreek en die regering se prioriteit ten opsigte van die Afrika-kontinent, wat hom ten doel stel om samewerking te bevorder, benadruk. Sodoende kan 'n mark vir produkte geskep word en met een stem – as Afrika – op internasionale velde handel gedryf word.

Die pad vorentoe

Graan SA bedank alle lede, vennote, rolspelers en borge, sonder wie se deelname 'n uiters suksesvolle 2017 Kongres nie moontlik sou gewees het nie. In die komende jaar gaan ons saamwerk om georganiseerde landbou terug te vat na dit wat vir ons lede belangrik is – die fokus op die boerdery.

As bedryfsorganisasie onderneem Graan SA om die punte wat tydens Kongres aangestip is, sinvol te verbind, om daardeur die organisasie te groei en om die boodskap van hoop aan alle produsente oor te dra – ongeag elkeen se uitdagings het Graan SA hoop vir landbou en hoop vir die land.



- ▲ 14: Kongresgangers het weer vanjaar van elektroniese stemtoestelle gebruik gemaak om aan opnames wat Graan SA tydens Kongres gemaak het, deel te neem en hul menings te lug.
- ▲ 15: Die bekende motiveringspreker, Dr David Molapo, van die "I can Foundation", het deur humor, sy aansteeklike verhoogpersoonlikheid en voorbeelde uit sy eie lewe, die gehoor op die punte van hul stoele laat sit. Hy het oor "hoop" – en waarvoor dit staan' gesels. Hier is hy saam met Jannie de Villiers.
- ▲ 16: Kongresafgevaardigdes en -gaste het die Woensdagoggend van vroeg af in die Sampi-saal op NAMPO Park vir Kongres geregistreer,

- terwyl die personeel van die organisasie hul in die proses bygestaan het.
- ▲ 17: Anna Ratshikana (Blaauwbank), Ramoso Pholo (Lombaardslaagte) en Anna Mutloane (Pinnacle Agricultural Holdings, Noordwes Provinsie).
- ▲ 18: Gerhard Keun (Proteïennavorsingstigting), Preline Swart (voormalige visevoorsitter: Graan SA) en dr Jan Dreyer (voorheen van LNR-Graangewasse).



- ▲ 19: Jane McPherson, dr Willie Kotzé en Liana Stroebeel (almal van Landbou-ontwikkeling, Graan SA).
- ▼ 20: Bertus Pretorius (Suidwes Landbou), Andries Groesbeek (Nigel), Dawid Groesbeek (Nigel), Willie Stols (Bothaville), Christiaan Bouwer (Bothaville) en Cyril Long (Welkom).
- ▲ 21: Andries Theron (uittredende visevoorsitter: Graan SA), Cobus van Zyl (Makwassie), Danie Minnaar (voorsitter: Senwes) en Schalk Pienaar (voorsitter: Agbiz).
- ▼ 22: Prof Alan Bennie (Bloemfontein), Benita Bekker (Bloemfontein), Hendri van Dyk (Brandfort), Leroy van der Merwe (Bloemfontein) en George Truter (Bloemfontein).
- ▼ 23: Bernard Rabé (Fochville), Barry van Wyk (Fochville), George Prinsloo (BASF) en Alwyn Dippenaar (Riebeeck-Wes).
- ▲ 24: Voor: Lucky Khumalo (Newcastle), Musa Sibiyi (Amersfoort) en Remember Wiseman Mthethwa (Newcastle). Agter: Phillip Chaka (Sannieshof) en Sizwe Ngwenya (Piet Retief). Ngwenya was ook die Graan SA/Syngenta Kleinskaalse Boer van die Jaar 2016.

- ▲ 25: Voor: Tebalo Makubo (Harrismith), Peter Chabalala (Kestell) en Lekhotla Makoee (Harrismith). Agter: David Maleleka (Harrismith) en Johannes Setshego (Theunissen).
- ▼ 26: Voor: Louis Wessels (Mareetsane) en Pieter Gouws (Mareetsane). Agter: Marnus Bothma (Mareetsane), Naudé Geldenhuys (Setlagole), Fanie van Vuuren (Migdol), Pieter-Renier Nieuwoudt (Schweizer-Reneke) en WP Strauss (Schweizer-Reneke).
- ▼ 27: Ntanaga Mukwevho, Winston Makabanyane en Mongeka Mdeleleni – almal van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (Tshwane).
- ▲ 28: Louw Klynsmith (Reitz), Francois Steyn (Reitz), Junior Ferreira (Bethlehem) en Jaap Strauss (Delmas).
- ▼ 29: Van Daniëlsrus: Japie van Schoor, Corné Bonthuys, Danie Hattingh en Adriaan Maritz.



JOU
DOELWITTE



ONS KUNDIGE
ADVIES

SAAM
BOER ONS VIR
DIE TOEKOMS

PANNAR se besproeiingsbasters handhaaf 'n uitnemende rekord van prestasie in die LNR proewe. Ons ondersteun jou met praktiese advies om die beste opbrengs te behaal. Gebruik dit tot jou voordeel.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



PANNAR[®]

© Geregisteerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/IMAIZE/A/05



Graanroete vir die toekoms



30



31



32



33



34



35



36



37



38



39

SA Graan/Grain dekking van
Kongres 2017

Die SA Graan/Grain redaksie bring hierdie samevatting oor vanjaar se Graan SA Kongres (soos uiteengesit op bladsy 12 tot bladsy 42) aan ons lesers en lede van die organisasie wat nie persoonlik Kongres bygewoon het nie. Dit moet egter geensins geag word as 'n genotuleerde weergawe van Kongres of kongresverrigtinge nie, aangesien laasgenoemde in die amptelike notule weergegee word. ■

- ▶ 30: Niekie van Zyl (Hennenaar) en Andries Pienaar (Virginia).
- ▶ 31: Annette Steyn (DA se skaduminister van Landbou, Bosbou en Visserye), Louis Strydom (Omnia) en dr Erik Adriaanse (Sasol).
- ▶ 32: Ontwikkelingskoördineerders van Graan SA (tensy anders aangedui): Agter: Wandile Ngcamphalala (Grain Research and Policy Centre), dr Willie Kotzé (bedryfsbestuurder: Landbou-ontwikkelingprogram), Jerry Mthombothi, Johan Kriel, Sinelizwi Fakade en Jane McPherson (programbestuurder: Landbou-ontwikkeling). Voor: Liana Stroebeel, Ian Househam, Du Toit van der Westhuizen, Jurie Mentz en Graeme Engelbrecht.
- ▶ 33: Stefan Oberholzer (besturende direkteur: OVK), Gilly Scheepers (voorsitter: OVK) en Neels Ferreira (voormalige voorsitter: Graan SA).
- ▶ 34: Willem Visagie (Porterville), Nicolaas de Villiers (Porterville) en Michiel Smuts (Malmesbury).
- ▶ 35: JanGeorge Pretorius (Sannieshof), Erik van Wyk (Sannieshof), Riaan Brand (Delareyville) en Hanru Brand (Delareyville).
- ▶ 36: Voor: Alzena Gomes (skakelbeampte), Patricia Mahlatsi (administratiewe beampte: Heffings) en Elray Stuurman (ondersteuningsbeampte). Agter: Dirk Kotze (ledebemaking- en kommunikasiebeampte) en Luan van der Walt (landbou-ekonoom) – almal van Graan SA.
- ▶ 37: Van Leeudoringstad: Japie Venter, Lukas Swanepoel, Kobus van Zyl, Gerhard Rossouw en Jan Duminy.
- ▶ 38: Van Graan SA se personeel. Voor: Petru Fourie (navorsingskoördineerder en produksiekoste-analis), Michelle Mokone (landbou-ekonoom) en dr Marinda Visser (bestuurder: Grain Research and Policy Centre). Nydia Odendaal (komiteebeampte), Corné Louw (senior ekonoom: Insette), dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder) en Christa Herbst (bestuurder: Finansiële Dienste).
- ▶ 39: Jaco Minnaar het 'n nuwe tradisie by Kongres begin waar die Hoofbestuurslede die geleentheid kry om uitredende kollegas na afloop van Kongres te groet. ■

Roete vir die toekoms vasgestel



▲ Jy kan ook op YouTube gaan kyk na die verslae.

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

"*Only once we've learnt to truly connect every aspect of life, will we receive the insight to calmly map our journey.*" – Martin May.

Die landboubedryf het gedurende 2016 een van die uitdagendste jare ooit gehad. Ten spyte hiervan – of dalk juis as gevolg daarvan – het boerdery verskeie suksesse behaal.

"Ons het eenvoudig harder gewerk en harder probeer," het mnr Jaco Minnaar, voorsitter van Graan SA, in sy oudiovisuele Voorsittersverslag gesê. "Ons as organisasie het die punte verbind, ons opsies oorweeg en ons roete vorentoe beplan."

Hy het bygevoeg dat verlede jaar se droogte gewys het dat toestande vinnig kan verander en dat produsente en 'n organisasie soos Graan SA aanpasbaar moet wees om tred te hou met 'n veranderlike omgewing. Graan SA het juis die droogte gebruik om volhoubaarheid te meet en aan te pas by die veranderende omstandighede: Daar is gekyk na struktuurveranderinge en besparings in die organisasie.

Produsente is veral noodsaak om nuwe maniere te vind om aan te pas by veranderde omstandighede. Met die droogte moes heelwat produkte na Suid-Afrika toe ingevoer word en dit het gelei tot 'n styging in voedselpryse.

Volgens mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) is een van die voordele dat dit die privaat sektor geforseer het om deur middel van die skenking van fondse (wat deur Agri SA bestuur is) bystand aan produsente in droogtegeteisterde gebiede te verleen.

Die privaat sektor is genoop om die landboubedryf onder die vergrootglas te plaas. Met 2016 se Graan SA NAMPO Oesdag was daar dan 'n rekordgetal besoekers by die Oesdag en Graan SA kon 'n rekordopbrengs realiseer om die leemtes in die organisasie se begroting, wat gelaat is deur produsente wat nie oeste gemaak het nie en daarom nie graan kon lewer nie, te vul.

Insetverskaffers het 'n uiters belangrike rol in die oorlewing en voortbestaan van produsente gespeel. 'n Groot aantal landboube-sighede en insetverskaffers het 'n aansienlike verskil op plaasvlak gemaak en ondersteuning aan produsente gegee. Een voorbeeld hiervan is die substansiële bedrae wat aan Graan SA se Landbou-ontwikkelingsprojek geskenk is toe daardie fondse opgedroog het.

Met die politieke omgewing wat aanhoudend verander en onvoorspelbaar bly, verhoog die druk op die graanbedryf – wat graan-produksie uiteindelik beïnvloed.

Die regering dring aan op vinniger grondhervorming en een van die maniere om dit te realiseer, is om byvoorbeeld die fondse in die graantrusts te gebruik – vir transformasie en om hul eie doelwitte te bereik. Dit het egter 'n geweldige negatiewe impak op

verhoudinge in die trusts gehad. Dit lyk egter of hierdie uitdagings nou uitfaseer en dinge meer normaal begin raak in die bedryf. Die staat het besef dat die geld vir ander sake aangewend moet word.

In dieselfde periode het die statutêre heffing wat aan die Wintergraantrust oorbetal is, tot 'n einde gekom en die koringbedryf moes die toekoms daarvan heroorweeg en die SA Cultivar en Technology Agency (Sacta) is gevorm – waardeur die heel nuutste tegnologie aan produsente gebied kan word ten einde hul winsgewendheid te verseker.

Gemeenskaplike grond sal tussen die regering en die landboubedryf gevind moet word, sodat die bedryf kan floreer en vorentoe kan beweeg. 'n Voorbeeld hiervan is die goeie samewerking wat daar is in die regering se Jobs Fund-projek waarby Graan SA en verskeie insetverskaffers betrokke is.

Kleinskaalse boere wat in die verlede skaars hulle eie huishoudings van voedsel kon voorsien, produseer nou genoeg vir eie gebruik en het selfs ekstra landbouprodukte om te verkoop om 'n wins te maak.

Ander ooreenkomste wat uitstekend werk, is die vennootskap met die Departement van Wetenskap en Tegnologie. Die departement help met fondse en internasionale verhoudinge met regerings om die nuutste tegnologie na Suid-Afrika te bring. Hierdie vennootskap het reeds sukses behaal met beter opbrengste en profyt vir die produsente.

Koringbedryf

Die fokus daarop om die plaaslike koringindustrie te laat herleef, werp vrugte af. In 2016 is die konflik waar kwaliteit van koring oor tyd bly verhoog het, maar navorsing om opbrengs te verhoog, agterweë gebly het, aangespreek.

Ons het graderingskriteria verslap, wat daartoe gelei het dat daar 'n wyer "venster" van verskillende kwaliteite is – wat blyk die produsente en telers se intensie was: 'n Klein bietjie meer spasie en nie 'n totale verlaging in kwaliteit nie, want ons moet steeds die verbruiker se behoeftes bevredig. Ons is nou op 'n meer gelyke vlak om met die Swartsee-lande wat koring na Suid-Afrika invoer, mee te ding.

Die tarief op koringinvoere is nog 'n aspek wat groot aandag geniet het en waar Graan SA groot sukses behaal het. SAID het gereken die publikasie van die goedgekeurde verhoogde invoertarief sou swak politiek wees en het voete gesleep daarmee. Graan SA moes hulle deur middel van 'n hofspraak dwing om te presteer.

Graan SA se skakeling met strategiese vennote baan weë vir die toekoms. SAGL se laboratorium is aansienlik verbeter en uitgebrei en die Graan Akademie het 'n oplewing van belangstelling gedurende die afgelope jaar gehad. 'n Nuwe netwerk van leierskap-ontwikkeling het plaasgevind – met uitstekende resultate.



1



2



3

▲ 1 tot 3: Die voorsitter van Graan SA, Jaco Minnaar, en Jannie de Villiers se verslag aan Kongres is audiovisueel vertoon.

Graan SA besef dat landbou oor tien jaar nie meer dieselfde bedryf sal kan word soos tans nie en dat ons beslis nie meer in afsonderlike rasgroepe opgedeel kan word nie.

Die landboubedryf sal bymekaar moet kom – ongeag ras – en moet saamwerk vir die voortbestaan van voedselveiligheid in Suid-Afrika. Die groter behoeftes van kommersiële en ontwikkelende boere bly dieselfde en landbou kort dus 'n verenigde groep. Dit is juis hier waar die graanbedryf die voortou geneem het.

Om in lyn te kom met die “King-verslae” het Graan SA die afgelope vier jaar prosedures ontwikkel om botsing van belange binne die organisasie te hanteer. Hierdie botsing het ingesluit lede van ons hoofbestuur of werksgroepe wat óf deel is van die bestuur óf groot belange in insetverskaffers, finansierders en afnemers het. Daar sal binnekort 'n komitee aangestel word wat hierna sal kyk

en aan Hoofbestuur aanbevelings sal maak aangaande enige krisis of botsing van belange. Graan SA is 'n demokratiese organisasie met demokraties-verkose leierskap.

Grondhervorming bly egter 'n kopseer en nuwe era-boere onder regeringse plase bestuur, kan nie enige finansiering verkry sonder die bewys van 'n titelakte as sekuriteit nie. Daar is 'n groot aantal plase op die mark ná verlede jaar se droogte, maar bitter min van hierdie plase is deur die regering gekoop. Dit was juis die regte tyd vir die regering om grond te koop vir heelwat minder as wat die eintlike markverwante pryse was. Die regering het egter verkies om dit nie te doen nie.

“In die afgelope jaar moes ons die rem optrek, kalmeer en versigtig luister na mekaar en na God om te hoor wat die graanroete is wat ons in die toekoms moet inslaan,” het De Villiers afgesluit. ■

THE WAY FORWARD

– through the eyes of Mike Mlengana

JENNY MATHEWS, SA Graan/Grain contributor

Mr Mike Mlengana's message was inspired: Firstly by his testimony that his Christian faith is very important to him. He shared his personal encounter with God after an experience which found him in a coma for more than 17 days, even being pronounced dead. He says, 'In the second chance I have, I live to serve.'

Secondly, Mlengana referred to a successful partnership he has with another commercial producer, saying it is not one of a 'previously disadvantaged farmer' with a 'commercial producer', but rather an equal partnership which has enhanced his understanding of the depth of love possible between two human beings.

This relationship which continues today, has convinced him that partnerships must form the foundation of new policy: 'We can partner guys. We can partner as equals.'

Finally Mlengana leaves his listener with a strong sense of his passion for the agricultural sector. It is passion which drives him and at the same time he expects passion to be the driving force in the heart of every land reform beneficiary as well as every other stakeholder in the sector that is seeking solutions towards more successful land transformation.

He immediately set out to establish the root of fundamental flaws like:

- Why is the sector filled with so much uncertainty?
- Why has it been so difficult for producers to get in touch with officials?
- Why, where assistance is being given to a farming enterprise, are the inputs delivered so late in the season?

His early conversations with agri-sector leaders have seen them agree that the policies designed for the agricultural sector will be inclusive. No-one should progress at the expense of another. Mlengana is unapologetic about the fundamental driver for the agricultural sector: 'From a policy perspective we must understand that we are correcting the difference that was created before.'

Land transformation must happen, but it has been impeded by a lack of commercial strategy in the sector. He believes previous strategies were too narrow, focussed in developing smallholder farmers and costing huge amounts of money, to very little effect. He has also despaired over projects like Comprehensive Agricultural Support Programme (CASP) where at least R9 billion was spent, but cannot be accounted for.

Mlengana dismissed past efforts saying there was little to no lasting impact on the lives and enterprises of the beneficiaries. He acknowledged this happened because people were appointed to posts on the basis of political alignment rather than skill, which resulted in 'devastating chaos'.

Background

Mr Mike Mlengana, former president of the African Farmers' Association of South Africa (AFASA), was appointed Director-General of the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF) in July 2016. Mlengana is a Fulbright Scholar with an MA degree in Financial Economics and Economic Development.

He is an experienced commercial producer with a thorough understanding of the agricultural sector and has a particular interest in seeing the successful transformation of smallholder farmers through more effective policies and partnerships.





▲ During his speech he assured producers that ‘...you are all South Africans in my book. You all have to contribute to the development and evolution of the agricultural strategy. No more should I sit in my office and plan for you, without you.’

The Director-General is apparently a man who prefers to look for solutions. He is convinced that it is organisations like Grain SA and producers themselves who will make transformation work – if they can unify and develop a common vision, common values and common goals.

Unity and a single-minded voice from producers, who all face the same problems, will make the difference when it speaks about challenges. Also, it is only when the sector maps its own road ahead and owns the successes and the failures that transformation will progress successfully. There has been too much pushing of projects and programmes that are irrelevant to the sector.

He assured Congress this is changed, ‘I want to assure you that you are all South Africans in my book. You all have to contribute to the development and evolution of the agricultural strategy. No more should I sit in my office and plan for you, without you.’

The danger about a lack of unity is, it creates opportunity for apartheid to be blamed repeatedly for failed land reform, and it allows incorrect perceptions about producers to prevail. So Mlengana also requested the sector to allow the good news to surface more, asserting it’s time to end the negative perceptions.

He recognised the contributions made by producers to villages, schools and their communities, ‘You guys have done some fundamental good things but you fail to highlight them and show government you are a partner in transformation,’ he said.

Mlengana believes a strengthened value chain will strengthen the sector. He blamed the lack of integration for allowing ‘forces from outside’ to create policy. He encourages producers and their organisations to work together to create structures that allow for partnerships. He assured Congress that future recapitalisation programmes will depend on partnerships between commercial producers and black producers and future monies will be invested where there are returns.

Mlengana clearly ‘feels’ the tragedy of failed reform and is deeply distressed by the sight of once productive farms now lying fallow, ‘When you look at them you feel like hiding yourself.’ He is determined that continued focus on recapitalisation will see a shift to enterprise productivity and he will only consider ‘bankable business plans’.

He requested that the sector adopts a proactive approach to transformation. He believes that smallholders need the commercial producers, but producers also need the smallholders, because government policy will be more favourable in the arenas where these partnerships exist.

Transformation is not only training, but equalising; it is unification and mutual acceptance. He assured of a more considered selection process for land beneficiaries: Farms will not be given or sold randomly and ‘non-farmers’ will be eliminated. A producer is born with a passion to farm – no education replaces this.

Mlengana highlighted government’s Vision 2030 (National Development Plan) which aims to boost agricultural output and create up to 1 million jobs. The New Growth Path targets opportunities for 300 000 smallholders plus 145 000 jobs in agro-processing by 2020. Mlengana intends to see increased expertise within relevant departments and greater accessibility, ‘My office is open to you, bring ideas.’

No strategies should be developed at local level without the involvement of agricultural sector stakeholders. His ideal is to have business plans in place which talk to government objectives and are measurable and inclusive.

Agriculture needs to contribute to the economy. To this end there is a fresh focus on building trade relations with countries like China, India, Singapore, Vietnam and other African countries, seeking out markets and growing expertise.

He also assured delegates that his department aims to partner with producers towards realising potential, increasing food security and further empowering smallholder farmers towards full commercial status. He has requested Minister Zokwane to give urgent attention to the issue of land ownership which is presently creating instability and he encouraged producers not to be afraid and to trust the Constitution.

In his response to Mlengana, Grain SA Chairperson Mr Jaco Minnaar expressed appreciation for the open door policy and recognition that producers need to be included in policy planning. He added that this same attitude is not the case in some departments below him. Agriculture can contribute significantly to the economy, but we need support through stable policy to do so – and to fast-track transformation in the sector. ■

Grain mapping: The future for grain production

JENNY MATHEWS, SA *Graan/Grain* contributor

According to Prof Ferdi Meyer (director: Bureau for Food and Agricultural Policy [BFAP]) a continuous process of grain mapping and analysis of the agricultural sector is necessary in order to identify appropriate, measurable benchmarks so as to highlight what makes all South African producers competitive and sustainable in the long run.

As an example, mapping future grain production reveals interesting trends as influenced by numerous 'mega-factors' and reflects a downward trend in white maize plantings as against expansion in yellow maize and soybean production.

Mega trends influencing shifts in the agricultural sector

Urbanisation and rural unemployment:

A challenge or our greatest opportunity?

More people are populating urban areas while the rural population is declining – resulting in two distinct value chains highly commercialised and a rural, informal value chain. There are opportunities in both.

The NDP Vision – inclusive growth and jobs

The National Development Plan (NDP) aims to create 1 million jobs in the sector by 2030. Prof Meyer maintains it is necessary to be deliberate about the strategy because there is significant opportunity to revitalise rural areas.

Three main opportunities for job creation are highlighted in **Graph 1**:

- 350 000 potential jobs could be found in under-utilised or unproductive land reform projects other than jobs created by commercial producers.
- 200 000 jobs could emerge in the intensive commodities sector like irrigated, high value crops if markets and export opportunities exist.
- 326 000 jobs could be created within the agro-processing sector i.e. the multipliers within the agricultural sector.

Revitalising rural areas

This is a key focus of the NDP. Prof Meyer says BFAP is partnering with The Jobs Fund initiative and Grain SA Smallholder Development Programme to track funds and the impact of the programme on farmers and their enterprises.

One of the biggest challenges is historically data bases have been weak or non-existent and there has been no comprehensive agricultural census or land audit.

Grain SA and extension officers have partnered in an extensive field mapping exercise conducted over 3 000 fields. This massive effort will benefit the whole industry.

Prof Meyer maintains it has been possible to learn more about the condition of the lands, weed and pest management, crop conditions and land use patterns than ever before. A key message for policy makers: This initiative requires a long term commitment both by government and this industry.

Forewarned is forearmed

Dr Marinda Visser (manager: Grain Research and Policy Centre, Grain SA) highlighted the emerging challenge of trans-boundary diseases and pests like the fall army worm. The breadth and speed of the spread of the worm is of great concern and she predicts more similar issues, warning that we all need to sharpen up on bio-security, i.e. measures put in place at on-farm level to stop the spread of a disease or pest.

Surveillance of the fall army worm will be intensified so as to halt the spread and manage it where it is already in evidence. Dr Visser says another pest which will make the fall army worm threat seem 'like a walk in the park' is maize lethal necrosis disease which is already in East Africa and spreading fast.

She is confident that relevant research is in place to identify risks as well to determine the regions most likely to be affected. The approach is: Forewarned is forearmed.

At Grain SA, research and development is ongoing and focussed on the themes of crop improvement, crop protection, and climate change and conservation agriculture. Grain SA is actively involved in monitoring and initiating relevant research in the grain sector. The team is also involved in the refinement of cultivar evaluation trials based on priorities provided by producers.

There are memorandums of understanding in place with overseas collaborators, ensuring access to seed and latest technology. Furthermore, Grain SA is in constant collaboration with the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF) in writing policy documents and other regulatory aspects.


The various sources of funding streaming into this project show how partnerships can work towards realising government strategy and making a very real impact at grass roots level.

Value chains

Prof Meyer maintains it is important to understand the different value chains, as well as the diversity within each. He cited the example of the highly competitive poultry industry with a wide diversity of producers, e.g. small scale breeders selling live broilers in rural markets and large growers competing with the international market.

General perceptions say the small grower should be overwhelmed by the competition; however the data gathered, highlights that small scale poultry farmers, selling live broilers in rural markets, are able to profit. The analysis enhances understanding so as to develop rural areas more strategically and effectively.

The call is for more broad-based strategic level of information to inform policymakers and businesses.



Graph 1: Main opportunities for job creation.

The hundred year picture, 1900 to 2020

In the long term, real agricultural prices are declining for all commercial producers around the world. Productivity must be boosted for producers to stay in the game.

Production cost comparisons highlight the fact that South African producers are paying approximately \$10/ton more for inputs, e.g. higher fertiliser prices, which instantly puts local producers on the back foot when competing with countries like Argentina, Brazil, Ukraine and the US.

The benchmarking of value chains becomes important in order to highlight the area of competition from international markets. Although we have a free market, it is not always fair, so this is where calls for intervention become necessary.

Agro-processing

Soybean production has become a game changer since significant investment has been made into local crushing capacity. The value chains are highly competitive nonetheless good opportunity exists for soybean production in the next few years.

Trade routes

These must be monitored constantly, e.g. new export opportunities may arise where other countries experience drought and need to import maize and Zambia has become a surplus producer of maize to supply the Zimbabwean market.

Prof Meyer concluded:

- Nothing replaces consistent and focussed research and development. A universal trend is seeing a shift towards private sector investment, but governments are providing the catalyst investment.
- Partnerships must emerge between government, private sector and academics.
- Training and education must be promoted in partnership with educational institutions. It is important to recognise the process is slow and requires long term commitment and investment.
- Investment into building comprehensive databases which will inform strategic planning and ensure a co-ordinated action and implementation must continue.
- Critical investment into the country's water infrastructure and road, rail and ports need maintenance and expansion is essential.
- All of the above need a politically stable environment. ■

Exclusive Grain SA App for members

Dr Dirk Strydom (manager: Grain Economy and Marketing, Grain SA) explained to Congress members how to set-up their member exclusive Grain SA App.

With this app members get:

- Exclusive information,
- agricultural conditions,
- planting intentions,
- harvest progress, and
- rain data in their region and nationally.

To register go to app.grainsa.co.za and follow the steps.



▲ Prof Ferdi Meyer, Dr Marinda Visser and Dr Dirk Strydom discussed grain economics and the policy environment, benchmarking and the Grain SA App at Grain SA's Congress.

bereik nuwe hoogtes met 'n sterker stand

Bestuur optimale sonneblomstand met **CRUISER MAXX® Sunflower.**

- 1. Hoogs wateroplosbare insekdoder
- 2. Wye spektrum swambeheer
- 3. Vestig 'n gesonde saailing vir 'n sterk plant

CRUISER MAXX® Sunflower is 'n tenkmengsel van CRUISER® WHITE en CELEST® XL. APRON® XL kan bygevoeg word vir beheer van donsige skimmel.

CRUISER MAXX® Sunflower.
Die slim manier om te verseker jou sonneblom oes is 'n wenner.



LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.
APRON® XL bevat mefenoksam 350 g/l (Reg. nr. L6837, Wet nr. 36 van 1947). SKADELIK.
CELEST® XL bevat fludioksaniol 25 g/l en mefenoksam 10 g/l (Reg. nr. L6353, Wet nr. 36 van 1947).
CRUISER® White bevat tiametoksam 600 g/l (Reg. nr. L7546, Wet nr. 36 van 1947). VERSIGTIG.
APRON® XL, CELEST® XL & CRUISER® White is die geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy.
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000.

The grain policy environment

JENNY MATHEWS, SA Graan/Grain contributor

Ms Gerda van Dijk (Director of Directorate: International Trade) looked at the current trade in grains and products. Exports of South Africa's primary products like oats, wheat, maize and buckwheat were high until 2013, but we have seen a decline in export of primary products since then.

Anticipation is that there will be a significant increase after this year's bumper crop. There have been large imports which declined in 2014, but are increasing again largely attributable to weather conditions.

The export of processed products like flours and pastas has seen consistent growth. There has been a decline in imports, however Van Dijk says this is increasing again.

Global dynamics which currently influence trade

- The new Trump administration which has a more protectionist approach and has indicated intent to re-negotiate the North American Free Trade Agreement (NAFTA) (which includes Mexico, about which his views are well-known).
- The US has stepped out of the negotiations in the Trans-Pacific Partnership Agreement, which includes countries in the East and New Zealand. These all affect the multilateral trading system.
- Trump's protectionist view means challenges to any discussions on domestic support, especially if he is going to protect US producers and give them more support.
- Brexit will definitely influence trade with the UK moving out of the EU. This is significant since the UK is the biggest market for many South African commodities. We need to work very closely with the UK towards ensuring there is no distortion in the current trade between us.
- The slowing down in world economies, e.g. China.
- Van Dijk says it is her department's view that tariffs are playing a lesser role while the issues of sanitary and phyto-sanitary measures are increasing in importance, as are the technical barriers to trade and also the non-tariffs barriers which are increasingly in evidence world-wide, making it difficult for products to move across borders.
- The impact of the so-called Fourth Industrial Revolution.
- The growth in digital trade including the use of robots, which will influence job opportunities.

Multi-lateral trade rules and the WTO

The 1995 Marrakesh Agreement states that all products and all countries have means to protect themselves, e.g. rules against dumping, countervailing- and safeguard measures including a specific agricultural safeguard measure, which South Africa has not yet employed but is currently re-visiting. Van Dijk says the issue of domestic support needs to be more transparent and predictable.

In fact it needs to be done away with in order to level the playing fields where those producers receiving support are able to be more competitive than others not receiving support in the form of subsidies.

Van Dijk maintains there is ignorance about opportunities available through market access quotas which require that countries allow

“...there is ignorance about opportunities available through market access quotas which require that countries allow some products in...”

some products in while South Africa must also create opportunity for other countries to export to us.

Current negotiations

The on-going DOHA negotiations with 162 member countries (since 2001) have not reached agreement but milestone victories have been achieved, e.g. elimination of export subsidies, trade facilitation agreement, public stock holding for food security purposes and increased support to the cotton industry.

Regional trade agreements are increasingly more important, especially if we experience marginalisation internationally. African countries need to collaborate and have an 'African voice' in the multilateral trade arena.

South Africa no longer negotiates alone but within the South African Custom's Union (SACU) block. Regional value chains and value addition deserve attention to strengthen the region, thus all current negotiations are focussed on establishing a 'continental free trade area'.

Van Dijk described numerous trade agreements like the Economic Free Trade Association, the India Preferential Agreement, the SACU-MERCOSUR Preferential Trade Agreement and the US-Africa Growth and Opportunities Act (AGOA) where her department participates in policy formulation.

She also warned that the pressure on the South African poultry trade is not going to go away and believes South Africa and SACU need to examine their view on trade relations with the US.

Fokus steeds om tot diens van graanprodusente te wees

TOIT WESSELS, assistent-bestuurder: NAMPO en Bemarking, Graan SA

Graan SA het tydens die afgelope Kongres terugvoer aan lede oor die resultaat van die heffingsinkomste vir die 2016/2017-seisoen verskaf.

Mnr Andries Theron (uittredende visevoorsitter van Graan SA en voorsitter van die Bemarkingswerkgroep) het gesê dat alhoewel droogtoestande oor die land geheers het, die meeste produsente hul bydrae gelewer het en daar 'n ongelooflike positiwiteit onder produsente was. Die heffing vir die 2016/2017-jaar is ook in dié gees ontvang.

Die 2016/2017-oes het 'n normale tot onder-normale oes in die binneland opgelewer, teenoor baie goeie oeste in die hele Wes-Kaap. Die verhoging van die heffings in 2014 het verseker dat Graan SA se reserwes aangevul kon word om voorsiening te maak vir die tekorte wat moontlik kon realiseer.

Inkomste

Graan SA het 'n heffingsinkomste van R13,1 miljoen gerapporteer, wat skitterend is teenoor die begrote syfer van R8,5 miljoen. Hierdie inkomste bo begroting kan toegeskryf word aan harde werk deur die bemarkingspan, asook die positiewe gesindheid van ons lede.

Dié goeie inkomste het verseker dat daar slegs met 'n tekort van R700 000 afgesluit is – teenoor die begrote verlies van R4,7 miljoen. Theron het almal betrokke bedank vir hul aandeel in die kleiner verlies.

Agente

Die mark is konstant besig om te groei en met meer kopers wat die mark betree, bly die vordering van die heffing 'n groot uitdaging. Dit verg van Graan SA om vennootskappe met al die kopers en handelaars aan te gaan. Die agente het vanaf 46 verminder na 41, hoofsaaklik as gevolg van die samesmelting van maatskappye.

Theron het 'n woord van dank aan agente wat die invordering van die heffing deur hul kanale bewerkstellig, uitgespreek.

Ledetal

Graan SA se fokus is om lede van diens te wees. Die droogte het bygedra tot 'n klein afname in opbetaalde lede – van 2 745 tot die huidige 2 561. Die totale bydraende lede is effens minder as die vorige jaar, hoofsaaklik ook as gevolg van groter eenhede wat die kleiner eenhede oorneem.

Heffing

Graan SA Kongres het besluit om by die gedifferensieerde heffings op verskillende gewasse te bly. Die heffing is steeds in lyn met die gemiddelde prys van elke kommoditeit en werk uit op ongeveer 0,1% van die waarde per ton. **Tabel 1** toon die nuwe heffingsbedrag per kommoditeit, soos deur Kongres goedgekeur, effektief vanaf 8 Maart 2017.

Dankie

Graan SA is 'n produsente-organisasie en die heffingsinkomste is die hartklop van die instansie en verseker dat Graan SA sy werksaamhede kan voortsit. Theron het sy kommer uitgespreek dat die heffingsinkomste slegs 24% tot Graan SA se inkomste bydra. Hy het Kongres gewaarsku teen die gevare verbonde daaraan dat die organisasie te afhanklik raak van eksterne fondse.

Theron het ook sy dank teenoor lede uitgespreek vir die getroue bydrae wat hulle lewer en hul die nodige gerusstelling gegee dat die fokus steeds daarop is om graanprodusente in Suid-Afrika van diens te wees.

Kongres het Theron bedank vir sy onbaatsugtige diens oor die afgelope twaalf jaar en veral vir sy bydrae ten opsigte van die heffingsfonds. ■

TABEL 1: HEFFING OP GEWASSE.

GEWAS	HUIDIGE HEFFING	NUWE HEFFING
Mielies	R2,50	R2,70
Sojabone	R5,00	R5,40
Sonneblom	R5,00	R5,40
Sorghum	R2,50	R2,70
Grondbone	R10,00	R10,70
Koring	R3,00	R3,20
Kanola	R4,00	R4,30
Gars	R3,00	R3,20
Ander graan (nie gespesifiseer nie)	R3,00	R3,20

Alle bedrae sluit BTW uit

▼ **Andries Theron het sy dank teenoor lede uitgespreek vir die getroue bydrae wat hul lewer.**



The grain policy environment

Looking ahead

She urges that the marketing and promotion of South African products be prioritised, quality and standards need to be met and supply needs to be consistent. The constraints to our market

participation will probably be sanitary and phyto-sanitary measures and restricted market access because of tariffs. Van Dijk believes the grain industry deserves to be prioritised because of available export opportunities. ■

▲ Gerda van Dijk



▲ Dr Erhard Briedenhann



The global trade environment and South Africa

Dr Erhard Briedenhann (owner of MIDS) discussed some issues which influence trade in this industry:

- Political uncertainty affects everyone all around the world.
- Currency: R/USD and USD/ARS.
- Global weather patterns – influence price movements.
- Demand side – China has a huge influence.
- Supply and demand scenarios around the world influence prices. When stocks-to-use ratios are very high, prices will come down.
- Parities between the different commodities are monitored for an indicator in decision making as to which crops should be planted. For example, soybeans-to-maize is in healthy ratio and soybean production rather than maize will be encouraged by this.
- Tax structures – these are more of an issue globally rather than in South Africa, e.g. Argentina has had high export taxes on soybeans and soybean meal and quantitative restrictions on wheat and maize, but this is changing with the new government and their competitiveness against us will be significant in the future.
- Ease of doing business is hampered by bureaucratic influences with extensive documentation and paperwork, e.g. phyto-sanitary issues.
- Import duties can impact the trade environment with regard to the quantity and the uncertainty, since any unexpected change in duty has a dramatic impact.
- Logistics are a challenge. Both the ease of moving goods overland to ports and the efficiency levels are important for trade. These need maintenance and investment if we are to stay competitive. Other competitors, e.g. Brazil, have spent billions building ports to heighten the efficiency of exporting their product.
- Freight is always part of the trade equation. Durban harbour presents numerous challenges in this regard. We face competition from countries which are loading from the fields nearby directly into the vessels, which is more economic than moving produce from the grain-growing regions of South Africa to Durban.

A major concern in the poultry industry is the imports from the EU of 'bone-in' portions of chicken. It translates into 200 000 tons of chicken or 170 million chickens per year over the past three years.

Without intervention, loss of market into the sector is potentially as much as -490 000 tons of feed/year, -230 000 tons yellow maize consumed per year and -113 000 tons oilcake per year. If imports continue to increase, further huge losses including further job losses will be realised.

WEGBREEKSESSIES

sit koppe bymekaar oor aktuele sake in bedryf

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Ingrypende veranderings wat aan die rabattstelsel vir diesel beoog word, was een van die belangrikste besprekingspunte tydens wegbreeksessies op die afgelope Graan SA Kongres. Al die werkgroepe is ingelig dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) beoog om rabatte in die toekoms slegs toe te staan op diesel wat vir produksie gebruik word – en nie meer op totale diesilverbruik

op die plaas nie. (Sien volledige artikel hieroor op bladsy 47 van hierdie uitgawe). Droogtebestande kiemplasma het heelwat aandag by die Mieliesessie geniet, terwyl invoertariewe onder die loep gekom het by die Wintergraansessie. 'n Moontlike tertieme op produksie is by die Sojaboonsessie bespreek, terwyl plantsiektes by die Sonneblom- en Sorghumsessie aandag gekry het.

Wintergraan

Mnr Andries Theron (voorsitter: Wintergraanwerkgroep) het as voorsitter opgetree.

Omdraaistrategie

Die omdraaistrategie vorder goed, maar daar is nog verskeie uitdagings wat die mikpunte betref. By die onlangse onderhandelings is ooreengekom dat die bedryf die omdraaistrategie in klein pakkies en doelwitte gaan aanpak. Die eerste daarvan is natuurlik die teling- en tegnologieheffing wat produsente die geleentheid bied om nuwe kultivars te plant. Die tweede een is om die invoerprysdiskonto, prysbepaling van grade en graadgewaarborgde kontrakte te hersien. Dit is reeds verwys na die JSE Advieskomitee. Die volgende stap sal dan wees om te gaan kyk na die gradering van koring. Dr Dirk Strydom (bestuurder: Graanekononomie en Bemaking, Graan SA) het aangedui dat die heel belangrikste dryfveer moet wees om kultivars te kry wat opbrengs lewer, maar wat nog steeds mededingend met invoere kan wees.

Koring-voorteelprogram

Dr Marinda Visser (bestuurder: Grain Research and Policy Centre, Graan SA) het verduidelik dat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye in samewerking met Graan SA 'n ooreenkoms probeer bereik met die GRDC in Australië omdat hulle ons voor is wat navorsing in die koringbedryf betref. Daar word beoog om navorsing met hulle te deel en só toegang tot hul navorsing te verkry.

Dr Visser spreek waardering uit vir die Departement van Wetenskap en Tegnologie se befondsing vir wintergraanavorsing. Die

afgelope drie jaar is R8 miljoen van R13,8 miljoen reeds aan die Universiteit van Stellenbosch oorbetal. Die kiemplasma wat só ontsluit word, word tot voordeel van drie saadtelers, naamlik die LNR, Sensako en Pannar, beskikbaar gestel.

Koringinvoertarif

Dr Strydom noem dat Graan SA konstante werk gedoen het om aan die International Trade Administration Commission of South Africa (ITAC) die belangrikheid van beskermde invoere te verduidelik, maar dat wetlike implikasies uitdagings inhou. Daar was ook nog geen vordering met 'n aankondiging van 'n aanpassing op metodiek nie.

Produsente spreek hul kommer uit oor die feit dat hulle die skuld kry vir broodpryse en dit in werklikheid nie hul skuld is nie. Die voorsitter beklemtoon dat sou die koringtarief wegval, dit groot implikasies sal inhou vir die koringbedryf en dit produsente onder groot druk gaan plaas. Die produsente het ook sterk aangedui dat die fondse verkry vanaf die tariewe weer in die bedryf herinvesteer moet word in terme van navorsing en ontwikkeling.

Markinligting

In- en uitvoerrapportering

Dr Strydom gee terugvoer dat die in- en uitvoerrapportering ingedien is en dat die Nasionale Landboubeoordelingsraad (NLBR)



Wintergraanwegbreeksessie
▲ Andries Theron en dr Marinda Visser



ontvangs erken het. Teen die skryf van die artikel was dit reeds gepubliseer in die staatskoerant vir kommentaar.

Verwysingspunte

Dr Strydom verduidelik dat die liggingsdifferensiaal steeds 'n knelpunt is en dat ons opnuut daarna moet kyk. Die wegbreëksessie het saam besluit dat die liggingsdifferensiaal nie maklik verwyder gaan word nie, maar dat daar eerder gekyk moet word na die effektiwiteit van die differensiaal en seker gemaak word dat dit wel reg toegepas word. 'n Ondersoek moet ook gedoen word oor moontlike nuwe inligting en verwysingspunte. Dr Strydom het verder verduidelik dat daar reeds navrae deur Graan SA gedoen is vir addisionele

inligting, maar hulle wag tans vir goedkeuring vanaf die Mededingingskommissie.

In besprekingspunte later binne die groter Kongres het mnr Hennie Visser ook 'n voorlegging gedoen oor die koringbedryf en die probleme wat ervaar word binne die bedryf. Visser het dit duidelik gemaak dat die koringbedryf drastiese verandering nodig het anders gaan die produsente in die nabye toekoms nie kan produseer nie. Hy het 'n uitleg van die hele waardeketting gemaak en tot die slotsom gekom dat die waardeketting te lank is en dat die produsent te 'n klein deel uitmaak van die hele ketting. Visser het ook aangedui dat sy streek baie bekommerd is oor die volhoubaarheid van die koringprodusent.

Mielies

Mnr Jaco Minnaar (voorsitter: Mieliewerkgroep) het as voorsitter van die sessie opgetree.

Mieliewegbreëksessie

▼ Dr Dirk Strydom, Chris Schoonwinkel, Danie Minnaar en Jannie de Villiers



Markte

Mnr Jacob Shayi van die Marktoesig Regulerende Beleidseenheid by die JSE, gee agtergrond oor die wyse waarop die mark gemonitor word. Hy het die sessie ingelig oor optrede teen handelaars wat hulle skuldig maak aan markmanipulasie en oor die monitoring van posisiebeperkings en spekulatiewe posisies.

Die JSE migreer gedurende die vierde kwartaal van hierdie jaar na 'n nuwe stelsel, Millennium IT, wat deur die kontant-aandelemarkt gebruik word.

Mnr Dawid Zeelie van Streek 10 het versoek dat die saak van basisverhandeling meer aandag moet kry. Daar is vordering, maar steeds nie 'n bevredigende resultaat nie. Dit bly steeds 'n Graan SA mandaat.

In- en uitvoere

Dr Dirk Strydom noem dat die aansoek vir die rapportering van in- en uitvoere by die NLBR ingedien is.

Verwerkingsyfers

Die voorsitter meld dat verwerkingsyfers aangevra is en almal gewillig is om dit te verskaf. Dit is tans by die Mededingingskommissie. Dié inligting is belangrik om te bepaal waar die verbruikspunte is.

Commitment of traders report

Dr Strydom noem dat Graan SA aansoek gedoen het vir die "commitment of traders report". Die JSE het 'n voorlopige verslag opgestel. Die probleem met die verslag was dat daar aangedui moes word wie spekulant is en wie verskansers is. Die JSE kan dit nie vanuit 'n kliënt se perspektief reguleer nie.

Uitvoergeleenthede

Mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder) gee terugvoer oor potensiële uitvoermarkte en uitdagings wat daar bestaan met sekere lande soos Viëtnam, Spanje en Iran. Daar is nog heelwat geleenthede in die wêreld, maar pryse is baie mededingend.

Kultivarevaluasie/strookproewe

De Villiers meld dat wanneer daar na statistiese proewe gekyk word, dit belangrik bly om onafhanklike data te kry wat al die opbrengste met mekaar vergelyk.

Die kultivarevaluasieproewe word hoofsaaklik deur die LNR aangeplant. 'n Span is getaak om dié proewe te besoek om te bepaal wat die huidige stand van sake is.

Mnr Derek Mathews (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 5) stel voor dat Graan SA steeds die noodsaaklike navorsing in plek hou en uitbrei. Sy voorstel word deur die sessie aanvaar.

WEGBREEKSESSIES

Mielies

GMO-kommoditeitsklaring

De Villiers verduidelik dat handelaars en meulenaars in Desember 2015 'n aansoek ingedien het om GMO-witmielies van Amerika af in te voer. 'n Jaar later is wel goedkeuring gegee vir enkele invoere en witmielies is toe ingevoer – as 'n tydelike maatreël. Hierdie tydelike maatreël behoort hersien te word.

Navorsing

De Villiers noem dat dr Marinda Visser, 'n span navorsers en die Departement van Wetenskap en Tegnologie vergader het en daarna 'n versoek gerig het dat Suid-Afrika kiemplasma wat baie meer droogte- en hittebestand is – veral vir mielies – inbring.

Verlede jaar is die eerste kiemplasma vir mielies van Mexiko se CIMMYT die land ingebring met fondse wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie beskikbaar gestel is. Dit sal nou deel vorm van 'n verdere plaaslike navorsingsprogram om te selekteer watter tipe hitte- en droogtebestandheid reeds bestaan en wat-

ter dalk benut kan word. Die voorsitter stel dit duidelik dat daar nie in Suid-Afrika GMO-gebeurtenisse toegelaat kan word, wat nie uitgevoer kan word nie. Indien die korrekte droogte-geengevalle nie in Suid-Afrika geregistreer word nie, word die uitvoermarkte toegemaak.

Nuwe knelpunte

Verskeie sake word onder hierdie tema geopper en sal na Graan SA-werkgroepe verwys word:

- Dienslewering op die platteland.
- Inbring van *force majeure* op kontrakte.
- Spekulasie en verhandeling van fisiese mielies op Safex moet geskei word deur die skep van 'n aparte platform vir fisiese lewerings.
- Meulenaars se verwerkingsyfers moet weekliks gerapporteer word.
- Winsgewendheid en verhoogde opbrengste.

Sojabone

Mnr Ralf Küsel (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 14) het as voorsitter opgetree.

Produksie/Insette

Teling-en-tegnologieheffing

Mnr Corné Louw (senior ekonoom: Insette, Graan SA) het terugvoer gegee in terme van die vordering wat gemaak word met die implementering van 'n teling-en-tegnologieheffing vir sojabone. Daar word beoog om, tydens lewering van graan, op 'n statutêre wyse 'n tantiem te hef. Die model is soortgelyk aan dié een wat tans gebruik word om navorsingsheffings vir koring in te samel. Omdat daar met 'n statutêre heffing gewerk word, moet ten minste 20% van fondse vir ontwikkeling gaan.

Die heffingvoorstel vir sojabone beloop tans 1,2% van die sojaboonprys. Vir die eerste jaar is aansoek gedoen vir R65/ton (1,2% van

2015/2016-bemarkingseisoen se Safex-prys) terwyl vir 'n bedrag van R80/ton (1,2% van 2016/2017-bemarkingseisoen) vir die tweede jaar aansoek gedoen is. Die inisiatief sal tot gevolg hê dat tegnologie-eienaars nuwe tegnologie na Suid-Afrika bring binne die sojaboonbedryf. Die tegnologie is grootliks nodig om by die internasionale mededingers te hou, maar ook om produsente die geleentheid te bied om te kan diversifiseer en beter risikobestuur toe te pas. Die produsente het dit ondersteun en sien uit daarna om nuwe tegnologie te sien.

Grondgedraagde siektes

Dr Sandra Lamprecht van die LNR-PPRI het 'n voorlegging ge-
doen oor 'n projek wat sy en 'n kollega gedoen het waarin hulle



Sojaboonwegbreekessie
▲ Ralf Küsel en Corné Louw



Noq 'n meesterstuk...



AGSUN 8251
AGSUN 5278

AGSUN 5270
AGSUN 5264

plant in die kol, plant **agricol**
aan die groei

Potchefstroom 018 294 7470 | Pretoria 012 813 8079
Kimberley 053 841 0675 | www.agricol.co.za

VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.** Santam. Regte, egte versekering.



WEGBREEKSESSIES

Sojabone

grondgedraagde siektes wat sojabone beïnvloed, geïdentifiseer het. Dr Lamprecht het ook resultate gewys rakende sekere middels.

Kwaliteit van Rhizobium

Louw het die wegbreeksessie toegelig oor kwaliteit van Rhizobium. Hy noem dat hulle met die ondersoek by Dr Stoppies Staphorst (voorheen van die LNR-PPRI op Roodeplaat) uitgekome het, wat bevestig het dat WB74 die beste stam is om in Suid-Afrika te gebruik. Dr Staphorst het ook die Sonneblom- en Sojaboonwerkgroep van Graan SA besoek en 'n hele paar wenke oor Rhizobium aan die werkgroep verskaf.

Verder is daar ook bevestig dat 'n indikator op verpakkings slegs as 'n instrument gebruik kan word om te weet hoe die verpakking hanteer word, maar dit bevestig nie die kwaliteit daarvan nie.

Statutêre produkinligting

Hy lig die sessie in dat oliesadeprodukinligting vanaf April 2017 deur die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens (SAGIS) gepubliseer gaan word nadat goedkeuring vir die statutêre insameling daarvan einde verlede jaar verkry is. Hierdie stap word as 'n deurbraak in die deursigtigheid van inligting in die oliesadebedryf beskou.

Sonneblom en sorghum

Mnr Willem Groothof (voorsitter: Sorghumwerkgroep) het as voorsitter opgetree.

Rol van saailingsiektes

Dr Sandra Lamprecht het 'n voorlegging oor die rol van saailingsiektes in swak vestiging by sonneblom gedoen. Sy lig onder meer die verskil tussen behandelde en onbehandelde saad uit.

Haar grafieke toon dat die vlakke van patogeen-infestasië hoër by onbehandelde saad as by behandelde saad is en lê klem daarop dat produsente hul saad vir beter beheer teen saailingsiektes moet behandel.

Siektes op sonneblom

Me Petru Fourie (navorsingskoördineer en produksiekoste-analis, Graan SA) meld dat dié seisoen se natter klimaatsomstandighede ideaal is vir sonneblomsiektes en dat Graan SA twee navorsers van die Universiteit van Pretoria, prof Terry Aveling en dr Godfrey Kgatle,

genader het om meer inligting oor die kwessie aan produsente deur te gee.

Kultivarevaluasie

Fourie gee agtergrond oor die ontstaan van die strookproef-sorghumkultivarevaluasieprojek wat deur Graan SA hanteer word. Die doel van die projek is om die winsgewendheid en volhoubaarheid van sorghumproduksie te bevorder deur die aanpasbaarste kultivar vir elkeen van die produksiegebiede te identifiseer.

Omdraaistrategie van sorghum

Die voorsitter bespreek die huidige stand van die sorghumbedryf en meld dat 'n omdraaistrategie dringend nodig is om die bedryf te laat groei. Hy meld dat ondersoek ingestel moet word na die moontlikheid van 'n invoertarif om die plaaslike mark te beskerm.



Sonneblom- en sorghumwegbreeksessie
▲ Willem Groothof, Michelle Mokone en Petru Fourie



WEGBREEKSESSIES *Grondbone*

Mnr Frans Minnaar, wat sy uittrede as voorsitter van die Grondbone-spesialiswerkgroep aangekondig het, het die laaste keer as voorsitter van die sessie opgetree.

Grondboonmark

Dr Charl van der Merwe van Tiger Brands het 'n voorlegging oor verbruikersvoorkeure rakende olies en vette, asook die wisselende prystendense van verskeie voedselsoorte die afgelope paar jaar gegee. Die prys van grondboonbotter het nie so skerp gestyg as dié van ander vette en voedselsoorte nie. Hy stel in die vooruitsig dat verbruik van grondboonbotter kan toeneem namate verbruikers se inkomste styg en gesonder voedselsoorte oorweeg word.

Gradering

Mnr Neels Wegner, van die Uitvoerbeheerraad vir Bederfbare Produkte (PPECB), verduidelik die noodsaaklikheid van die gradering van grondbone weens die hoë voginhoud wat aflatoksienbesmetting veroorsaak. Grondbone moet 'n voginhoud van minder as 10% hê alvorens daar met gradering begin kan word. Wegner meld dat die natgraderingsnavorsingsprojek wat reeds deur die Oliesade Advieskomitee goedgekeur is, goed vorder. Daar word aanvaar dat 'n voginhoud van sowat 7% die geskikste is. Hy dui aan dat daar nou

ook gekyk word na bykomende vergoeding vir uitsonderlike gehalte produkte deur middel van byvoegings tot huidige graderings.

Produksie/Insette Kultivarevaluasie

Me Loureine Muller, van LNR-Graangewasse, gee agtergrondinligting oor die nasionale grondboon-kultivarevaluasieprojekte wat op die oomblik aan die gang is. Sy noem dat ingevoerde kultivars onder plaaslike omstandighede van 2012 tot 2016 getoets is om vas te stel hoe hierdie kultivars vaar. Dit word befonds deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT).

Grondboonprysmodel

Mnr Luan van der Walt (landbou-ekoonoom, Graan SA) verduidelik aan die vergadering die grondboonprysmodel wat by die Grondboonspesialiswerkgroep se vergadering in Februarie bespreek is. Aan die hand hiervan besluit die sessie dat hulle tevrede is met die voorstelle en dat die prysmodel 'n goeie verwysingsraamwerk vir produsente kan wees. ■



Grondboonwegbreesessie
▲ Luan van der Walt en Frans Minnaar



SILOWAREHOUSE
(PTY) LTD

**Silos, grain bunkers, bucket elevators,
augers, grain cleaners, chain-, pipe-,
belt conveyors and grain dryers**

**Feed bins and hopper bottom silos,
capacities 5 mt - 1,500 mt**

www.silowarehouse.co.za

E-mail: info@silowarehouse.co.za


Tel: 012 332 1469



Graan SA/Sasol fotokompetisie
– Shaun van der Vaart 2016

Graan SA se leierskorps

soos op 9 Maart 2017



Dagbestuur

- 1: Jaco Minnaar (voorsitter)
- 2: Derek Mathews (visevoorsitter)
- 3: Ramodisa Monaisa (visevoorsitter)
- 4: Anton Botha
- 5: Chris Schoonwinkel
- 6: Preline Swart
- 7: Richard Krige
- 8: Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder)

Hoofbestuur

STREEK 1

MARNUS BOTHMA

– 082 944 0447
Buhrmannsdrif,
Coetzersdam, Kameel,
Louwna, Madibogo,
Mafikeng, Mareetsane,
Piet Plessis, Setlagole,
Stella en Vryburg



NUUT

STREEK 2

JOZEPH DU PLESSIS

– 082 578 7616
Amalia, Migdol en
Schweizer-Reneke



STREEK 3

DEON BERGH

– 082 207 6019
Bloemhof, Christiana,
Hartswater, Jan Kemp-
dorp, Leeudoringstad,
Makwassie, Vaalharts,
Warrenton en
Wolmaransstad



STREEK 4

DANIE REICHEL

– 083 271 0124
Biesiesvlei, Groot-Marico,
Lichtenburg, Rooigrond,
Vermaas en Zeerust



STREEK 5

JANGEORGE PRETORIUS

– 076 308 2875
Barberspan, Delareyville
en Sannieshof



NUUT

STREEK 6

NIËL ROSSOUW

– 082 417 4810
Bospoort, Coligny,
Hartbeesfontein,
Klerksdorp, Orkney,
Ottosdal en Stilfontein



Graan SA se leierskorps

STREEK 7

SAREL HAASBROEK

– 082 454 7410
Carletonville, Derby, Fochville, Koster, Krugersdorp, Randfontein, Rysmierbult, Swartruggens, Syferbult, Tarlton, Ventersdorp en Westonaria



STREEK 8

JOSEPH SWANEPOEL

– 083 759 2373
Brits, Dwaalboom, Ellisras, Hammanskraal, Koedoeskop, Magaliesburg, Northam, Pretoria, Rustenburg en Thabazimbi



STREEK 9

KALLIE SCHOEMAN

– 082 388 1001
Balfour, Balmoral, Bronkhorstspuit, Cullinan, Delmas, Devon, Edenvale, Eloff, Greylingstad, Grootvlei, Heidelberg, Kempton Park, Kendal, Nigel, Ogies, Rayton, Springs en Sundra



STREEK 10

RYK PRETORIUS

– 082 853 8307
Amersfoort, Amsterdam, Badplaas, Barberton, Breyten, Carolina, Chrissiesmeer, Davel, Ermelo, Iswepe, Morgenzon, Perdekop, Volksrust en Wakkerstroom



STREEK 11

BART HARMSE

– 083 327 4172
Arnot, Belfast, Blinkpan, Hendrina, Kaapmuiden, Komatipoort, Laersdrif, Lydenburg, Machadodorp, Middelburg, Nelspruit, Ohrigstad, Steelpoort, Stoffberg, Waterval-Boven, Witbank, Witrivier en Wonderfontein



STREEK 12

RUDOLF FOURIE

– 082 388 1234
Bethal, Charl Cilliers, Kinross, Kriel, Leandra, Leslie, Platrand, Secunda, Standerton en Trichardt



STREEK 13

WILLEM GROOTHOF

– 082 938 9093
Alldays, Alma, Dendron, Groblersdal, Haenertsburg, Louis Trichardt, Marble Hall, Naboomspruit, Nylstroom, Pienaarsrivier, Pietersburg, Platrand, Potgietersrus, Radium, Roedtan, Settlers, Tuinplaas, Vaalwater en Warmbad



STREEK 14

RALF KÜSEL

– 082 944 0720
Bergville, Bloedrivier, Colenso, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Greytown, Harding, Kokstad, Kranskop, Ladysmith, Matatiele, Melmoth, Moorivier, New Hanover, Newcastle, Normandien, Paulpietersburg, Piet Retief, Pietermaritzburg, Sheepmoor, Underberg, Utrecht, Vryheid en Winterton



STREEK 15

EMILE DE KLERK

– 082 440 8300
Cornelia, Frankfort, Memel, Oranjeville, Tweeling, Villiers en Vrede



STREEK 16

JAAP VAN DER WESTHUIZEN

– 082 335 7990
Deneysville, Heilbron, Koppies, Meyerton, Parys, Sasolburg, Vanderbijlpark, Vereniging en Vredefort



NUUT

STREEK 17

THEO FERREIRA

– 082 775 7371
Aberfeldy, Bethlehem, Clarens, Daniëlsrus, Harrismith, Kestell, Paul Roux, Slabberts, Verkykerskop en Warden



STREEK 18

NEIL CLAASSEN

– 082 493 6295
Arlington, Lindley, Petrus Steyn en Reitz



STREEK 19

JACO BREYTENBACH

– 083 631 9559
Aliwal-Noord, Clocolan, Excelsior, Ficksburg, Fouriesburg, Hobhouse, Ladybrand, Marquard, Senekal, Smithfield, Thaba Nchu, Tweespruit en Verkeerdevlei



STREEK 20

ANTON BOTHA

– 083 274 1924
Bloemfontein, Boshof, Brandfort, Bultfontein, Dealesville, Dewetsdorp, Hertzogville, Reddersburg en Winburg



STREEK 21

CHRIS SCHOONWINKEL

– 082 492 7308
Hoopstad en Wesselsbron



Visie

Graan SA word deur sleutelrolspelers nasionaal en internasionaal erken as die graanprodusente se enigste en amptelike mondstuk en is vanweë sy bewese kundigheid en leiersrol in die graanbedryf, die toonaangewende voorsiener van bedryfstrategiese dienste aan die Suid-Afrikaanse graanprodusent.



Missie

Graan SA voorsien deur sy aktiwiteite bedryfstrategiese ondersteuning aan graanprodusente in Suid-Afrika ten einde volhoubare winsgewendheid te bevorder.

STREEK 22

WILLIE MARAIS

– 082 820 0722
Allanridge, Edenville,
Hennenman, Kroonstad,
Odendaalsrus, Steynsrus,
Theunissen, Ventersburg,
Virginia en Welkom



STREEK 23

COBUS VAN COLLER

– 082 561 6375
Potchefstroom,
Vierfontein en
Viljoenskroon



STREEK 24

DANIE MINNAAR

– 082 801 2288
Bothaville



NUUT

STREEK 25

GERHARD BRUWER

– 082 878 5422
Calvinia, Douglas,
Edenburg, Fauresmith,
Groblershoop, Hopetown,
Jacobsdal, Jagersfontein,
Kenhardt, Kimberley,
Koffiefontein, Luckhoff,
Petrusburg, Petrusville,
Philippolis, Prieska,
Springfontein, Trompsburg,
Upington en Vanderkloof



STREEK 26

ANDRÉ KIRSTEN

– 083 226 8749
Ceres, Clanwilliam,
Hopefield, Malmesbury,
Montagu, Piketberg,
Robertson, Vanrhynsdorp,
Vredenburg, Vredendal
en Worcester



STREEK 27

RICHARD KRIGE

– 082 316 3230
Bredasdorp, Caledon,
George, Heidelberg
Kaap, Knysna,
Mosselbaai,
Oudtshoorn,
Riversdal en
Swellendam



STREEK 28

RAMOSA PHOLO

– 082 434 1634
Lichtenburg en Taung



NUUT

STREEK 29

GIFT MAFULEKA

– 072 847 8402
Louwsburg, Nelspruit en
Dundee



STREEK 30

PRELINE SWART

– 072 903 6588
Kokstad, Maclear,
Mthatha en Paarl



NUUT

STREEK 31

ISRAEL MOTLHABANE


– 082 961 2208
Ladybrand



STREEK 32

VAKANT

Oos van die Breederivier



**Verteenwoordiger:
Landbou-ontwikkeling
VICTOR MNGOATO**
– 072 801 2350



**Gekoöpteer: Spesialis
verteenwoordiger vir
Wintergrane
ANDRIES THERON**
– 082 873 1350 ■

ERKENNING

aan bedryfsrolspelers gegee

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Graan SA gee jaarliks tydens Kongres erkenning aan spesifieke bedryfsrolspelers. Mnr Jaco Minnaar (voorsitter: Graan SA – links op foto's) het die toekennings aan die drie kandidate oorhandig.

- ▶ 1: Spesiale erkenning is vanjaar aan Johan van Onselen (Kolbe Advertising) gegee vir 'n uitnemende vennootskap met graanprodusente, sedert 1 Februarie 1979, met mylpale (advertensiebegrotings) wat elke maand bereik is.
- ▶ 2: Gerhard Scholtemeijer (voorsitter van die Proteïennavorsingstigting) is ook by wyse van 'n spesiale toekenning bedank vir sy lewenslange toewyding aan navorsing, ontwikkeling en die produksie van olie en proteïensade in Suid-Afrika.
- ▶ 3: Mart Willemsse (No-line Productions) het spesiale erkenning gekry vir haar toewyding aan die promovering van landbou se beeld en die verandering van persepsies met baanbreker oudiovisuele produkte. ■



Vennote bedank vir hul aandeel in ontwikkelende landbou

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE



▶ Graan SA het ook tydens Kongres erkenning aan sy vennote in Landbou-ontwikkeling gegee. Die sukses van die Graan SA-inisiatief om landbou-ontwikkelingstrukture met dié van sleutel-landbouerskaffers aan die regering se Jobs Fund-projek te koppel, het tot gevolg dat klein-skaalse boere genoeg mielies kan oes vir huishoudelike gebruik, voer en verkope. Preline Swart (voormalige visevoorsitter, Graan SA – voor links) en Andries Theron (uittredende visevoorsitter: Graan SA

– voor regs) het die toekennings oorhandig. Voor: Preline, Linda van der Merwe (Syngenta), Xavier Edziwa (Jobs Fund), Eugene Muller (Kynoch) en Andries. Agter: Jannie de Villiers (namens Sasol Trust), Ben Krog (SA Kalk & Gips) en Kobus Steenekamp (Monsanto). Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming was nie teenwoordig nie. ■

Trofeëwenners aangewys

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

- ▼ 1: Die media wat Kongres bywoon, het tradisioneel die beste spreker tydens die twee dae aangewys, maar met dié dat daar so 'n toename in deelname op *Twitter* is en twiets oor Kongres gedeel is, is vanjaar besluit om die trofee aan die persoon wie se twiet die meeste gehertwiet is, te oorhandig. Dr Dirk Strydom (bestuurder: Graaieconomie en Bemaking, Graan SA) het met sy twiet oor Graan SA se landbou-ontwikkelingsprogram met die louere weggestap. Johan Smit (besturende redakteur: *SA Graan/Grain*) het die trofee aan hom oorhandig. By hulle is Jaco Minnaar (voorsitter: Graan SA).
- ▼ 2: Die Redaksiekomitee stem elke jaar vir die beste artikel in die tydskrif en dié jaar word die prysgeld gedeel tussen Pietman Botha (gereelde *SA Graan/Grain* medewerker) en Sakkie Koster (Pioneer) vir hulle artikel "*Praktiese maniere om hierdie seisoen te oorleef*", wat in die Julie 2017-uitgawe verskyn het. Theo Ferreira (voorsitter: Redaksiekomitee) het die prysgeld aan Pietman (middel) gegee, terwyl Jaco Minnaar hom gelukwens. Sakkie kon ongelukkig nie die oorhandiging bywoon nie.
- ▼ 3: Dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA) het die Koster-skild vir die reeks oor bewaringslandbou in die *SA Graan/Grain* tydskrif ontvang. Vic Mouton (Koster) het die wisseltrofee aan hom oorhandig. By hulle is Jaco Minnaar. ■



JHB TRACTOR SPARES


Specialists in replacement parts for
FORD, FIAT, NEW HOLLAND
and MASSEY

Tel: (011) 615-6421/677-2100
 Fax: (011) 622-4311/616-5144
 Email: jhbtrac@icon.co.za
www.jhbtractorspares.co.za

Grain SA expresses its heartfelt thanks to these companies
who made Congress 2017 possible:

Graan SA spreek sy opregte dank uit teenoor hierdie maatskappye
wat Kongres 2017 moontlik gemaak het:

BIG 5/GROOT 5



GOLD/GOUD



BRONZE/BRONS



DONOR/DONATEUR



SUPPORTER/ONDERSTEUNER





Can adjuvants enhance glyphosate efficacy?

HESTIA NIENABER, ARC-Small Grain, Bethlehem

Glyphosate is a phosphonate and is used as a broad-spectrum, non-selective, systemic herbicide. Glyphosate has been on the market since 1974.

It acts by inhibiting the EPSPS enzyme, thus interfering with the synthesis of three of the plant's aromatic amino acids. Glyphosate is one of the most widely used herbicides in the world.

When glyphosate formulations are developed, certain adjuvants are added to the glyphosate product. Therefore, many glyphosate products contain all the necessary adjuvants when it is sold. Some glyphosate products may contain no adjuvant system, while other products contain only a limited amount of adjuvant. With products like these, additional adjuvants need to be added in the spray mixture.

In literature, glyphosate is known as a weak acid, meaning that glyphosate will partially dissociate in the spray water. Some of these dissociated herbicide molecules have a negative charge, which may bind with positively charged cations (calcium, magnesium, sodium or iron). When this happens, herbicide activity may be decreased.

Water containing high levels of these cations is known as hard water. Water hardness, therefore, is a measure of how much salt is present in the water. The harder the water, the higher the salt concentration. Many of the water sources used for herbicide application in South Africa contain high amounts of cations.

The addition of ammonium sulphate (AMS) to the spray tank can overcome many interactions with herbicides and cations. The ammonium cation attaches to the glyphosate molecule and prevents calcium, magnesium, sodium and/or iron from doing so. Calcium within plants can also reduce the efficacy of glyphosate. Ammonium sulphate can also assist in overcoming this interference by calcium.

Research

Ongoing research is being performed by ARC-Small Grain on the effect of water quality on herbicide efficacy and the effect that adjuvants have on this. Ammonium sulphate is classified as a salt adjuvant. Many products are believed to work wonders with glyphosate, but this is seldom true.

An experiment was conducted to determine the effect of seven ammonium sulphate formulations on glyphosate efficacy. The

ammonium sulphates were numbered from one to seven to be objective and non-biased towards the products. AMS1, AMS2 and AMS7 are products that are already registered and available on the market. The other AMS formulations are all formulations that were included to determine the effect they have on the efficacy of glyphosate. Three water types were used, i.e. distilled water, hard water (CaCl₂) and brackish water (NaHCO₃).

The only treatment in distilled water that showed a significant increase in percentage control, when compared to the control (72,05%), was the AMS1 treatment (91,11%). The AMS4 treatment showed severe antagonism (35,97%). The rest of the treatments did not differ significantly from one another.

In the CaCl₂ water, two treatments showed a significantly higher percentage control than the control (53,29%). These treatments were the AMS1 treatment (73,27%) and the AMS3 treatment (73,35%). AMS6 showed antagonism (43,56%) in the hard water. The rest of the treatments did not differ significantly from one another.


Five treatments showed significantly higher percentages than the control (52,68%). These treatments were AMS1 (91,17%), AMS2 (94,19%), AMS5 (80,13%), AMS6 (76,98%) and AMS7 (95,01%). No antagonism was observed in any treatment. The treatment that showed the lowest percentage control was AMS4 (57,56%), although this percentage was not significantly lower than the AMS3 treatment (68,36%).

Summary

According to the results, AMS1 is the best ammonium sulphate adjuvant, followed by AMS2. AMS3 showed constant control, as well as AMS5 and AMS7. According to the results, AMS6 showed antagonism in CaCl₂ water, which could make the use of this product risky. The ammonium sulphate adjuvant that showed the lowest levels of control was AMS4. Usage of this adjuvant is strongly discouraged.

The addition of the correct ammonium sulphate to the spray mixture can improve glyphosate efficacy significantly. It is therefore always important to read label instructions and follow the mixing guidelines. Poor choices will lead to poor glyphosate efficacy.

For more information, please contact Ms Hestia Nienaber at 058 307 3420 or deweth@arc.agric.za.



Graph 1: Comparing the effect of seven different AMS on the efficacy of glyphosate.

Grain SA/Sasol photo competition
– Riaan Potgieter 2014



GRAANMARK

-oorsig

– 15 April 2017

LUAN VAN DER WALT, landbou-ekonoom: Graan SA



Bemarkingsmoontlikhede vir die seisoen

Produksievooruitsigte vir die seisoen op hande lyk gunstig. Die goeie reën wat wyd oor die land se somersaaigebiede voorgekom het, was gunstig vir aanplantings en in die meeste gebiede is daar konsensus dat met die komende strooptyd van bogemiddelde tot selfs rekordoste geïhaal kan word.

Die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) het dit met 'n ongeloflike 13,918 miljoen ton-skatting vir die seisoen, bevestig. Die witmielieproduksie word op 8,313 miljoen ton geskat, terwyl dié van geelmielies op 5,606 miljoen ton geskat word.

Die groot oes wat verwag word, plaas pryse onder druk en die verwagting is dat Suid-Afrika weer vanjaar na 'n netto uitvoerder van mielies sal beweeg. Dit plaas die pryse onder geweldige druk en in baie gevalle bly die winsgewendheid van produsente maar steeds in die weegskaal – ten spyte van die verwagte goeie opbrengste. Dit is weer eens 'n bewys dat prysrisikobestuur deur middel van verskansing en/of ander maniere daarvan, soos byvoorbeeld diversifikasie, 'n kardinale rol in produsente se winsgewendheid speel.

Markomgewing vir die 2017/2018-bemarkingseisoen

Tabel 1 toon die geprojekteerde vraag-en-aanbodsyfers vir die 2017/2018-bemarkingseisoen. Dit is duidelik uit Tabel 1 dat die geskatte produksie vir die seisoen die vraag na mielies oorskry en dat die geprojekteerde uitvoere van mielies vir die seisoen groot hoeveelhede beloop.

Die tempo waarteen die uitvoere met die verloop van die seisoen gaan plaasvind, gaan grootliks bepaal hoe die pryse met die verloop van die seisoen gaan reageer. Indien die uitvoere teen 'n goeie tempo plaasvind, behoort die mark weer goeie ondersteuning later in die bemarkingsjaar te vind.


Grafiek 1 toon die pryse van beide wit- en geelmielies vir lewering in Julie 2017. Daar kan duidelik gesien word dat die pryse alreeds sterk onder druk gekom en nader aan die uitvoerpariteitsprys beweeg het – met die witmieliepryse wat al effens onder hierdie prysvlak inbeweeg het.

TABEL 1: GRAAN SA VRAAG-EN-AANBODPROJEKSIES VIR DIE 2017/2018-BEMARKINGSEISOEN.

BEMARKINGSJAAR	2017/2018* WITMIELIES	2017/2018* GEELMIELIES	2017/2018* TOTAAL MIELIES
Oppervlakte aangeplant (x 1 000 ha)	1 643	986	2 629
Opbrengs (t/ha)	5,06	5,69	5,30
NOK-produksieskatting (x 1 000 ton)	8 313	5 606	13 918
	('000 ton)	('000 ton)	('000 ton)
Kommersiële aanbod			
Openingsvoorraad	582	698	1 280
Kommersiële lewerings	8 153	5 196	13 349
Invoere	-	-	-
Totale kommersiële aanbod	8 735	5 894	14 629
Kommersiële vraag			
– Voedselmark	4 200	460	4 660
– Dierervoer	1 800	3 350	5 150
Kommersiële verbruik	6 000	3 810	9 810
Totale RSA kommersiële verbruik	6 152	4 000	10 152
Uitvoere	1 830	1 410	3 240
Totale kommersiële vraag	7 982	5 410	13 392
Eindvoorraad (30 April 2018)	753	483	1 236
Pyplyn benodig (1,5 maande)	750	476	1 226
Surplus bo pyplyn	3	7	10
Eindvoorraad as % van RSA-verbruik	12,24%	12,08%	12,17%

Bron: Graan SA

* Voorlopige vooruitskatting



Grafiek 1: In- en uitvoerpariteitspryse van wit- en geelmielies vir lewering in Julie 2017.

Bron: Graan SA

Die maontlike groot aanbod van mielies in die mark as gevolg van gunstige weersomstandighede en goeie aanplantings hierdie seisoen, sal veroorsaak dat groot hoeveelhede mielies in die komende seisoen uitgevoer sal moet word.

Die vraag wat egter ontstaan, is hoe lank die pryse teen uitvoerpariteitsvlakke gaan verhandel voor daar weer ondersteuning in die mark sal wees? Die tempo waarteen die uitvoere gaan plaasvind, gaan grootliks 'n rol hierin speel.

Bemarkingsopsies

Bemarking en prysrisikobestuur strek veel wyer as die verkoop van produkte aan kopers. Die bemarking van die produkte sluit prysrisikobestuur in, wat regdeur die jaar op verskillende maniere gedoen kan word. Verskansing, wat in kort eintlik maar net beskerming teen ongunstige prysbewegings is, kan op verskeie maniere regdeur die jaar geskied en kan dus suksesvol deur produsente aangewend word om hul risiko in terme van pryse te verminder en om voordeel te trek indien die pryse vir die produsent gunstig beweeg.

Hierdie verskansings kan aanlyn op die Safex-mark gedoen word deur middel van termyn- en/of opsiekontrakte. Die voorseisoenverskansing vind plaas tussen plant- en strooptyd (met ander woorde voor die mielies geoes word). Alternatiewelik kan produsente ook na strategieë kyk wat ná oestyd gebruik kan word om prysrisiko te bestuur – wat ook as bemarking en verskansing van mielies dien.

Na-oesbemarkingstrategieë sluit in die fisiese stoor van mielies tot wanneer die pryse weer ondersteuning vind en genoegsaam toegenem het, of alternatiewelik die verkoop van die mielies in die mark ná strooptyd en die gebruik van afgeleide instrumente op die Safex-mark vir bemarkingsdoeleindes en risikobestuur.

Die fisiese stoor van die mielies hou steeds 'n risiko wat die stoor-koste en rentes betref, in. Daar is ook nie kontantinvloei nie en daarom is dit belangrik om die kontantvloeiaspek te oorweeg.

Met die gebruik van afgeleide instrumente op die Safex-mark, soos byvoorbeeld 'n *call*-opsie (ook koopopsie genoem), kan die produsent steeds baat vind by 'n mark wat positief beweeg, terwyl sy risiko in die mark beperk is tot die premie wat betaal word met die koop van die *call*-opsie. Die produsent sal dus 'n kontantinvloei verseker terwyl hy steeds baat sal vind indien die mark hoër teen die opsie-veralldatum verhandel.



Grafiek 2: Seisoenale prysindekse van wit- en geelmielies.

Bron: Graan SA

Prystendense

Dit is algemeen bekend dat die pryse siklies beweeg en daarom moet produsente ook daarvolgens beplan.

Grafiek 2 toon die seisoenale prysindekse van wit- en geelmielies vanaf 1998 tot en met 2016. Die siklisiteit van die prystendense kan duidelik hierin gesien word en kritiese tye vir bemarkingstrategieë kan daardeur vasgestel word. Indien produsente nie aktiewe voorseisoenverskansing gedoen het nie en dus in die situasie sit waar pryse so laag soos nou is, sal hulle moet kyk na alternatiewe bemarkingstrategieë ten einde beter pryse te realiseer, maar ook om risiko te beperk.

Produsente kan dus die mielies tot en met Desember of Maart stoor, wanneer die pryse neig om weer goeie ondersteuning te vind. Alternatiewelik kan produsente oorweeg om mielies na strooptyd te verkoop en dan van die afgeleide instrumente op die Safex-mark gebruik maak vir bemarkings- en risikobestuurdoeleindes.

Die seisoenale prysindekse toon duidelik dat Desember en Maart goeie periodes is om te oorweeg en dat die waarskynlikheid redelik goed is dat die pryse in hierdie maande hoër as die gemiddeld van die seisoen behoort te verhandel.

Desember en Maart lyk daarom na goeie opsies om te oorweeg wanneer bemarkingsopsies oorweeg word. Produsente wat nie die fisiese mielies kan stoor nie, kan egter een van hierdie twee maande vir die gebruik van afgeleide instrumente op die Safex-mark oorweeg.

Ten slotte

Bemarking van grane speel 'n belangrike rol in produsente se winsgewendheid en die waarde van bemarking en verskansing moet daarom glad nie gering geskat word nie. Dit is noodsaaklik dat produsente goeie en ingeligte besluite met betrekking tot die bemarking en verskansing van grane neem.

Dit is belangrik dat produsente die verskillende beskikbare strategieë oorweeg en ook hoe dit gebruik kan word vir bemarkings- en risikobestuurdoeleindes. Dit is belangrik om 'n strategie te kies waarin die produsent se risiko beperk is, maar wat ook goed inpas by die bestuurstrukture van die plaas. ■



“Voermol het
uitstekende winterlekkie
- 'n mens kan dit in
jou vee sien”

Gerrit van Zyl

2011 Nasionale
Beesboer van die Jaar

As jy nie
**VOERMOL
PREMIX 450**
voer nie...

...kan dinge
agter uitgaan

Indien u dus ernstig is om
hierdie winter net die beste
te behaal in:

- liggaamsmassa en
algehele kondisie
van u kudde
- dragtigheid en
speenpersentasies

is daar net een keuse...
VOERMOL PREMIX 450

Aanbevole inname:
400 - 600 g per bees per dag



VOERMOL

**Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien**

50

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Voermol Premix 450, Regnr. V4676, (Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.
Vir meer inligting skakel 083 456 3636 of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za.



▲ Skandeer die QR-kode om die volledige besprekingsdokument wat die voorgestelde wysigings bevat, te verkry.

INSET

-oorsig



CORNÉ LOUW, senior ekonoom: Graan SA

Hersiening van die dieselmotorsubsidie

– Tesourie en SAID se voorstelle onder die loep

Die huidige dieselmotorsubsidie het reeds in die jaar 2000 in werking getree. In 2001 was die subsidie 42,1 c/liter, terwyl dit April 2017, op 283 c/liter staan (**Grafiek 1**).

Ten tye van implementering was die motivering vir die dieselmotorsubsidie om die bedryf te beskerm teen internasionale mededinging, asook om verligting vir pad-gerelateerde belastinge te bied vir verbruikers wat nie die pad gebruik nie. Soortgelyke brandstofbelastingsubsidies bestaan in lande met wie Suid-Afrika kompeteer.

Volgens die nasionale tesourie het die huidige dieselmotorsubsidie verskeie tegniese administratiewe en wetlike uitdagings wat tans problematies is. Die hoofadministratiewe uitdagings hou verband met die feit dat die dieselmotorsubsidie onder die BTW-stelsel hanteer word – logboek-voldoening en goedkeuring van primêre produksie-aktiwiteite. Dit het die tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) genoop om 'n hersiening van die huidige stelsel voor te stel.

Van die belangrikste wysigings wat aan die huidige stelsel voorgestel word, is:


- *Aktiwiteite wat kwalifiseer, sal beperk word tot suiwer primêre produksie. Daar word voorgestel dat alle vervoeraktiwiteite van die plaas af en enige verwerkingsaktiwiteite hoegenaamd, uitgesluit sal word. Volgens die aanbeveling moet, ideaal-gesproke, net aktiwiteite wat nodig is vir primêre produksie tot en met die oes van gewasse, kwalifiseer. Alle vervoeraktiwiteite buite die terrein, insluitend insette na die plaas of produkte na die mark toe en enige verwerkings, op die perseel of elders, sal uitgesluit word;*
- *verder word voorgestel dat kwalifiserende primêre produksie-aktiwiteite aan 'n fisiese punt gekoppel moet word waar sodanige bedrywighede sal plaasvind;*
- *persone wat kwalifiserende primêre produksie-aktiwiteite uitvoer kan terugbetaling vir diesel wat daarin gebruik word eis, op voorwaarde dat 'n behoorlike logboek gehou word wat aan die fisiese terrein waar sodanige kwalifiserende primêre produksie plaasvind, gekoppel word;*

- *eise sal slegs ten opsigte van dieselgebruik in die kwalifiserende primêre produksie-aktiwiteite toegelaat word en die 80:20-persentasietoekenning wat tans vir kwalifiserende terugbetalings vir landbou geld, sal dan wegvall. Dit wil sê produsente sal dan in die nuwe bedeling 100% van hul kwalifiserende gebruik kan eis;*
- *'n losstaande diesel terugbetalingsadministrasie, apart van die BTW-stelsel, word voorgestel. Die beperkings rondom beoogde begunstigdes wat nie op diesel terugbetalings kan aanspraak maak nie omdat hulle nie BTW-geregistreer is nie, sal dus wegvall.*

Graan SA en georganiseerde landbou is tans besig om die voorgestelde wysigings te bestudeer en sal ook kommentaar van individuele lede waardeur. Kommentaar moet SAID en die tesourie teen 15 Mei vanjaar bereik.

Vir interessantheid kan in **Tabel 1** gesien word wat die persentasie aandeel aan die dieselmotorsubsidie per sektor is.

In totaal is R8,8 miljard dieselmotorsubsidie in 2015/2016 geëis, terwyl eise in 2010/2011 net oor R1 miljard beloop het. ■



Grafiek 1: Dieselmotorsubsidie.

TABEL 1: PERSENTASIE-AANDEEL VAN DIE DIESELMOTORSUBSIDIE PER SEKTOR.

DIESELMOTORSUBSIDIE: %-AANDEEL	2010/2011	2011/2012	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016
Elektrisiteit	3%	13%	36%	53%	53%	60%
Landbou, Bosbou en Visserye	46%	39%	20%	18%	13%	11%
Mynbou en steengroewe	45%	42%	38%	24%	28%	24%
Spoorvrag	6%	6%	5%	5%	6%	4%
Ander	0%	0%	0%	0%	0%	1%
Totale kortings	100%	100%	100%	100%	100%	100%

Bron: SAID-data

Direkte plant-proewe in Suid-Afrika

– 'n oorsig oor vyf jaar

PIETMAN BOTHA, SA Graan/Grain medewerker

Na aanleiding van 'n ooreenkoms tussen Graan SA, verskeie Argentynse navorsingsinstansies en Suid-Afrikaanse insetverskaffers is direkte plant (*no till* in oesreste)-proewe op Manjoh Ranch by Nigel aangeplant.

Die proef met sy behandelings is op 'n perseel wat meer as 10 ha beslaan, aangeplant. Dit het bestaan uit 'n konvensionele gedeelte asook die direkte plant-gedeelte waar die gewasse in 0,5 m-rye geplant is. Wisselbougewasse is ook ingesluit en bestaan uit soja-bone en permanente aangeplante weiding.

In die direkte plant- en die konvensionele gedeelte is 'n enkelkop-pige, enkelstammige mieliekultivar teen verskillende plantestande aangeplant. Die rywydtes het ook gevarieer tussen 0,5 m-rye en 1 m-rye. Die sojaboonaanplantings het kultivars met verskillende groeilengtes en variërende plantestande ingesluit en is in 0,5 m-rye geplant.

Die mielies in die direkte plant-gedeeltes het 'n 40 000-, 60 000- en 80 000-plantestand beslaan. Dieselfde na-opkomsonkruid-doder-program is by alle gewasbehandelings toegepas. Wat bemesting betref, het die 80 000 mielieplantestandperseel hoër bemestings-pyle van veral stikstof ontvang.

Grondversteuring

Uit die staanspoor was daar heelwat verskille tussen die konvensionele stelsel en die direkte plant-stelsels. Grondversteuring is die eerste element wat in die proef waargeneem is. Die Argentynse planter het die grond beduidend min versteur en kon die oesreste weer bo-op die rytjie terugplaas. Die turbo-kouters waarmee die planter toegerus is, kon gemaklik deur die oesreste sny en die grond genoeg versteur sodat die saad op die regte diepte in die grond geplaas kon word. Wat ons verder opgeval het, is hoe gelyk die land was nadat dit met die Argentynse planters geplant is.

Dit was opmerklik hoe gelyk die gewasse wat met die Argentynse planters geplant is, opgekom het en dat die interplantspasiëring

presies was. By die proewe op Nigel het die mielies op dag agt reeds 97% opgekom.

Onkruidbeheer

Die hoë plantestand met die nouer rye was laatopkomende someronkruid se mosies. Die oorskaduwing was net te groot en die laat ontkiemende onkruid het die wind van voor gekry.

Tog het daar heelwat meer onkruid in die bewerkte gedeeltes opgekom – ongeag die onkruid-doder wat toegedien is. As gevolg van die hoër plantestand, was die oesreste direk na stroop beduidend meer en het dit veroorsaak dat die winteronkruid in die beter omstandighede kon gedy. Die beheer van sodanige winteronkruid moet tydig (as hul nog klein is) geskied, anders is dit bykans onbeheerbaar.

Groei van gewasse

Wat die groei van die gewasse betref, was daar ook duidelike verskille. Die gewasse in die direkte plant-gedeeltes het heelwat stadiger as die konvensionele gewasse gegroei. Tydens stroop was daar egter nie regtig verskille tussen die stelsels se planthoogte en die graanvog nie.

Tydens die wortelondersoeke was daar duidelike verskille tussen die stelsels. Die konvensionele stelsels se wortelverspreiding was oor die algemeen dieper as die direkte plant-stelsels.

Daar was by direkte plant 'n opmerklike groter konsentrasie van wortels in die boonste vrugbare gedeeltes van die grond as by die konvensionele stelsels. 'n Paar waarnemings het egter ons aandag getrek.

Waar die grond te nat was tydens plant – en veral waar die oesreste uiters dig was – het die planters se planterkouters die grond gesmeer en geen wortel het deur sodanige lae beweeg nie. Die gevolg was 'n groot aantal klein plante reg langs groot plante.

1 ▼ 1: Die planters kon deur die stoppel sny en die saad op die regte diepte plant.



Wortelontledings van veral sojabone en sonneblom het 'n interessante verskynsel openbaar: Indien die verandering in die grond van sagte na stywe grond te vinnig plaasgevind het, het die wortels presies op hierdie veranderings in die grond gedraai. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die planterkouters reg gestel word om hierdie probleem te oorkom.

Die turbo-kouter moet deur die eerste paar verdigtingslae, asook deur die stoppel, kan sny sodat daar 'n dieper voor is waarin die wortels kan ontwikkel. Die verwagting is dat die jong wortels van veral sonneblom en sojabone geneig sal wees om nie maklik te draai nie, maar dit wil voorkom asof dit nie die geval is nie. Heel moontlik moet die turbo-kouter vir hierdie gewasse eerder nie te diep werk nie.

Die belangrikste les wat hieruit geleer is, is dat as die grond te nat is, daar nie geplant moet word nie.

Oorskaduwing

Wat oorskaduwing betref, was daar ook 'n paar punte wat aandag getrek het. Die eerste was die hoeveelheid vog wat beskikbaar was vir die gewasse. Hoe hoër die oorskaduwing, hoe meer vog was vir die plante beskikbaar.

Daar word algemeen verwag dat dit heelwat warmer moet wees waar die plantestand hoër is. Die teendeel is egter waar: Hoe hoër die plantestand, hoe laer is die temperatuur op die grond. Dit is bevind nadat temperatuurmeters op die grondoppervlakte aange-

bring en die temperature aangeteken is. Die verskille het gevarieer, maar by die hoër plantestande was die temperatuur regdeur laer.

Die belangrikste waarneming was dat die resultate met die direkte plantstelsel betekenisvol is. Ten spyte van die uitdagende jaar was daar nog steeds goeie stroperresultate. Of die resultate volgehou kan word, bly 'n ope vraag, maar dat daar iets in steek, is gewis. Dat daar nog 'n klompie nuwe vrae en nuwe probleme sal wees, is 'n uitgemaakte saak en elke produsent sal sy bestuur moet opskerp om hierdie nuwe benadering baas te raak.

Kultivarverskille

Die prestasie van verskillende kultivars in die stelsel het ook merkbaar verskil. Sommige kultivars sal verseker nie in hierdie stelsel pas nie. Nog heelwat navorsing sal hieroor gedoen moet word.


Wingsgewendheid

Wingsgewendheid by so 'n drastiese verandering is krities. In hierdie vyf jaar is die koste van die stelsels bygehou en 'n volledige kosteberekening – wat beide veranderlike asook vaste koste insluit – kan gedoen word. In **Tabel 1** is 'n samevatting van die verskil in koste tussen die verskillende verbouingstelsels.


Hierdie inligting in ag genome, maak dit ekonomiese sin om hierdie direkte plant-stelsel te oorweeg. Die direkte koste vir die verskillende praktyke het tussen 93% en 127% van die konvensionele stelsels verskil.

TABEL 1: NETTO MARGE-ANALISE VIR MIELIES VIR DIE NIGEL DIREKTE PLANT-PROEF GEBASEER OP DIE KOSTE VIR DIE 2012/2013-PRODUKSIEJAAR.

	KONVENSIONELE SISTEEM TEEN 'N PLANTESTAND VAN	DIREKTE PLANT TEEN 'N PLANTE- STAND VAN	DIREKTE PLANT TEEN 'N PLANTE- STAND VAN	DIREKTE PLANT TEEN 'N PLANTE- STAND VAN
	40 000	40 000	60 000	80 000
Direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)				
Saad	100%	100%	150%	200%
Kunsmis	100%	100%	100%	105%
Kalk	100%	100%	100%	100%
Brandstof	100%	51%	51%	51%
Herstelwerk	100%	54%	54%	54%
Onkruidodders	100%	115%	115%	115%
Plaagdoder	100%	100%	100%	100%
Graanprysverskansing	100%	100%	100%	100%
Produksiekredietrente	100%	93%	103%	113%
Totale direk toedeelbare veranderlike koste (R/ha)	100%	93%	103%	127%
Totale oorhoofse koste (R/ha)	100%	53%	53%	53%
Totale koste per hektaar voor fisiese bemarking (R/ha)	100%	85%	93%	112%
Gelykbreek opbrengs wat nodig is teen 'n prys van R2 100/ton	100%	85%	93%	112%
Opbrengs (t/ha)	100%	129%	132%	130%
Bruto produksiewaarde (R/ha) teen 'n prys van R2 100	100%	129%	132%	130%
Marge per hektaar voor fisiese bemarking en wins (R/ha)	100%	193%	191%	156%



Grafiek 1: Die mielie-opbrengste vir die verskillende produksiestelsels.



Grafiek 2: Die sojaboonopbrengste vir die onderskeie produksiestelsels.

Direkte plant-proewe in Suid-Afrika

Die groot verskil in koste het egter by die vaste koste voorgekom, omdat die hoeveelheid trekkers en masjinerie benodig soveel minder is. Die waardevermindering en die vervanging van trekkers sal oor tyd 'n groot rol speel.

Dit is interessant dat die veranderlike koste tussen die stelsels – waar dieselfde plantestand toegepas en bemesting toegedien is – nie dramatiese van mekaar verskil nie. Diesel- en herstelkoste-besparings word bloot deur meer onkruidodder vervang.

Tog lyk dit of die direkte plant-stelsel ongeveer 7% goedkoper kan wees. Met dieselfde plantestand en bemesting kan die totale koste per hektaar 15% minder wees. Onthou net: As besluit word om oor te skakel, kan die druk op die kontantvloei vir die eerste vyf jaar verhoog word, omdat 'n groot gedeelte van die betaalde toerusting met nuwes vervang moet word. Beplan hierdie oorskakeling met sorg.

Die mielie- en sojaboonopbrengste vir die proefperseel word in **Grafiek 1** en **Grafiek 2** weergegee. Uit Grafiek 1 is dit duidelik dat die graanopbrengste op hierdie perseel noemenswaardig hoog was. Dit wil voorkom asof die 60 000-stand dalk oor tyd die beste gevaar het. Alhoewel die winsverskil tussen die 40 000 en 60 000 so naby was, is die gevoel dat die 60 000-stand dalk die beter keuse sal wees.

Die swamsiekte Sclerotinia het die sojaboonaanplantings beduidend benadeel en al die behandelings was ewe erg getref – soveel so dat die eerste jaar se data nie gebruik kon word nie. Dit wil

voorkom of die sojabone wat op die hoër plantestand vir mielies geplant was, se opbrengste dalk ook hoër was.


Maar dit daar gelaat. Direkte plant is die moeite werd om te ondersoek en sal verseker die toekoms van graanverbouing verander. Alles binne die totale verbouingspraktyk moet egter by mekaar inskakel.

As daar net iets uit die stelsel geneem word en in ander stelsels ingeskakel word, sal die resultate verskil en ander probleme sal oor tyd kop uitsteek. Die wegspring is krities in hierdie stelsel. Moenie dink dat waar daar reeds grondverdigting teenwoordig is, direkte plant met watter gewas ook al die probleem gaan oplos nie. Dieselfde geld ook vir lae pH of tekorte aan plantvoedingstowwe. Stel dit eers reg en begin dan met die stelsel.

Die rol van die medewerkers kan nie misgekyk word nie. Mnr Tony da Costa, sy oorlede pa, Manny, en die personeel van Manjoh Ranch het alles in hul vermoë gedoen om hierdie projek te laat slaag. Baie dankie vir julle werk.

'n Woord van dank word ook aan al die plaaslike insetverskaffers gerig. Pannar, Syngenta, MBFI en Omnia het die direkte insetkoste vir hierdie proef goedgunstiglik verskaf. Sonder hul hulp kan hierdie projekte nie bestaan nie.

Vir navrae kan Pietman Botha by 082 759 2991 of Tony da Costa by 083 254 1847 gekontak word.



◀ 2: Die verskillende behandelings is mooi uit die lug sigbaar. Die gedeelte heel links is die konvensionele gedeelte teen 40 000 plante/ha in 1 m-rye. Die tweede gedeelte is 40 000 direkte plant in 1 m-rye en dan is dit die 40 000 direkte plant in 50 cm-rye 60 000, direkte plant in 50 cm-rye en dan die 80 000 direkte plant in 50 cm-rye.



- ▲ 3: In die 80 000 direkte plantestand was die vog net onder die boggrond sigbaar. Dieselfde kon nie van die konvensionele gedeelte gesê word nie.
- ▶ 4: Dit is hoe dit in die 60 000 direkte plant-mielierye gelyk het. Geen onkruid was sigbaar nie, die mielieplante het enkelstamme gehad en elke plant het net een kop gehad.
- ▲ 5: Nico Barnard, Tony da Costa en Albert Viljoen bespreek die sojabone wat in die proef geplant is.
- ◀ 6: Die onkruid in die bewerkte gedeeltes was heelwat meer as in die onbewerkte grond. In die voorgrond kan die onkruid gesien word, terwyl die geenbewerkte gedeeltes (in die agtergrond) onkruidvry is. ■

Die produksie van 'n goeie gehalte kalf bekyk

DRS SHAUN MORRIS, EBEN DU PREEZ en PIERRE JANSEN VAN VUREN, S & E Feedlot Consulting

In die afgelope paar jaar word daar wêreldwyd al meer druk op die diereproduksiebedryf geplaas om hul gebruik van antimikrobiese middels (antibiotika) dramaties te verminder. Die reaksie is gegrond op die persepsie dat oorgebruik en misbruik van dié middels weerstandige organismes kweek, wat die sogenaamde *super bugs* teweegbring.

Hierdie verwickelinge het 'n groot impak op alle bedrywe, wat produsente gaan forseer om meer klem op die voorkoming van sieketoestande te lê, in plaas daarvan om diere gesond te spuit met alles wat hul moontlik in die hande kan kry.

Die beesbedryf gaan definitief daardeur geraak word, wat die produksie van "sterker" kalwers, as ons dit so kan stel, kan noodsaak. Baie faktore speel 'n rol as dit by siektevoorkoming kom. Dit gaan hand aan hand met die produksie van 'n gesogte kalf. Hierdie bestuursfaktore sluit onder andere in: Voeding, parasietbeheer, gesondheid, higiëne, genetica en voorkoming van siektes – wat die inenting van die diere kan insluit.

Oor die algemeen is die enigste bron van inkomste van 'n speenkalfboerdery die verkoop van kalwers. Dit is dus belangrik dat elke koei elke jaar 'n kalf produseer en dat die regte keuses gemaak moet word as dit by vervangingsverse kom.

'n Goeie kuddegondheidsprogram is van kardinale belang en is essensieel om 'n goeie, gesonde, sterk kalf te produseer. Enting van diere teen die belangrikste siektes is noodsaaklik – veral vir die koeie op strategiese tye voordat hulle kalf.

Aanbevole entings vir die koei sluit in:

Virussiektes

- Beesvirusdiarree (BVD)
- Aansteeklike beesrinotrageïtis (IBR) longontsteking
- Bees respiratoriese insintiale virus
- Paraïnfluensavirus
- Slenkdalkoors
- Knopvelsiekte
- Driedagstywesiekte

Bakteriële siektes

- *Mannheimia haemolytica*
- *Pasteurella multocida*
- *Histophilus somni*
- *Brucella abortis* (Brusellose)
- Sponssiekte
- Miltsiekte
- Lamsiekte
- Enige multiklostridiale produk
- Enige bakteriële siekte wat 'n probleem op die plaas is, byvoorbeeld *E. Coli*.

Indien rooiwater en galsiekte 'n probleem in jou area is, moet dit nie geïgnoreer word nie. Ongelukkig bestaan daar nie 'n generiese

kuddegondheidsprogram nie en elke kuddeprogram moet in samewerking met 'n veearts saamgestel word om die beste resultate vir jou spesifieke omstandighede en area te verkry.

'n Volledige, tydige, korrek-toegediende entingsprogram verseker hoë teenliggaamkonsentrasies in die kolostrum om passiewe immuniteit met geboorte na die kalf oor te dra. Dit gee aan hulle 'n beter kans op oorlewing en beter groei kan verwag word. Hierdie entstowwe moet verkieslik op drie maande-ouderdom herhaal word, wanneer die passiewe immuniteit van die kalwers begin daal en die kalf se eie immuunstelsel optimaal begin funksioneer. As die kalwers gespeen word, moet hulle weer geënt en ontworm word.

Aandag moet geskenk word aan die toediening van lewendige of geïnaktiveerde entstowwe (dooie entstowwe) – veral wanneer dragtige koeie geënt word. Sommige lewendige entstowwe kan aborties veroorsaak, wat ekonomiese verliese tot gevolg het.

Geïnaktiveerde (dooie) entstowwe

Dooie entstowwe moet vir dragtige teeldiere en kalfies wat nog suip, gebruik word. Op hierdie wyse word die kalf van geboorte af beskerm – mits kalwers genoeg (ongeveer 800 ml in vleisbeeste) kwaliteit kolostrum binne ses ure na geboorte inneem. Gebruik altyd die entstof soos deur die vervaardigers aanbeveel. Die eerste toediening met 'n dooie entstof moet altyd vier tot ses weke later met 'n skraagdosis opgevolg word.

Lewendige entstowwe

Lewendige entstowwe moet gebruik word in situasies waar 'n vinnige immuunsistemoënskapsreaksie verlang word. In voerkraalomstandighede is onmiddellike beskerming belangrik omdat die hoë bevolkingsdigtheid en die gevolglike siekteverspreiding dit vereis. Die diere is gestres en 'n vinnige, doeltreffende immuunsistemoënskapsreaksie is noodsaaklik, omdat beeste oor 'n kort tydperk aan hoë virusladinge in die omgewing blootgestel word. Lewende entstowwe behoort verkieslik nie vir beeste jonger as vier maande toegedien te word nie.

Interne parasiete soos rondewurms en lewerslak kom algemeen in beeste voor. Hierdie verskuilde parasiete veroorsaak swak produksie en kan selfs tot vrektes lei. Interne parasiete word op die veld opgetel soos die diere wei.

Tekens van groot wurmladinge is diarree, swak groei, boepens (*potbelly*)-voorkoms en swak of growwe haargroei. Ontworming moet strategies deur die jaar gedoen word om die wurmgeltalle onder beheer te hou. Kontak ook jou veearts om deur middel van misonster en ander metodes te besluit wanneer gedoseer moet word.

Optimale voedingsbestuur is natuurlik van uiterste belang om te verseker dat die bogemelde beginsels optimaal werk. Jy kan nie 'n ondervoede kalf of koei reg spuit of doseer nie. Al die belangrike voedingselemente is uiters belangrik vir 'n goeie funksionerende immuunstelsel en -reaksie.



Mikro- en makrominerale speel 'n groot rol as dit kom by die immuunstelsel en hoe die liggaam teenoor entings reageer. Ondervoede en gedehidreerde kalwers en koeie gaan swakker reageer op 'n entstof en swakke immuniteit maak hulle oor die algemeen meer vatbaar vir siektes.

Inspuitbare produkte is wel beskikbaar om hierdie mikro- en makro-elemente aan te vul as daar enige tekorte is.

Indien jy wel van bietjie byvoeding gebruik maak, kan jy altyd gebruik maak van 'n groeistimulant om die beste reaksie op voeding te kry om sodoende 'n groter, swaarder kalf te produseer.

Seranol-inplantate kan vanaf drie maande-ouderdom gebruik word en dit kan selfs vir vervangingsverse gebruik word om hul optimale dekmassa vroeër te bereik. Manlike diere wat vir teel-doeleindes bestem is, moet onder geen omstandighede hierdie implantaat ontvang nie.

Oorinplantate word verkies bo enige inspuitbare vorm van groeistimulante, aangesien die toediening van die produk (wat per abuis in die spier toegedien word) residu mag veroorsaak wat die eindverbruiker op die einde van die dag kan raak.

Genetika is 'n vakgebied op sy eie, maar speel net so 'n groot rol in die produksie van 'n goeie kalf. Dit kan groei en immuniteit beïnvloed. Swak genetica sal die kalf se kwaliteit en groei kan verlaag.

Behalwe vir verliese aan siek of dooie beeste, boet jy as produsent ook produksie in as hierdie riglyne nie gevolg word nie. Dit kan 'n man se sak ernstig raak as sub-standaardkalwers verkoop word.

Kalwers afkomstig uit 'n kudde met goeie gesondheid en bestuur is geneig om baie beter in byvoorbeeld 'n voerkraal te presteer. Die waarskynlikheid dat hulle siek sal word, is klein – wat beteken dat hulle optimaal kan groei. Dit kan beslis tot die produsent se voordeel wees wanneer die kalwers goed presteer. Sy kalwers sal dan gesog raak onder aankopers. Hoë kalfmortaliteite en siekte-uitbreke lei tot groot finansiële verliese, wat voorkom kan word.

Deur by hierdie riglyne te hou, kan ons definitief 'n verskil maak in die voorkoming van siektes. Dit sal ook die gebruik van antimikrobiese middels oor die algemeen verminder. Dit gaan ook die produsent se sak pas, want 'n gesonde, swaar kalf is meer werd as 'n klein, sieklike kalf. Dit is tog almal se doel: 'n Bietjie meer kontant in die sak op die einde van die dag.

Vir enige navrae, kontak drs Morris (082 411 6037), Du Preez (082 561 8689) of Jansen van Vuren (083 380 0717). ■

Screening bread wheat lines for drought tolerance

LEARNMORE MWADZINGENI and HUSSEIN SHIMELIS, University of KwaZulu-Natal and
DR TOI J TSILO, ARC-Small Grain

Wheat is an important food and cash crop globally. The crop is sensitive to drought and heat stresses, particularly during flowering and grain filling stages. Over the past decade wheat production and productivity in South Africa and most sub-Saharan African countries declined due to several production constraints, notably by increased recurrent droughts associated with global climate change (Botai *et al.*, 2016; Edossa *et al.*, 2014).

South Africa is the leading wheat producer in sub-Saharan Africa. In the country, a significant area devoted to wheat production is lost to other alternative crops due to drought stress. The country is increasingly reliant on wheat imports to sustain local demands for wheat, which is negatively affecting the wheat industry (DAFF, 2013).

The use of irrigation water for wheat production is expensive, unsustainable and unaffordable. Also, the availability of clean water for irrigation is critical. Other cultural practices such as mulching, fallowing and use of ground cover can be applied to preserve soil moisture. However, breeding for drought and heat tolerant cultivars remains the most complementary, sustainable, feasible and economic approach to drought management.

This enables development and deployment of new varieties with high water use efficiency that produce optimum yield under mar-

ginal rainfall conditions to sustainably support wheat growers. Adaptive characteristics selected from drought tolerant lines can be introgressed into popular local varieties which are susceptible to drought stress.

Breeding for drought tolerance requires dedicated research efforts and collaborations among growers: Local, regional and global governmental and NGO scientists. This allows sharing of genetic resources, research facilities and advanced technologies (Mwadzingeni *et al.*, 2016a).

Pre-breeding of wheat for drought tolerance

The research team of ARC-Small Grain in collaboration with the University of KwaZulu-Natal has initiated a drought tolerance pre-breeding programme. The programmes undertake worldwide collection and systematic characterisation of drought-tolerant germplasm that will be made available to breeders and other researchers in South Africa.

Under this initiative, a study was carried out to determine the level of drought tolerance among 88 diverse bread wheat genotypes introduced to South Africa from CIMMYT's heat and drought nurseries, using eight local checks.



1 and 2: Screening of drought and heat stress tolerant bread wheat genotypes at the Ukulinga research station of the University of KwaZulu-Natal.

The materials were evaluated under drought stressed and non-stressed conditions in two greenhouses and two field experiments during 2014/2015 and 2015/2016. Water stress was induced from 50% heading to physiological maturity (to mimic terminal drought) by withholding irrigation to 35% field capacity before re-watering.

A custom-made plastic mulch rain-out shelter system was used for field evaluation; eliminating the effects of untimely rainfall (Photo 1 and Photo 2). The initiative is financially supported by the NRF-Research and Technology Fund.

Brief findings of the study

The study selected twelve genotypes (Table 1) with high grain yield and favourable adaptive traits under drought stressed conditions useful for breeding. The yield performance of these genotypes under drought stressed conditions and their stress tolerance indices were above those of local checks evaluated in the study (Mwadzingeni *et al.*, 2016b).

The selected genetic resources were crossed and progeny tests were concluded. The selected parents and families of these

crosses will be evaluated and doubled haploid individuals will be extracted to develop pure line cultivars. These materials will be available to breeders. The preliminary outcome of this is made available in the scientific domain (Mwadzingeni *et al.*, 2016b).

For more information contact Mr Learnmore Mwadzingeni at mwadzingeni@ukzn.ac.za. ■



References

- Botai, CM, Botai, JO, Dlamini, LC, Zwane, NS, and Phaduli, E. 2016. *Characteristics of droughts in South Africa: A case study of Free State and North West Provinces*. Water. 8:439.
- Edossa, DC, Woyessa, YE, and Welderufael, WA. 2014. *Analysis of droughts in the central region of South Africa and their association with SST anomalies*. International Journal of Atmospheric Sciences. 2014: 1 - 8.
- Department of Agriculture, Forestry and Fisheries. 2013. *Trend in the Agricultural Sector*. DAFF, RSA, Pretoria, ISSN 1 025 - 5 028.
- Mwadzingeni, L, Shimelis, H, Dube, E, Laing, MD and Tsilo, TJ. 2016a. *Breeding wheat for drought tolerance: Progress and technologies*. Journal of Integrative Agriculture. 15:935 - 943.
- Mwadzingeni, L, Shimelis, H, Tesfay, S, and Tsilo, TJ. 2016b. *Screening of bread wheat genotypes for drought tolerance using phenotypic and proline analyses*. Front. Plant. Sci. 7:1 - 12.

TABLE 1: LIST OF DROUGHT TOLERANT WHEAT GENOTYPES SELECTED FOR BREEDING AND THEIR STRESS TOLERANCE INDICES.

NAME	PEDIGREE	SOURCE	STRESS TOLERANCE INDEX
LM02	JIANG 4/4/DUCULA	CIMMYT	0,76
LM04	ONIX/4/MILAN/KAUZ//PRINIA/3/BAV92	CIMMYT	0,86
LM05	ACHTAR/4/MILAN/KAUZ//PRINIA/3/BAV92	CIMMYT	0,89
LM09	SOKOLL*2/ROLF07	CIMMYT	0,84
LM13	SOKOLL/ROLF07	CIMMYT	0,55
LM17	ESDA/KKTS	CIMMYT	0,75
LM21	PRL/2*PASTOR	CIMMYT	0,82
LM22	MUNAL #1	CIMMYT	0,92
LM23	QUAIU	CIMMYT	1,07
LM29	PRL/2*PASTOR*2//SKAUZ/BAV92	CIMMYT	0,98
LM45	ROLF07/YANAC//TACUPETO F2001/BRAMBLING	CIMMYT	0,81
LM85	SW94.60002/4/KAUZ*2//DOVE/BUC/3/KAUZ/5/SW91-12331	CIMMYT	0,91

Produk-inligting

Versteekte waarheid

BEN KROG, bemakingsbestuurder: SA Kalk & Gips

Die spreekwoord lui: "As dit pap reën, moet jy skep." Die droogte is in die grootste deel van die somersaaigebiede, met ongekende goeie neerslae, gebreek. Oor die algemeen en in 'n wye gebied, lyk dit of die gesaaide baie goed gereageer het.

Hierdie seisoen is daar egter wel verswakte gewasreaksies in verskeie lande waargeneem. "Versuiping" oftewel etileen-toksiteit, kry maklik in bo-normale reënvaljare die skuld. Dit is nie altyd die geval nie. Die afgelope twee droë seisoene kan 'n belangrike voorloper wees vir die verswakte gewasreaksie.

Die hoofredes kan hoofsaaklik ondergronds gevind word:

- Fisiese verdigtingslaag (oneffektiewe primêre en sekondêre bewerkings).
- Chemiese verdigtingslaag (kan net bevestig word met spesifieke grondmonster in die sone waar die beperkte wortelgroei plaasgevind het) – oormaats van tekort aan sekere elemente – moenie 'n "suurbank" onderskat nie.
- Ondergrondse versuring (vry water-

stowwe) wat met diepte toeneem.

- Ontoereikende voorsiening (tyd, vorm, hoeveelheid en plasing) van plantbeskikbare voedingstowwe.

Tydens landinspeksies konsentreer ons te veel op vertikale bogrondse plantreaksies – tel die koppe, aantal rye per kop, aantal plante per lopende meter en neem foto's van hoe hoog en breed die gewasse vertoon.

Ons skep die volume groei van wortels binne die groeimedium, grond, af. Dalk té veel moeite om 'n gat te grawe? 'n Wonderwaarheid ontvou as jy in profielgate begin rondkrab. Soms maak die waarheid seer. Jy kan beplan om dit reg te stel. Moenie kortpaaie loop nie. Wortels moet die groeimedium, wat jy vir die gewas beskikbaar stel, optimaal benut.

'n Ernstige versoek word aan produsente gerig: Dit is nou die regte tyd. Grawe 'n paar profielgate in jou lande. Gaan kyk na jou wortelontwikkeling. Die plant se reaksie bogrond word bepaal deur wat onder die grond aangaan – die versteekte waarheid. ■



▲ Ondergrondse versuring. Foto: Thomas Strydom

SA KALK & GIPS LIME & GYPSUM



DIT ONDERSKEI ONS VAN DIE KONKURRENTE:

- **Toegang tot 'n wye verskeidenheid nasionale bronne** •
 - **Toegewyde persoonlike diensverskaffing** •
 - **Deurlopende kwaliteitkontrole** •

VERSKAFFERS VAN HOËGRAAD KWALITEIT PRODUKTE

Dolomitiese Landboukalk | Kalsitiese Landboukalk | Mikrofyn Kalke

Ongebluste Kalke | Gebluste Kalke | Industriële Kalke

Veevoerkalk | Padboukalk | Watersuiweringskalk | Fosfogips

Natuurlike Gips

TEL: 0860 103 515 • FAKS: 0860 103 516

EPOS: KALK@SAKG.CO.ZA

WWW.SAKG.CO.ZA

Jong produsente moet voortou neem

RUTH SCHULTZ, SA Graan/Grain medewerker

“Ke Nako! Dit is tyd vir die jonger generasie produsente om hul voete nat te kry deur ons land uit die dorre woestyn te lei oor die rivier (ten spyte van die gevare wat die water inhou) na die groener weivelde (die ware Suid-Afrika).”

Só het mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) vanjaar se dinamiese jong produsente, wat op 14 Februarie met die eerste fase van die Grain Academy-program afgeskop het, uitgedaag deur die voorbeeld van die Serengeti wildebeesmigrasie te gebruik om leierskap te verduidelik.

In vennootskap met die Universiteit van die Vrystaat se Besigheidskool en Graan SA is dié sakeleierskapsontwikkelingsprogram in 2013 bekend gestel as ‘n platform vir onderrig en interaksie, waar daar gefokus word op die uitdagings wat plaaslike voedselproduksie in die gesig staar. Vanjaar is daar 20 jong landboueiers wat die program, wat in drie fases opgedeel is, bywoon.

“Moenie hierdie as ‘n studiekursus sien nie – jy is nie ‘n student nie. Gebruik hierdie program om in jouself te investeer,” het De Villiers gesê.

Mnr Deon Barnard (adjunkdirekteur: Universiteit van die Vrystaat se Besigheidskool) het beaam wat De Villiers gesê het. “Die fondasie van hierdie program sal jou in jou persoonlike ontwikkeling ondersteun en sodoende sal jy die impak van die veranderinge in die eksterne omgewing kan antisipeer.”

Barnard het na David Brooks se boek getiteld *‘Road to Character’* verwys. “Brooks het ‘n lewenskarakterskets gedoen op agt groot persoonlikhede wat in die afgelope 300 jaar geleef het en hierdeur twee persoonlikhede geïdentifiseer, naamlik: Adam 1 en Adam 2.

“Vir Adam 1 gaan dit oor roem en die soeke na sy of haar eie belang. Dié tipe persoonlikheid is ook gewoon aan ‘n samelewing waar alles vinnig gebeur en maklik is. Daarteenoor is Adam 2 die persoon wat waarneem wat in sy omgewing gebeur en dié persoon maak ook ‘n verskil deur betekenis in sy/haar lewe te vind. Wanneer jy die doel in jou lewe vind, ondersteun dit jou om die belang van ander belangegroepes in jou omgewing te bevorder en sodoende sal jy ‘n nalatenskap agterlaat,” het hy verduidelik.

Luidens ‘n persverklaring het Syngenta hierdie jaar besluit om die fokus meer op leierskap te plaas, maar ook op innerlike vervulling en die positiewe impak wat dit op ‘n landbousaak het. “Hierdie program is daarop gemik om produsente met die nodige vaardighede toe te rus, wat volhardingsvermoë bou en wat hulle in staat sal stel om nie te swig onder die druk van wanhoop en onsekerheid (soos die droogte en kommandowurms) nie,” het mnr Antonie Delpont (besturende direkteur: Syngenta SA) gesê.

Vanjaar spog die program met vyf vroueprodusente. Vir meer inligting oor elkeen van die jong landboueiers, besoek gerus die Grain Academy-webtuiste by www.grainacademy.co.za. ■



- ▲ 1: Dr René Uys (fasiliteerder), links voor, saam met nege van die 2017 Grain Academy-kandidate: Shane Buchanan, Tudueto Mogotlong, Preline Swart, Sosie Matla, Steven Mathews en Harry van der Merwe (fasiliteerder). Agter: Ronald Niksch, Tommie Olckers, Jozua du Plessis en Thinus du Plessis.
- ▲ 2: Harry van der Merwe saam met die ander elf kandidate van die Grain Academy 2017-program: Lowane Mqala, Solomon Tshongweni, Brenda Tlhabane, Alfreda Mars, Samson Tauzeni, Petru Fourie en Hugo Vosloo. Agter: Dr René Uys (fasiliteerder), Ruan Lange, Wessel van Dyk, CP Scheepers en Barend Bornman.
- ▲ 3: Deel van die bekendstelling van die program vanjaar was die *#One-GrainAtATime*-veldtog, waar die media kospakkies met graanprodukte van Syngenta ontvang het om te gaan uitdeel aan die minderbevoorregtes, met die hoop dat dié goeie daad weer oorgedra sal word aan ander mense (*pay it forward*-beginsel). Die doel van hierdie veldtog was om produsente te bedank vir die kos wat hulle vir ons produseer. Ruth Schultz (Infoworks), Sindira Chetty (*Farmers Weekly*), Alzena Gomes (Graan SA) en Gerrit Bezuidenhout (*Landbouweekblad*) het elkeen ‘n kospakkie ontvang om te gaan uitdeel aan diegene in nood.

Seisoenale voorspelling vir die herfs en winter in Suid-Afrika

COBUS OLIVIER, wetenskaplike: Voorspellingsnavorsing, Suid-Afrikaanse Weerdiens

Die huidige seisoenale voorspelling strek vanaf Maart tot Julie 2017 en is in Februarie vanjaar uitgereik. Die volgende voorspelling, wat sal strek vanaf April tot Augustus 2017, sal teen die einde van Maart vanjaar beskikbaar wees.


Daar is twee belangrike aspekte van die huidige voorspelling waarop gefokus moet word, naamlik die El Niño Suidelike Ossiilasie (ENSO) en sy verwagte impak op die volgende somerseisoen (2017/2018), asook die herfs- en wintertoestande vir die winterreënvalgebiede.

Die ENSO is 'n groot interaksie tussen die Stille Oseaan en die atmosfeer, wat globale weerpatrone kan affekteer wanneer dit tussen spesifieke fases ossilleer. Vir Suid-Afrika kan dit die oorsaak van 'n

droër El Niño-fase, of natter La Niña-fase, oor die somerreënvalgebiede wees.

Dit is belangrik om in ag te neem dat ENSO nie 'n effek op die winterreënvalgebiede het nie, so daar word geen spesifieke impak op die herfs en winter vanaf hierdie stelsel verwag nie. Nietemin is daar op die oomblik 'n aanduiding dat daar dalk 'n El Niño-fase teen die tyd wanneer die volgende somerseisoen begin, verwag kan word.

Daar is egter groot onsekerheid wat die verwagtinge vanaf ENSO betref só ver vooruit, daarom stel ons voor dat die stelsel en sy voorspelling in die toekoms gevolg word en belangrike besluite eers geneem word wanneer daar meer sekerheid oor die stelsel is.



Figuur 1: Reënvalvoorspellings vir Suid-Afrika vanaf Maart tot Julie 2017 in die waarskynlikhede waarin 'n sekere kategorie kan voorkom. Die insetse illustreer die moontlikheid dat die Maart/April/Mei 2017-seisoen ver bo- of ondergemiddeld kan wees.



/ Let us pivot / your growth



- Buy now and pay your first instalment after your first harvest on any agricultural equipment financed through us.
- 10% Deposit and flexible terms and payments options on Tractors and Pivots.
- Offer valid from March – May 2017.
- Speak to your local Vehicle and Asset Finance Representative.

* To qualify for this offer, compliance with all Standard Bank credit criteria is required. Terms and conditions apply.

Standard Bank Moving Forward™

Authorised financial services and registered credit provider (NCRCP15).

The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06). Moving Forward is a trademark of The Standard Bank of South Africa Limited. SBSA 259304A – 2/17.



ONS SPESIALISEER REEDS VIR 20 JAAR IN GRAANBEMARKING

Bester graanafdeling bestuur die bemarking- en voorsieningsketting van graan, vanaf produksie tot verwerking, vir produsente en meulenaars in die menslike voedsel- en veevoersektor.

Wintergrane: Koring, Hawer, Gars, Canola, Korog en Lupiene asook Somergrane: Wit- en geelmielies, Sojabone en Sonneblomsaad.

Bester bied verskeie kontrakterings opsies vir beide silo lewering of plaaslaai bemarking van betrokke produkte:

- Opberging
- Verskansing strategieë
- Unieke Bester bemarkingsplan
- Ons hou ons kliënte ingelig oor markte en prysbewegings



Kontak een van ons spesialiste by
Tel: +27 (0)21 809 2500 | E-pos: info@bester.co.za



Graan SA/Sasol fotokompetisie
– Marina Pierneef 2012

Seisoenale voorspelling

Gewoonlik is daar teen Augustus beter inligting oor hoe die ENSO-stelsel Suid-Afrika se weerpatrone sal affekteer.


Die volgende belangrike fokuspunt vir die huidige seisoenale voorspelling is natuurlik die herfs- en winterklimaatsonstandighede.

In Suid-Afrika is dit net die suidelike en suidwestelike gedeeltes van die land wat noemenswaardige reënval kry, alhoewel temperatuur op 'n nasionale vlak belangrik is. In terme van temperatuur, word daar warmer toestande vir die grootste gedeelte van die land in die herfs- en winterperiode verwag.

Daar is 'n aanduiding dat die einde van herfs koeler kan wees vir die suidwestelike gedeeltes van Suid-Afrika, wat kan aandui op beter reënvalsyfers vir die winterreënvalstreke.

Wat die reënvalvoorspelling betref, word daar nie veel verwag vir die somereënvalgebiede nie, aangesien die seisoen vinnig tot 'n einde kom. Vir die winterreënvalgebiede toon die voorspellings optimistiese aanduidings vir die oostelike gedeeltes van die Wes-Kaap en westelike gedeeltes van die Oos-Kaap. Gepaard met die temperatuurvoorspellings is daar 'n aanduiding dat die winterreënvalgebiede geïsoleerde bo-normale reën in die laat herfs kan kry.

Dit is baie belangrik dat die onsekerheid van die bostaande verwagtinge beklemtoon word. Wintervoorspellings deur die huidige voorspellingstelsels bereik baie lae vaardigheidsvlakke oor die grootste gedeelte van Suid-Afrika. Voordat enige belangrike besluite geneem word, word produsente sterk aangeraai om die Suid-Afrikaanse Weerdiens te nader sodat die beste en nuutste inligting gebruik word. ■



Figuur 2: Temperatuurvoorspellings (minimum links, maksimum regs) vir Suid-Afrika vanaf Maart tot Julie 2017, in die waarskynlikhede waarin 'n sekere kategorie kan voorkom.



- ◀ 1: Verskeie rolspelers vanuit die koringbedryf het die Koring Indaba in Pretoria bygewoon. Van links is Paulina Madiba (Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium), Asanda Hewana (Mühlenchemie GmbH & Co.KG) en Geoff Penny (Kamer van Bakwese).
- ◀ 2: Saadmaatskappye het ook die Indaba bygewoon, waaronder Sensako, wat een van die groot rolspelers in die koringbedryf is. Van links is Roean Wessels, Ursula Bothma, Gerida de Groot en Stephan de Groot.
- ▶ 3: Verskeie landboumaatskappye vanuit die opbergingskant het die Indaba bygewoon. Van links is Carl du Toit (GWK), Leon Breet en FT Breedts (albei van NWK) en Petrus Boshoff (Suidwes).

Fokus op opbrengs om koringbedryf te laat herleef

RUTH SCHULTZ, SA *Graan/Grain* medewerker

Verskeie rolspelers in die koringbedryf wat Agbiz Grain se Koring Indaba bygewoon het wat op 17 en 22 Februarie onderskeidelik in Pretoria en op Elsenburg plaasgevind het, was dit eens dat indien daar nie nou iets gedoen gaan word om die sukkelende koringbedryf te help nie, die koringproduksie in die land groot skade gaan ly.

Kwaliteit versus opbrengs

Tans oorskadu die kwaliteitparameter van koring die opbrengs van koring tot so 'n mate dat dit 'n bedreiging vir die oorlewing van die plaaslike koringbedryf is. Een van dié bedryf se groot deurbrake was om 'n agentskap vir kultivar- en tegnologieontwikkeling (Sacta) te stig wat glo dat daar 'n gesonde balans tussen opbrengs en kwaliteit moet wees. Mnr Andries Theron, voormalige visevoorsitter van Graan SA en self ook 'n graanprodusent, meen daar is te veel in die verlede gekonsentreer op die kwaliteit van koring en te min op opbrengs. "n Produsent se inkomste word verkry deur opbrengs maal prys." Verder het hy gesê dat dit ongeveer twaalf jaar neem om 'n nuwe koringkultivar in die mark in te bring, maar dat dit teen 'n groot verlies geskied, omdat 70% van koring geplant word met teruggehoue saad. Volgens me Mariana Purnell van Agbiz Grain is daar 'n behoefte aan laer kwaliteit koring, omdat die kwaliteit van

invoere nie ooreenstem met die plaaslike kwaliteitparameters nie. "Die grootste vraag deur die meulenaars en bakkers is vir laer proteïenvlakke (B2 – 11% proteïen)."

Daar is ook tydens die Indaba bespreek om weg te doen met die R100/ton afslag vir buitelandse koring as dit op die JSE gelewer word. Daarmee saam wil die bedryf oorweeg om die prysverskille tussen koringgrade te verklein van tussen 4% en 8% na tussen 2% en 4% vir B1- en B2-koringsaad.

Koringtarief

Volgens dr John Purchase van Agbiz het die Internasionale Handelskommissie (ITAC) die koringinvoertarief hersien en aanbevelings is aan die Minister van Finansies gemaak. Die bedryf wag op dié aankondiging. Mnr Pieter Esterhuysen van Successions het na aanleiding van marktendense, 'n skatting gemaak dat die tarief tussen R700/ton en R800/ton gaan wees. Die hooffokus van die Indaba was om inligting oor die veranderinge wat nodig is om die koringbedryf om te keer, te verskaf sowel as die nuwe regulatoriese vereistes wat 'n impak op dié bedryf het. Vir die voorleggings van die ander Indaba-sprekers besoek gerus Agbiz Grain se webtuiste by www.agbizgrain.co.za. ■

Tribute to seed company's co-founder


PEET VAN DER WALT, advertising manager: Pannar

Mr Brian David Corbishley – co-founder and former owner of Pannar Seed – passed away on 7 January this year.

Born on 10 April 1937, he was part of the generation called the 'silent generation' – hard-working, family-oriented and mind-ing their own business. After completing his matric, Corbishley started his career as a packhouse manager on a citrus farm in Weenen in 1954, but shortly thereafter joined the late Mr Bill Wall on Oakleigh Farm near Greytown. Throughout his life, he often spoke of the need to feed billions of people and, realising the need to

develop quality maize seed, bought the majority shares in this fledgling operation, at the pricey sum of £300, with money he borrowed from his father. The company, originally known as Pioneer Seed Company, was officially registered on 27 May 1958.

Little did the 20-year-old Corbishley know that this company would one day become the biggest seed group in Africa and a respected role-player – not only in the South African agricultural sector, but also in the international seed market. The company grew steadily over the ensuing 20 years, continually expanding and adding to its processing, research, production and mar-



keting facilities across the grain-producing regions of the country. During the 1980s, the Pioneer Seed Company stepped up its activities in other southern African countries and expanded its footprint across many borders. Along the way, the company changed its name to Pannar and then, in 2013, was sold to Du Pont and Pannar (Pty) Ltd changed its name to Plennegy (Pty) Ltd.

He certainly left behind a great legacy. Tens of thousands of people owe their jobs and family security to the companies he created and Greytown is certainly blessed to have had him make it the centre of his business empire. ■

groeï slim

Kies AMISTAR TOP®

1. Help om die gewas se volle potensiaal te verwesenlik
2. Bied uitstekende sistemiese beheer
3. Beskerm nuwe groei

Die slim keuse vir jou boerdery.



LEES DIE ETIKET VAN ELKE PRODUK VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE. AMISTAR TOP® bevat asoksistrobien 200g/l en difenokanosool 125g/l (Reg Nr. L7897, Wet Nr 36 van 1947) VERSIGTIG. AMISTAR TOP® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groep Maatskappy. Syngenta Suid Afrika, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel (011) 541 4000 www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.





Aviator[®]
Xpro[™]

Die beste nou beter

- Kombinasie van twee sterk swamdoders met komplementerende metodes van werking
- Uitstekende beheer van sleutel-kleingraansiektes
- Gee opbrengs 'n hupstoot deur uitnemende siektebeheer en positiewe impak op plantfisiologie
- Spesifiek ontwerp vir anti-weerstandstrategie

Aviator[®] Xpro[™] Reg. Nr. L10089 (Wet Nr. 36 van 1947).
Aviator[®] Xpro[™] bevat Bixafen and Prothioconazole (Skadelik).
Aviator[®] Xpro[™] is 'n geregistreerde handelsmerke van Bayer AG, Duitsland.
Gebruik slegs volgens die etiketaanwysings.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa **Twitter:** @bayer4cropssa

**Vir meer inligting besoek ons webblad
by www.cropscience.bayer.co.za/www.bayer.co.za of laai die Bayer App af.**

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600, Tel: +27 11 921 5002



Science For A Better Life

03/2017

Nasionale kultivarevaluasievergadering weer gehou

DR ANNELIE BARNARD, LNR-Kleingraan, Bethlehem

Met dié dat koringproduksie swaar trek in Suid-Afrika, is LNR-Kleingraan se Nasionale Kultivarevaluasieprogram (NCEP) steeds een van die belangrikste programme in die koringbedryf. Hierdie program evalueer alle vrygestelde koringkultivars van al die saadmaatskappye op 'n objektiewe en wetenskaplike manier vir aanpasbaarheid, opbrengs en kwaliteit.

Koring is die gewas wat seker die wydste aanpassing besit en wat suksesvol verbou kan word van bo in die noorde tot onder in die suide van Suid-Afrika. Daarom word die NCEP nasionaal uitgevoer en is daar gedurende die 2016-seisoen sowat 92 proewe by 78 verteenwoordigende lokaliteite in die verskillende koringproduuserende gebiede van Suid-Afrika geplant.

Alhoewel LNR-Kleingraan die mandaat het om die NCEP in Suid-Afrika uit te voer, is die samewerking van ander instansies en rolspelers krities om 'n sukses hiervan te maak. In hierdie nasionale samewerkingsooreenkoms is die Departement van Landbou, Wes-Kaap getaak om te help met die plant en instandhouding van sekere proewe in die Wes-Kaap. Ander instansies, soos die Universiteit van die Vrystaat, die Universiteit van Stellenbosch en South African Barley Breeding Institute (SABBI) lewer ook 'n belangrike bydrae in die insameling en weergee van addisionele inligting aan die kleingraanbedryf.

Alle data wat ingesamel is, word voorgelê aan 'n komitee wat bestaan uit verteenwoordigers van LNR-Kleingraan, die Universiteite van die Vrystaat en Stellenbosch, South African National Seed Organisation (SANSOR), SABBI, die nasionale en onderskeie provinsiale Departemente van Landbou, saadmaatskappye (Sensako, Pannar en K2 Agri), Graan SA en ander rolspelers.

Hierdie komitee het op 8 Februarie vanjaar op Bethlehem bymekaargekom om die resultate te bespreek en aanbevelings vir die 2017-seisoen op te dateer. Die data word nou gebruik om aanbevelings aan produsente te maak om hulle in staat te stel om hul produksierisiko's tot die minimum te beperk en hul winste te verhoog.

Die keuse van watter kultivars om waar te plant, kan vergemaklik word wanneer langtermyn-wetenskaplike data bestudeer word. Hierdie data moet egter jaarliks hersien word.

LNR-Kleingraan publiseer ook jaarliks 'n kompakte produksiehandleiding waarin al die nuutste inligting en resultate saamgevat is. Die handleidings stel baie nuttige en duidelike riglyne waarbinne aanbevelings en produksiebesluite gemaak behoort te word.

Die produksiehandleiding bevat verder ook inligting ten opsigte van algemene produksiepraktyke, grondbewerkingsriglyne, plantvoeding, onkruid-, siekte- en insekbeheer. Die opbrengs- en kwaliteitsresultate wat die afgelope seisoen ingesamel is, word volledig in die produksiehandleidings gepubliseer.

Aangesien produksiepraktyke en kultivaraanbevelings van streek tot streek verskil, word daar twee afsonderlike handleidings gepubliseer, naamlik een vir die somerreënvalgebied waarin beide die droëland- en besproeiingsgebiede hanteer word en 'n aparte handleiding vir die winterreënvalgebiede.

Hierdie handleidings is in Afrikaans en in Engels beskikbaar en sal reeds teen die middel van Maart gratis aan produsente beskikbaar gestel word – danksy finansiële ondersteuning van die Wintergraantrust.

Die onderskeie produksiehandleidings is ook van ewe veel waarde vir ons nuwe toetredende produsente regoor Suid-Afrika.

Indien jy nie so 'n handleiding ontvang nie, kan jy vir mnr Willem Kilian (058 307 3498) of me Eveline Mofokeng (058 307 3400) kontak om jou kontakbesonderhede te verskaf.

Die handleidings sal ook, soos vorige jare, tydens die Graan SA NAMPO Oesdag van 16 tot 19 Mei by LNR-Kleingraan se stalletjie in die Microbial Solutions-saal beskikbaar wees. Kom besoek ons gerus tydens die Oesdag. ■



- 1: Kultivarevaluasieproewe in die somerreënvalstreek van Suid-Afrika.
- 2: Verteenwoordigers van die industrie wat die werkgroep bygewoon het. Voor: Gerhard Engelbrecht (K2 Agri), Cornel Bender (Universiteit van die Vrystaat), dr Toi Tsilo (LNR-Kleingraan), Mtileni Mhloti (READ), Joan Sadie (DAFF), Lebo Jack (Departement van Landbou, Noordwes Provinsie) en Daniël de Klerk (SABBI). Middel: Dr Willem Boshoff (Universiteit van die Vrystaat), Petru Fourie (Graan SA), dr Tarakegn Terefe (LNR-Kleingraan), Willem Kilian (LNR-Kleingraan), Eddie Goldshagg (SANSOR), Willem Botes (Universiteit van Stellenbosch) en André du Toit (Pannar). Agter: Stefan de Groot (Sensako), dr Willem Otto (Sensako), dr Zakkie Pretorius (Universiteit van die Vrystaat), dr Francois Koekemoer (Sensako), dr André Malan (LNR-Kleingraan) en Kobus van Huyssteen (SANSOR).



Learn more about COMPOSITION

SA GRAAN/GRAIN EDITORIAL STAFF

Composition, the act of composing the image in the viewfinder, is a visual process of organising the elements and individual details of a scene into a balanced and pleasing arrangement.

According to the website www.photographytips.com there is no right or wrong composition in photography. A composition that conveys a photographer's intended meaning is an effective one. A composition that doesn't convey it or that confuses the viewer is not.

A photograph that communicates its message – that says what you want it to say, says it clearly and that interests its viewer – is an effective composition.

How you arrange a scene's elements in your camera's viewfinder will not only determine the effectiveness of your picture's graphic design, but will also contribute to how well its message is conveyed.

There is more to good composition, though, than the placement of elements. Lighting, shutter speed, depth of field and other considerations contribute to a picture's mood and clarity of what the picture is saying – and therefore the effectiveness of its composition.

Rules of composition

Over time great photos showed patterns and trends in the organisation and inter-relationships of lines, shapes, forms and colours that were recognised to contribute to the effectiveness of the works. It was found that others could employ these patterns as techniques in improving their own works.

When they were defined, they became known as the rules of composition.

The ten top photography composition rules according to www.photographymad.com are:

- Rule of thirds
- Balancing elements
- Leading lines
- Symmetry and patterns
- Viewpoint

- Background
- Depth
- Framing
- Cropping
- Experimentation.



Source

www.photographytips.com
www.photographymad.com

Scan to read more about photography composition rules.



Marina Pierneef from Bapsfontein's photo 'Die ou plaashuis se venster maak 'n mooi raam' earned her a second place.



In third place is Ria van Wyk from Worcester with her photo 'Op ver paaie'. The photo was taken on a farm between Barrydale and Riversdale.

The previous winner: Emelde von Caues from Bloemfontein was selected as the winner and received R1 500 in cash in the February competition, for her photo of two guineafowl.



WINNING PHOTO FOR MARCH



▲ Congratulations to Tiani Claassen from Reitz whose photo 'Op 'n drafstap – ver in die Groot Karoo...' won her a cash prize of R1 500. ■



COMPETITION RULES

1. Only amateur photographers (in other words people who do not make a living from taking photos) may enter the competition.
2. Participants may enter a maximum of three photos (with varying subjects) per edition. If more than three photos are entered, the first three photos received will be considered for the competition.
3. Photographers may enter their photographs up until the deadline each month. Entries received after this date will be entered for the following month's competition.
4. A participant who is announced as a monthly winner may not enter the competition for the following three editions.
5. Photos that are entered must be unique and should not portray the same theme as photos entered for other competitions. Photos entered may not have been published previously.
6. Entries should portray the theme 'Farm nostalgia'.
7. Photographers must provide a caption for the photo as well as their postal address and telephone number/s.
8. People on the photos must be identified (provide a name and surname).
9. A panel consisting of two professional photographers, a representative of SA Graan/Grain as well as Sasol, will judge the photos each month.
10. Only emailed entries will be accepted. The photos must not be bigger than 10 MB each, must be JPG-format and not smaller than 15 cm x 20 cm. If photos are taken with a film camera, the photos must be scanned at a resolution of 300 dpi.
11. Digitally manipulated photos (that are changed digitally) will not be accepted. To crop a photo is, however, not considered as digital manipulation.
12. SA Graan/Grain reserves the right to reject photos that are blurry and/or do not adhere to the competition rules.
13. All entries become the property of Grain SA. The photos will be stored in a data bank and Grain SA and Sasol may use it for future promotions, marketing and publication purposes. By entering the competition, the entrant agrees to this and no third party claims for copyright violation may be submitted.
14. Employees of Sasol, Grain SA and Infoworks may not enter the competition.

CLOSING DATES:

MAY 2017: 4 MAY
JUNE 2017: 31 MAY

**Send photos to elmien@infoworks.biz.
Remember to include your name, contact details
and a caption for each photo with your entry.**



What makes you nostalgic? What makes you think back and miss the farm? An old rusting planter standing under a tree? The milk can of days long gone by? A small child feeding an orphan lamb? Maybe the veteran tractor that is still used to plough the field? Or maybe the old stone wall of a kraal or a farm gate? Or maybe a century-old farmhouse?

The theme for the 2017 Grain SA/Sasol photo competition is 'Farm nostalgia'. We are really looking forward to see our readers' interpretation of this unique theme.

PRIZE MONEY INCREASED

Come on, subscribe: Who knows, maybe you are one of the **monthly winners** who will win **R1 500** in cash or maybe you will be the one walking away with the grand prize of R15 000 at the end of the competition.

From January 2017 a winner will be selected by a panel of judges each month for twelve editions. The monthly winner walks away with a cash prize of R1 500 and the twelve finalists each comes into contention for the **R15 000 (winner)**, **R10 000 (runner-up)** and a **third prize of R5 000**. A big thank you to Sasol who sponsored the prize money again: R48 000 in total.

Goeie arbeidspraktyke en -verhoudinge in die kollig



Mense as strategiese hulpbron op die plaas

ISAK STAATS, hoofbestuurder: Wol en Sybokhaar, BKB

Wêreldwyd het die manier waarop besighede na mense kyk 'n klemverskuiwing ondergaan. 'n Mens sou graag wou glo dat hierdie verskuiwing te danke is aan die feit dat die wêreld 'n beter plek geword het, maar die waarheid is dat dit eerder ekonomiese druk is wat besig is om hierdie verandering af te dwing.

Werknemers het duur geraak – nie net om aan te stel nie, maar ook om op te lei en te versorg. Ons wêreld is ook besig om al hoe meer komplekse te raak; wat beteken dat, waar die skade van een verkeerde besluit van 'n werknemer in die verlede relatief beperk was, dit nou eksponensieel toegeneem het.

Die verandering in denke wat derhalwe plaasgevind het, is dat mense nie meer as 'n koste bestuur kan word nie, maar as 'n bate.

Nêrens is hierdie feit meer waar as in die landbousektor nie. Die trekkerdrywer wat vroeër 'n Ford 5000 bestuur het, se vermoë om skade aan te rig is beduidend minder as vandag se landbouvoertuigbestuurders wat honderde kW beheer. Voeg daarby 'n redelik-ge sofistikeerde rekenaarstelsel en die prentjie verander drasties.

Die vraag wat hieruit ontstaan, is of ons as landbouers aangepas het of sal kan aanpas by hierdie nuwe stel omstandighede?

Wie is ons menslike hulpbronne?

Enige persoon wat op die plaas aankom om advies of hulp aan te bied, sonder of teen vergoeding, behoort deel van 'n produsent se menslike hulpbronpakket te wees. Dit sluit, behalwe vir sy direkte werknemers, veral sy vrou en volwasse kinders in wat deel vorm van die boerdery.

Verder is betroubare bemarkers ook deel van hierdie span mense wat 'n bydrae moet lewer om van 'n komplekse onderneming soos 'n boerdery 'n sukses te maak.

Een van die uitstaande kenmerke van Suid-Afrikaanse produsente is dat hulle nie nodig het om alles van alles af te weet nie. Hulle het slegs nodig om te weet wie die mense is wat weet en wat nodig is om te weet.

Boerdery is uit die aard van die onderneming nie 'n besigheid waar besluite eers na 'n komitee verwys kan word nie. Besluite moet vinlig en effektief geneem kan word.

Dit beteken dat die grootste bate van enige plaas die produsent self is.

Alhoewel hierdie stelling vanselfsprekend klink, is die vraag hoe ons na ons bates kyk? Pas ons ons bates op? Maak ons seker dat ons bates in optimale kondisie is, sodat die mees moontlike fondse uit elke bate gegenereer kan word?

As mense dus 'n bate is en nie net 'n las nie, sal ons in die toekoms al hoe meer moet kyk na hoe ons maksimum opbrengs kan verdien uit die tyd wat ons by ons menslike hulpbronne koop.

Soos met enige bate, begin hierdie proses by die aankoop. Hoe stel ons mense aan? Die tyd dat ons maar aanstel wie by ons op die plaas aankom, is vir altyd verby. In die eerste plek het werkers te duur geraak en in die tweede plek het goeie mense skaarser geraak.

Maatskappye het lankal besef dat as jy goeie mense soek, jy hulle aktief sal moet werf. Die kern van die saak is dat jy soveel as moontlik mense wil hê wat aansoek doen, sodat die poel waaruit jy kan kies so groot as moontlik is.

Voordat iemand aangestel word, moet jy seker maak dat jy presies weet wat die kwaliteite is waarna jy soek. Jy moet weet watter tipe persoon op jou plaas gaan aanpas; iemand wat saam met die bestaande mense op jou plaas kan werk.

Die belangrike ding om hier te onthou, is dat as jy hier die verkeerde besluit geneem het, dit baie moeilik kan wees om so 'n besluit ongedaan te maak. Neem dus eerder tyd, dink oor jou besluit en luister na jou eie gevoelens.

Mensbestuur is 'n onderwerp waaroor daar al baie geskryf is en nog baie geskryf sal word. Daar is geen manier waarop hierdie hele onderwerp op 'n bladsy of twee gedek kan word nie, maar ek dink dat daar tog een of twee goed-nagevorste beginsels is wat ons kan toepas.

Die eerste beginsel van mensbestuur is dat ons net kan bestuur wat ons verstaan. Dit is dus belangrik dat ons 'n paar konsepte verstaan waarop die menslike brein werk.

Schotomas

Schotomas beteken blinde kol. Waarop dit neer kom, is dat ons breine gemaak is om inligting uit te sif in terme van relevansie en gevaar. Die praktiese gevolg hiervan is dat ons brein hom nie gaan onthou met onnodige inligting nie.

As ons alles om ons moes raaksien en registreer, sal ons dood-eenvoudig nie genoeg van hierdie inligting kon verwerk om 'n sinvolle besluit te neem, gebaseer op die duisende stukkies data wat deur ons sintuie waargeneem word nie.

Die implikasie hiervan vir ons as bestuurders is dat mense gelukkig geleer kan word om byvoorbeeld trekker te bestuur sonder dat hy nodig het om daarvoor te dink. Die negatiewe gevolg hiervan is dat die mense wat vir ons werk baie keer, letterlik nie kan sien wat ons sien nie.

Die gereelde baklei wat ek al baie op 'n plaas gehoor het, is: "Maar kan hy dan nie sien dat daar fout is nie?"

Die Bybel verwys na hierdie verskynsel as 'n "balk in die oog". Ek let dit die meeste op as ons na netheid verwys.

As jy in 'n omgewing grootgeword het waar rommel deel is van jou alledaagse bestaan, sien jy dit letterlik nie meer raak nie, want dit is nie relevant of gevaarlik nie.



Graan SA/Sasol fotokompetisie
– Tiani Classen 2014

Jy kan sien dat hierdie “verskillende manier van kyk na die wêreld” konflik kan veroorsaak. Die manier om *schotomas* te bestuur, is om in die eerste plek te weet dat daar so iets is. Prakties beteken dit dat jou manier van kyk na die wêreld nie noodwendig die enigste manier is waarop daar na die wêreld gekyk word nie.

Die probleem met blinde kolle is dat ons nie weet wat ons nie weet nie. Slegs as jy nederig genoeg is om te vra en te probeer verstaan, gaan jy bewus raak van jou eie blinde kolle.

Selfpraat

’n Mens praat gedurig met jouself – bewustelik of onbewustelik. Terwyl daar woorde by jou mond uitkom, gaan daar ’n reeks gedagtes deur jou onderbewuste waaruit jou brein van die wêreld om jou probeer sin maak, sodat jy daarop ’n gepaste reaksie kan lewer.

Ons reaksies hang af van ons lewensfilosofie, gewoontes en vorige ervarings. Die meeste van die tyd het ons nie eers nodig om te dink oor dít waaroor ons dink nie, want dit is ’n outomatiese proses. Een van die maniere waarop hierdie proses in ons “geprogrammeer” word, is dít wat ons vir onself oor onself en van die wêreld om ons sê.

Wat sê jy dus oor jouself? Ek het al baie interessante dinge gehoor wat mense van hulleself sê. Baie keer sê hul hierdie ding herhaaldelik van hulself en ander. Byvoorbeeld: “Jy weet mos, ek is maar ’n ou sukkelaar” of “Al die mense wat vir my werk, is lui.”

Of dikwels sê jy sonder om te dink vir jouself: “Dom idioot!” Die probleem hiermee is dat jou brein konstant op ’n onbewustelike vlak na jou woorde luister. Jou brein het geen manier om te onderskei of dit wat jy van jouself oor jouself sê, die waarheid is of nie. Op dié manier word jou woorde jou waarheid. Hierdie probleem kan bestuur word deur bewustelik te luister na wat jy van jouself sê. Hou op om sleg van jouself en jou mense te praat. Onthou: Jou brein luister.

Mensontwikkeling

Hoeveel tyd spandeer jy daaraan om terug te staan en te wonder of daar nie dalk ’n beter manier van doen is nie? Hier praat ek nou van die waardevolste persoon op jou plaas: Jy.

Onthou, jy is die grootste bate op jou plaas. Hanteer jouself met die respek wat enige waardevolle bate verdien.

Belê in jou eie kennis en vaardighede. Doen alles in jou vermoë om jouself en jou mense te bemagtig. Die eenvoudigste manier om dit te doen, is om soveel as wat jy kan, te lees. Vra konstant vrae. Kyk wat werk vir ander en leer by hulle. Jy en almal om jou gaan die vrugte daarvan pluk.

Uiteindelik is ons nie net eienaars nie, maar eerder rentmeesters van ons plase en die mense wat aan ons toevertrou is. Wees wys met hierdie bate.

Vir meer inligting, gesels met Isak Staats by isak.staats@bkb.co.za. ■

WIELE vir die plaas



GERRIE SMIT, lid van die SA Motorskrywersgilde

Nuwe Mitsubishi Triton nou 'n klasleier

met die splinternuwe Mitsubishi Triton-bakkie-reeks, wat in Januarie in Suid-Afrika vrygestel is, brul die Triton nou weer onder die grotes. Tot 'n paar jaar gelede sou dit vanselfsprekend wees dat 'n mens, as jy sou verwys na die "groot vyf" onder bakkies in Suid-Afrika, aan Mitsubishi se Triton, die Toyota Hilux, die Nissan Navara, die Ford Ranger en die Isuzu KB-reeks, sou dink. Veral met die koms van die nuwe geslag Ranger- en Hilux-bakkies, het die Triton wat vanaf 2007 met ons is, mettertyd so agter geraak dat 'n mens so half begin vergeet het dat hierdie eens bobaas-bakkie nog bestaan.

Die nuwe Triton-reeks is reeds in 2016 internasionaal geloods, maar as gevolg van die swak rand en ook omdat Mitsubishi SA gewag het vir die nuwe Mitsubishi dieselenjin, is dit eers in 2017 in Suid-Afrika vrygestel. Die nuwe Triton-reeks is die vyfde geslag van die Colt/Triton-reeks wat in 1995 vir die eerste keer in Suid-Afrika bekend gestel is.

Die gewag op die nuwe Tritons was die moeite werd, want die nuwe Mitsubishi 16-klep turbo-aangejaagde 2,4 liter-dieselenjin se drukverhouding en kraglewering is beter as enige ander soortgelyke grootte enjin beskikbaar in Suid-Afrika. Hierdie nuwe enjin word toegerus met 'n silinderkop van aluminium om gewig laag te hou.

Hierdie splinternuwe enjin het 'n drukverhouding van 15,5:1 – die beste in sy klas. Die enjin se maksimum-kraglewering en wringkrag is beter as ander van dieselfde grootte: Dit het 'n kraglewering van 133 kW teen 3 500 omwentelinge en 'n wringkrag van 430 nm, wat reeds vanaf 1 500 omwentelinge beskikbaar is. Dit is 'n verbetering van meer as 25% vergeleke met die enjin wat in die vorige reeks

gebruik is. Volgens Mitsubishi SA is die gemiddelde brandstofverbruik 7,6 liter per 100 km.

Vir die voornemende koper is daar 'n keuse tussen 'n vyfgang outomatiese en 'n sesgang-handratkas. Daar is ook 'n keuse tussen twee- of vierwielaandrywing met albei ratkaste. Albei ratkaste is ingrypend herontwerp; ratwisseling op die handratmodelle is gladder en daar is 'n handratfunksie vir die outomatiese modelle.

Diegene wat vierwielaandrywing kies, kry die nuwe weergawe van Mitsubishi se bekende Super Select II-stelsel. Hierdie stelsel is eie aan Mitsubishi en bied vier bestuurskeuses, wat deur middel van 'n elektroniese kontrole binne die kajuit verstel kan word. Hierdie veelfunksiekenmerk verseker volkome beheer in gladde of los oppervlaktes. Behalwe 'n laestrefunksie is daar ook 'n agterste ewenaarslot vir meer uitdaginge hindernisse.

Die buite-ontwerp word gekenmerk aan 'n opsigtelike sierrooster en kopligte wat in die modderskerms in vou. Daar is ook nuwe agterligte en die agterklap kan maklik met een hand oopgemaak word. Die Tritons het 17 duim allooiewiele.

Hierdie bakkie se wringkrag word in 'n 60:40-verhouding tussen die voorste en agterste aste versprei deur middel van 'n sentrale ewenaarslot, wat nie net verseker dat die Triton soos 'n ware sportnutsvoertuig op grondpaaie of gladde oppervlaktes hanteer nie, maar ook padhouvermoë aansienlik verbeter.

Die agterste veerstelsel is omvattend hersien en dra by tot 'n standvastige ritgehalte wat gewoonlik met 'n passasiersvoertuig of sportnutsvoertuig geassosieer word. Minimale bakrol sorg vir

▲ Die nuwe Mitsubishi Triton is toegerus met onder andere 'n nuwe liggewig-dieselenjin en 'n verbeterde veerstelsel vir 'n rit met minder geraas en meer padvastheid.



presiese hantering en kajuitgeraas word tot 'n minimum beperk deur middel van klankdempingsmateriaal in belangrike plekke in die voertuig. Die Triton se draaisirkel is 5,9 – die beste in sy klas. Dit maak dat hy so maklik is om te hanteer soos 'n middelslag-sedanmotor.

Die Triton se ergonomies-ontwerpte kajuit kombineer die gerief van 'n passasiersmotor met die praktiese eienskappe van 'n veel-doelige nutsvoertuig. Die ontwerp van die dubbelkajuit sorg vir binneruimte wat weer eens die beste in sy klas is – met oorgenoeg kop- en beenruimte, terwyl die wyer binneste hoek van die kantvensters vir bykomende skouerruimte sorg.

Die binne-ontwerp is heelwat beter as dié van die vorige reeks en die vlak van afwerking en gerief is dieselfde as dié van Mitsubishi se reeks sportnutsvoertuie – onder meer die Pajero. Dit is maklik om in en uit die voertuig te kom en die bestuursposisie verbeter sig vanuit die voertuig.

Daar is ook 'n nuwe paneelbord met 'n oppervlakte wat maklik is om skoon te maak. Die hele reeks kry 'n omvattende inligting- en vermaakstelsel met Bluetooth-verbinding en 'n USB-prop. Daarby is sleutellose toegang en 'n aansitknoppie standaardtoerusting. Onder die ander standaardkenmerke is 'n tru-kamera, klimaatbeheer en leerbekleedsel.

Die Triton se versterkte impak-veiligheidsewoluusie (*reinforced impact safety evolution* [RISE])-bakwerkkonstruksie beskik oor hoëspanningstaal om die integriteit van die kajuit te handhaaf. Die sitplekgordels trek styf in 'n ongeluk en dit maak dat die lugsakke doeltreffend werk. Sluitweerremme, elektroniese remverspreiding en vastrapbeheer verseker dat die bestuurder die voertuig in nood-situasies kan beheer.

Dit het vyf sterre in die Australiese weergawe van die NCAP-veiligheidstoets gekry. Die dubbelkajuitmodelle kry 'n nuwe aktiewe stabiliteits- en vastrapbeheer (ASTC)-stelsel, terwyl sluitweerremme met elektroniese remverspreiding standaardtoerusting is.

Die huidige dubbelkajuitreeks is gemik op die luukser marksegment. Teenoor sy kompeteerdere bied die Triton die beste rygehalte. Die Triton het sy beter padgedrag nie net aan sy ligter enjin te dankie nie, maar ook aan hersiene rolstawe, stywer voorste vere en aansienlik groter rubbermonterings wat die romp aan die leerraam onderstel heg.

'n Reeks dinamiese veiligheidstelsels soos ASTC-stelsel (aktiewe stabiliteits- en kloubeheer) wat die remme inspan en die enjinkrag aanpas om die voorgenome ryrigting in gladde toestande te behou, sluitwerende remme (ABS) en elektroniese remkragverdeling (EBD), sowel as opdraande-wegtrekhelp (HSA) is as standaardtoerusting in hierdie dubbelkajuit-weergawes ingesluit.

Al die 4x4-dubbelkajuite het 'n grondvryhoogte van 215 mm en ten spyte van sy inherente sportiewe sy-aansig pronk die Triton met 'n invalshoek van 28 grade – wat die beste in sy klas is.

Die pryse van die nuwe reeks wissel van R479 900 vir die 4x2-model met 'n handratkas tot R559 900 vir die 4x4-model met 'n outomatiese ratkas. Die hele reeks word gerugsteun deur 'n waarborg van drie jaar of 100 000 km en 'n diensplan van vyf jaar of 90 000 km is by die prys ingesluit.

Mitsubishi Triton 2.4 Di-D 4x2 (handrat) – R479 900
Mitsubishi Triton 2.4 Di-D 4x2 (outomaties) – R499 900
Mitsubishi Triton 2.4 Di-D 4x4 (handrat) – R539 900
Mitsubishi Triton 2.4 Di-D 4x4 (outomaties) – R559 900. ■

THE PROFIT CENTER

CONDITIONING:
Take advantage of early harvest premiums, reduce yield loss and save money by drying your own grain.



MATERIAL HANDLING:
Speed through unload and get back into the field with a gentle and efficient GSI bucket elevator.

STORAGE:
Increase marketing flexibility and capture your best price when the time is right.

Farming is never easy. It's even tougher when the market's more fussy than boom. Skip the line at the elevator and plan for profit with a complete grain system from GSI.

VISIT GSI.AFRICA.CO.ZA

**STORAGE
+ CONDITIONING
+ MATERIAL HANDLING
+ STRUCTURES**

**TURN YOUR OPERATION INTO
PROFIT CENTER**



124 Ridge Road, Laser Park,
Honeydew, Ext 15, Gauteng
P O Box 4012, Honeydew, 2040,
South Africa
Phone: +27 (011) 794 4455
Fax: +27 (011) 794 4515
Email: sales@gsiafrica.co.za
Website: www.gsiafrica.co.za

Die groot sit

Beste Grootneef

Soos Buurman verlede week vir Mevrou Dominee in die bad sê: Die wêreld is boos. Kyk nou net hoe die nuwe baas van PRASA verduidelik oor die verhoging van 350% wat hy aan homself toegeken het. Dis nou dieselfde besigheid wat laasjaar Spaanse treine bestel het wat nie pas nie.

Buurman sê die hogeres lyk altyd so hartseer as hul streke op die lappe kom. Nie omdat hul jammer is oor wat hul gedoen het nie, maar dat hul uitgang is. Want dan moet hul 'n ambassadeur of 'n LP word vir 'n kwart van die salaris wat hul voorheen vir hulself gereël het. Maar dis nou wat gebeur as jy van 'n grasbesem 'n vacuum cleaner wil maak.

Ou Neef, die weiveld in die Vrystaat is mooier as ooit. Vanjaar gee dit so 'n kykie van hoe die paradys voor die sondeval moes gelyk het. Wanneer jy met 'n bakkie deur die veld ry, voel dit kompleet asof jy met 'n boot deur die golwe van wuiwende rooigras gly. Vroegoggend al gaan lê die beeste en herkou, blink gevreet in die lang gras. Hoe het die wêreld nie in 'n paar maande verander nie – laasjaar die tyd was die ellende hoog, met noodvoer wat vir die winter ingery moes word. Net genade ou Neef, net genade.

Die nat weer het natuurlik ook sy bondel sports gehad; met party manne wat met trekkers deur die vleie en spruite moes dorp toe. Geen bakkie kon deur die hoogwater kom nie. Maar met die sak van die water terug tot in die natuurlike lope van vleie en spruite, wou algar gaan kyk tot waar die water opgestoot het. Die opdrifsels teen die drade en bome vertel mos 'n eie storie van hoe breed en wyd 'n spruit geloop het.

Dit was 'n Maandagoggend dat ons verneem het van Buurman se groot sit. Die spruit se geel potklei was so glad soos seep en sy Ford het van die wal tot in die sloot gegly. Gelukkig was daar 'n selfoonsein sodat hy hulp kon ontbied. 'n Gewone bakkie sou dit nie maak nie, maar Buurman laat weet dat ons sy ou Land Rover moet stuur om hom uit te sleep. Sô is ons terug tot by sy stoor om sy Landy aan die gang te kry. Dié kan enige pad ry.

Daar gekom, word die enjinkap behendig deur Amos oopgemaak en met 'n plank gestut om nie toe te val nie. Die waterwerke kry so 2 liter water gesluk en toe word die filter se deksel afgeskroef vir 'n doppie *kwik start* in elke keelgat af. Met die filter weer toe, draai Amos die sleutel in stille afwagting. Die

starter gee egter net so klak-geluid, maar met geen belofte van 'n vonk om lewe aan die ou kolos te gee nie.

En toe sak ek en Amos maar in skrumformasie teen die Engelse maaksel. Ek agter en Amos in flank posisie langs die Landy se deur. Op *crouch and engage* krap Amos die klip onder die voorwiel uit en toe stoot ons. Met 'n geknars het die Landy se wiele stadig begin rol. Toe die afdraande en swaartekrag oorvat, kon Amos vinnig inspring, die eerste rat instamp en die koppelaar los. Met 'n sidderende hoes is die *kwik start* tot in die Landy se binneste. En toe vat hy met 'n bol rook en 'n knal soos 'n 303. Al die hoenders op hol en die stoorkat teen die balke uit. Amos *ref* toe daai Landy dat die hele ding staan en sidder en beef soos 'n gelaide flossie op Grootfontein se aanloopbaan.

"Sy's nou reg," het Amos tevrede laat weet en is toe met die proesende Landy die werf uit om vir Buurman uit die spruit te sleep.

Ek dink toe by myself, die Engelse het ons waarlik gestraf met die klomp Landy's wat hul hier gelos het. Die voordeel van 'n ou Landy is weliswaar dat jy nie met 'n GPS hoef te sukkel nie. Jy ry sommer net op die oliestrep terug huis toe.

Ou Neef, groete op die Oosgrens! Maak solank daardie .30-06 skoon en soek die biltonghakies. Die winter is op ons.

Kleinneef



Lesers is welkom om 'n e-pos aan Kleinneef te stuur by kleinneef@graingrowers.co.za.

Reg begin is reeds gewin

PONCHO[®], die bekende mieliesaad-behandeling, span saam met 'n biologiese komponent, **VOTiVO**[™] (*Bacillus firmus*), wat die mieliesaailling-wortels teen sigbare en onsigbare vyande beskerm.

PONCHO[®] **VOTiVO**[™]

- Groei jou wortelgesondheid
- Verbeter jou plantestand
- Optimaliseer jou opbrengs

En beskerm sodoende jou volhoubaarheid!



PONCHO[®] **VOTiVO**[™] Reg Nr. L9250 (Wet Nr. 36 van 1947).
PONCHO[®] **VOTiVO**[™] bevat Clothianidin (chloro-nicotinyl) en *Bacillus firmus* (Versigtig).
PONCHO[®] **VOTiVO**[™] is 'n geregistreerde handelsmerk van Bayer AG, Duitsland.
Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa **Twitter:** @bayer4cropssa

**Vir meer inligting besoek ons webblad
by www.cropscience.bayer.co.za/www.bayer.co.za of laai die Bayer App af.**

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600, Tel: +27 11 921 5002



Science For A Better Life

03/2017

Silo Bag

Silo Bags International
(South Africa) Pty Ltd

THE BULK GRAIN STORAGE REVOLUTION.

Silo Bag:

Redefining the way commodities are stored, handled and traded globally.



AKRON GRAIN CART



AKRON BAGGER



AKRON DE-BAGGER



SELF-POWERED AND SELF-PROPELLED SILAGE BAGGING MACHINE

Wilhelm Grütter
+27 (83) 457 9372
wgrutter@silobag.co.za

Jan Dreyer
+27 (83) 279 3211
jd@silobag.com

19 Segootsane Street,
Tuscany Ridge
Potchefstroom
2520

Silo Bag

Silo Bags International
(South Africa) Pty Ltd



MARANELLO SILAGE BAGGING MACHINE